DIE VRYE AFRIKAAN
Um-Afrika oKhululekileyo | Vir Afrika se gemeenskappe | For Africa's communities | Pour les communautés de l'Afrique
www.vryeafrikaan.co.za 19 Augustus 2005

Waarom Zuma kan uitsak

AS 'N MENS DIE NAELBYTWEDLOOP OM THABO MBEKI AS LEIER VAN DIE ANC OP TE VOLG MET 'N MARATHON VERGELYK, HET JACOB ZUMA HEEL WAARSKYNLIK NOU DIE EERSTE-DERDE MERK VOOR DIE LEIERGROEP BEREIK.

Deur William Mervin Gumede*

Miskien sal Zuma se onwaarskynlike steungroep van kommuniste, kapitaliste, tradisionaliste en strydlustige jeug by beskouing van die politieke toneel voor hulle held se hofverskyning vir beweerde korrupsie ook heel waarskynlik tot die slotsom kom dat dinge volgens plan verloop. Zuma, die dagloner en Teflon-terugkeerknaap van ANC-politiek lewer 'n sterk vertoning, reken hulle blykbaar.

Slegs weke voor die aanvang van sy verhoor in die Pietermaritzburg Hooggeregshof, het die KwaZulu-Natal provinsiale leierskap van die ANC hulle steun vir Zuma se presidensiële kandidatuur aangekondig. In nog een van daardie swaartekragtartende politieke bollemakiesies het Mbeki se nouste bondgenoot tot dusver in dié provinsie, S'bu Ndebele, in 'n wanhopige poging om sy eie politieke loopbaan in KwaZulu-Natal te beveilig, homself onverwags as die hartstogtelikste van Zuma-aanhangers verklaar.

Zuma se strateë het hard aan Ndebele gewerk deur 'n mengsel van vermanings, intimidasie en beloftes van 'n patronaat onder 'n Zuma-presidensie te gebruik. Zuma was wanhopig om minstens sy tuisbasis te verseker. Sy idee is klaarblyklik om vanaf 'n beveiligde KwaZulu-Natalse basis sy volgende reeks politieke ekskursies te lanseer. Voorop onder dié sal staan om die meerderheid van die ander ANC-provinsies agter sy presidensiële bod te versamel.

Die Oos-Kaap sit stewig op sy radar. Dit was dan ook in Alice in die Oos-Kaap waar Zuma-ondersteuners verlede jaar planne gesmee het om Mbeki te verneder by die ANC se Nasionale Algemene Raadsvergadering in Junie te Pretoria. Kwazulu-Natal en die Oos-Kaap, wat 'n aansienlike deel van die ANC se kieskollege uitmaak, was eerste op sy lys. Ofskoon die Oos-Kaap miskien die mees gegriefde met die ANC-hoofkwartier is, staan nie almal daar in 'n ry om 'n Zuma- presidensiële kandidatuur te steun nie. Om die waarheid te sê, was daar die jongste tyd groeiende gevoelens in die Oos-Kaap, Wes-Kaap en Gauteng vir 'n kompromiskandidaat soos 'n Tokyo Sexwale, Cyril Ramaphosa, of Mosiuoa Lekota. Die Oos-Kaapse LUR vir Landbou, Gugile Mkwinti, het byvoorbeeld aan afgevaardigdes na Cosatu se provinsiale kongres daar in Julie gesê, "afgevaardigdes na die (ANC) nasionale kongres ken die ware ANC en sal die regte leiers kies soos hulle in 2000 Cyril Ramaphosa en Matthews Phosa tot die nasionale uitvoerende komitee herkies het."

Zuma-ondersteuners het die provinsiale leierskappe van die Noordelike Provinsie en Mpumalanga bearbei om soos KwaZulu-Natal met steun vir die ANC se adjunk-president na vore te kom. Die Wes-Kaap, Noord-Kaap en Vrystaat is harder neute om te kraak: hulle is almal verdeel in hulle steun vir Mbeki en Zuma. Onder die leierskap van Mbhzima Shilowa is Gauteng 'n onverwoesbare Mbeki-fort. Gauteng en die Noordelike Provinsie was die enigste twee provinsies wat onverbiddelik agter Mbeki gestaan het tydens die ANC se Nasionale Algemene Raadsvergadering.

Zuma probeer ook hard om soveel moontlik van die SAKP en Cosatu se provinsiale takke en affiliate agter sy veldtog te kry. Zuma gebruik inderwaarheid die huidige seisoen van Drieparty-alliansiekongresse om sy boodskap te versprei, naamlik dat die korrupsieklagtes – wat meer substansieel as die verkragtingsaanklag is – alles versin is om sy bod vir die presidensie te dwarsboom.

Hierbenewens het Zuma en sy strateë hard probeer om aan te toon dat sy verkragtingsverhoor ook 'n politieke sameswering was. Die deurlopende boodskap van die Zuma-kamp is dat die beweerde verkragtingslagoffer deur politieke opponente as instrument gebruik is hom te diskrediteer. Dít is ooglopend nie net baie sinies nie, maar toon ook min agting vir die trauma van die beweerde verkragtingslagoffer.

Dan werp Zuma se ondersteuners ook nog alles in die stryd om die korrupsieverhoor te probeer delegitimeer. As sodanig het baie van Zuma se ondersteunersgroepe daarop aangedring dat, omdat die

* *Skrywer van* Thabo Mbeki and the Battle for the Soul of the ANC *(Kaapstad: Zebra Press, 2004) en navorsingsgenoot by die Skool vir Openbare en Ontwikkelingsbestuur, Universiteit van die Witwatersrand. Hierdie artikel is 'n opsomming en bywerking van 'n seminaar oorspronklik gelewer op 30 Mei 2006 by St.Antony's College, Oxford*

staat einde Julie 'n aansoek sou indien om Zuma en die Franse wapenvervaardigingsmaatskappy se korrupsie-verhoor uit te stel, dit beteken dat die staat nie 'n sterk saak het nie en dat die klagtes teruggetrek moet word. Een provinsiale tak van Cosatu het selfs gevra om 'n staking as die saak nie spoedig verhoor word nie. Bowendien werk Zuma se strateë hard aan die choreografie van die feit dat hulle man oorweldigende steun op straat geniet. Vandaar die reeks gebeure georganiseer deur sy ondersteuningspan ten einde te verseker dat duisende mense opdaag op die trappe van die hof tydens elk van sy verskynings.

Deur dit alles te doen, is die strategie om aan te toon dat Zuma se presidensiële kandidatuur 'n "onstuitbare tsoenami" is soos Cosatu se Sekretaris-generaal, Zwelinzima Vavi, in 2004 beweer het. Sodoende sal alle potensiële uitdagers lugtig wees om selfs te oorweeg om die wedloop te betree, ingeval hulle deur die Zuma-gevaarte uit die pad gevee gaan word.

Sedert die verkragtingsverhoor probeer hy om aan te toon dat daar 'n sameswering is wat bestaan uit Mbeki, wit en swart kapitaliste en die swart en wit middelklasse – kortom, van die establishment – teen sy presidensie. ANC-lede is lief vir die beeld van die klein mensie teen die mag van die leierskap of vyandige 'establishment'. Terror Lekota het die nasionale voorsitter van die ANC geword op grond van juis sodanige sentiment. Om die waarheid te sê, is Zuma se ongehoorde lastersaak teen die media bedoel om te wys dat hy die establishment trompop loop.

Zuma dink sy grootste troefkaart is dat hy sy verhoor in 'n verhoor van die ANC kan omswaai. Om die waarheid te sê, het Zuma al dikwels gedreig om die korrupsiedetail wat ander ANC-leiers impliseer, te onthul – in die hoop dat minstens diegene wat waarskynlik geïmpliseer sal word, tot sy verdediging sal kom of dat die ANC-leierskap self sal ingryp om die verhoor stop te sit en sigself so van groot verleentheid te red. In sy hofaansoek het Zuma byvoorbeeld verklaar dat hy Mbeki na die sentrum van sy verdediging sou trek, terwyl hy beweer dat Mbeki "baie betrokke was by die wapentransaksieproses" en die sentrale figuur was wat met die verskillende rolspelers in die transaksie gehandel het – ofskoon hy toegegee het dat Mbeki nie self onbehoorlik in die proses opgetree het nie.

Tot dusver het Mbeki egter deur Zuma se blufspel gekyk en is hy vasberade dat, as die ANC dan op verhoor gaan, dit dan nou maar so moet wees as dit die beweging kan 'reinig'. Die sorgsame, gelyke en maatskaplik regverdige samelewing wat dit na dekades van stryd teen apartheid wou instel, is besig om te verander in 'n nagmerrie van waansinnige najaag van individuele verwerwing van rykdom, en ten alle koste 'te maai' met die armoede van jou naaste.

Baie ondersteuners van die ANC kan nie die ANC se ongevoelige houding teenoor byvoorbeeld Vigs verstaan nie, of partyleiers se aandrang daarop dat 'n basiese inkomstetoelaag "inpalming sal verhoog", of die afwysing van hoë misdaadkoerse as 'n versinsel van kermkouse. Dit terwyl baie senior ANC-leiers daarenteen nou danksy swart ekonomiese bemagtiging stinkryk is, die wit middelklas wat onder apartheid goed gevaar het nou nog beter vaar danksy vaardighede tydens apartheid verwerf, en baie ANC-leiers beskerm is teen maatskaplike euwels danksy hul gemaklike nuwe poste in die regering. Bowendien lyk dit dikwels of baie min ANC-leiers aktief daartoe verbind is om armoede, ongelykheid en werkloosheid te verminder buiten die mooi openbare retoriek en gemeenplase.

Dit alles bied vrugbare grond vir 'n gevestigde ANC-leier met populistiese retoriek om iets aan hierdie euwels te doen – iets waarvan Zuma deeglik bewus is. Daarom het Zuma die beeld van iemand in voeling met die sorge van die armes nougeset gekultiveer. Maar van die halfdosyn of wat potensiële ANC presidensiële kandidate is Zuma waarskynlik die kwesbaarste.

Om mee te begin, wys selfs 'n vlugtige oorsig oor sy eie rekord in regering en sy optrede in die openbaar sowel as privaat dat sy verbintenis tot die regstelling van Suid-Afrika se maatskaplike euwels papierdun is. Hy het sy pro-arme-boodskap opgeneem eers na hy deur Mbeki afgedank is. Voor dit was hy Mbeki se leidende ondersteuner en die luidrugtigste verdediger van die regerende ANC se rekord in regering. Zuma se ander swakhede is dat hy nie 'n rekord as bevoegde administrateur het nie, en hy sal ook nie in staat wees om die ANC of die nasie te verenig nie – twee vereistes wat dringend nodig is in 'n leier met presidensiële ambisies.

Die krisis waarin die ANC en Suid-Afrika hulle tans bevind, beteken dat die ANC deeglike selfondersoek oor sy sending, optrede, beleide, politieke rigting en waardestelsel sal moet ondergaan. ANC-strateë van links sowel as van die Mbeki-sentrum het nou almal tot die gevolgtrekking gekom dat dít dringend noodsaaklik is. Die ANC se linkervleuel het die oplossing foutief gediagnoseer as om die ANC terug te draai na die of daardie mistieke linkse wortels, soos wat hulle aanvoer Zuma se verkiesing sal doen. Mbeki en sy strateë soos Joel Netshitenzhe het 'n beroep om die "modernisering" van die ANC gedoen. Ofskoon albei groepe tot die korrekte insig gekom het, naamlik dat die ANC hom in 'n malaise bevind, het hulle op frustrerende wyse nie met die regte medisyne vir die siekte vorendag gekom nie.

Bowendien dreig die wedloop om 'n nuwe hoof vir die ANC te vind om die dringende soektog na 'n geneesmiddel vir die ANC se siekte eenkant toe te stoot.

Die ANC benodig sekerlik 'n nuwe kop en 'n gesonde liggaam. Nietemin – om nou dié metafoor verder te gebruik – weet Zuma heel waarskynlik dat daar gewis beter koppe as hyself is: meer bevoeg, in staat om breedweg meer vertroue in te boesem en meer verenigend as potensiële presidensiële kandidate op te tree. Om hiervoor te vergoed, was Zuma se strategie tot dusver om die wedloop vroeg teen 'n spoed te begin en seker te maak dat sy steunveldtog die luidrugtigste, uitbundigste en sigbaarste is. Die bedoeling is om enige potensiële mededinger te oortuig om nie eens die moeite te doen om die wedloop te betree nie omdat dit lyk asof hy – Zuma – sulke "oorweldigende steun" het.

Zuma se ondersteuners probeer hard om die verkiesing van die ANC-president vanaf sy 2007-

datum te vervroeg ten einde dit agter die rug te kry voor Zuma deur meer teëspoed getref word. As die verkragtingsverhoor Zuma se openbare beeld verrinneweer het, sal onthullings wat waarskynlik uit die korrupsieverhoor na vore sal kom stellig nog skadeliker wees – en moeiliker om af te maak. Dit is geen wonder nie dat Zuma se ondersteuners hard probeer het om die korrupsieverhoor te stop voor dit nog begin. Deur byvoorbeeld te dreig om Mbeki as getuie te dagvaar, stuur Zuma se strateë 'n duidelike boodskap dat as die verhoor nie stopgesit word nie, Zuma die mag het om die modder oor ander ANC-leiers wat waarskynlik aan die lig sal kom, te gooi.

Ingevolge die ANC se Grondwet mag 'n spesiale nasionale konferensie met verkiesingsmagte slegs gereël word as daar 'n "krisis" is wat 'n nasionale noodkonferensie nodig maak. In so 'n geval kan die ANC se beplande nasionale beleidskonferensie later vanjaar as so 'n konferensie dien. Mbeki, die ANC se sekretaris-generaal, Kgalema Mothlanthe én die beweging se leierskap het dit duidelik gemaak dat daar tans "geen krisis" is nie.

Vir Zuma se potensiële mededingers is die groot vraag in watter stadium van die wedloop daar kop-aan-kop met Zuma gegaan moet word. 'n Te vinnige begin mag potensieel vroeë uitbranding beteken. Om bowendien die wedloop op Zuma se voorwaardes te betree, kan rampspoedig wees. Oënskynlik belas hierdie vraagstuk byvoorbeeld adjunk-president Phumzile Mlambo-Ngcuka. Haar strategie was om te fokus op haar werk as adjunk-president in plaas daarvan om die opvolgingstryd op Zuma se terme te voer. Die nadeel hiervan is dat sy swak voorkom, of asof haar veldtog buite sig verdwyn het.

Toe die ANC se sekretaris-generaal, Kgalema Mothlanthe, se naam skielik as vroeë kompromis-kandidaat genoem is, het hy die skyf van smeerstories, vuil truuks en insinuasies geword, wat die glans van sy presidensiële aanslag laat vervaag het. Op die oomblik sien die linkervleuel Mothlanthe as 'n moontlike kompromiskandidaat as Zuma sou struikel.

Maar Zuma se strateë sal heel waarskynlik ander swaargewig potensiële presidentskandidate probeer uitrook om hulle in 'n vroeë naelloop in te jaag. Dit was die geval met die "aankondiging" van Cyril Ramaphosa se presidensiële veldtog. Desnieteenstaande is die versekering van die steun van provinsiale leierskappe, alliansievennote of komponente van die ANC soos 'n jeugliga nog nie gelykstaande aan 'n gepantserde oorwinning wat omgeskakel sal word in stemme by die ANC se nasionale konferensie in Desember 2007 nie.

Wat hier belangrik is, is dat daar sedert 1997 geen blokstemme vir ANC-strukture soos die Jeugliga, of vir die ANC se alliansievennote, is nie. Hierbenewens bepaal nuwe ANC-verkiesingsreëls wat in 2002 aanvaar is dat kiesers by die konferensie, ofskoon gemandateer deur hulle provinsies of takke, volgens hul gewete mag stem. Afgesien hiervan sal 50% van die ANC-Kieskollege wat die nuwe ANC-president verkies, vroue wees. Laastens word baie langafstandwedlope dikwels eers by die laaste-derde merk beslis en nie by die eerste nie.

In die lang ANC-geskiedenis is elke presidensiële wedloop eers by die konferensie self gewen, buiten toe Mbeki president geword en Ramaphosa homself op die nippertjie onttrek het om te keer dat die ANC homself uitmekaarskeur. Om die waarheid te sê, het baie min vroeë gunstelinge tot dusver nog gewen. Laastens is die groot vraag wat elke afgevaardigde waarskynlik aan presidensiële kandidate sal stel of hulle in staat sal wees om die verdeelde ANC en 'n angstige Suid-Afrika te verenig en die verteenwoordigende gesig van die land kan wees waarmee die meeste mense kan identifiseer.

Dit wil voorkom asof anderkant die getoyi-toyi en luiddrugtigheid van die Zuma-ondersteuners baie gewone ANC-lede toenemend aanvaar dat 'n Zuma-presidensie vernietigende kragte kan losmaak wat die ANC uitmekaar kan skeur en potensieel tot die verbrokkeling van Suid-Afrika se oudste bevrydingsbeweging kan lei. Iets soortgelyks het in 1997 gebeur met Winnie Madikizela-Mandela: sy was gewild, maar voetsoolvlaklede van die ANC het gevrees dat haar opkoms nog meer verdeeldheid kan veroorsaak, en sy het die onderspit gedelf.

Te oordeel aan die verdeeldheid wat reeds deur Zuma se presidensiële veldtog veroorsaak word, is dit inderdaad onwaarskynlik dat hy in staat sal wees om die ANC te verenig, laat staan maar om vertroue in Suid-Afrika te bou op 'n tydstip waar die land oplaas ekonomies kan opstyg. Met die aanbreek van die ANC se konferensie in Desember 2007 sal lede waarskynlik wil kies vir 'n kompromiskandidaat wat nie deel was van die venyn, smeerdery en moddergooiery wat Zuma se pogings om sy kleim af te steek, vergesel het nie. Die beste strategie vir mense soos Ramaphosa, Sexwale of Lekota sal gewis wees om te wag vir dié konferensie – die pylvak – om hulle laaste skuiwe te maak.

Waarheid en vrede sneuwel

Soos dit met alle oorloë in die era van kommunikasie gaan, was die waarheid ook een van die eerste slagoffers in Israel se aanvalle op Libanon. Selfs intelligente demokrate wat moeite doen om ingelig te bly, sal maklik die amptelike propaganda van Israel en die VSA kan glo: dat Israel uit selfverdediging Hisbolla-vestings in Libanon aangeval het - nadat Hisbolla, marionet van Iran en Sirië, op 12 Julie twee Israeli-soldate uit die bloute gevange geneem het – in 'n poging om Hisbolla eens en vir altyd uit te wis.

Eerder as om hierdie propaganda vir die waarheid aan te sien, behoort die volgende feite oorweeg te word:

Eerstens word die demokraties verkose Hamas-regering van die Palestynse gebiede die afgelope maande deur 'n kortsigtige Israelse en Westerse boikot lamgelê en is veral die Gaza-strook die voortdurende skyf van Israelse destabilisering. Die wydgerapporteerde insident waartydens Hamas 'n Israeli-soldaat gevange geneem het om onderhandelinge vir sy vrylating in ruil vir die vrylating van bykans 10 000 Palestynse politieke gevangenes aan te knoop, het gevolg op Israel se ontvoering van twee Palestynse burgerlikes, 'n dokter en sy broer. Laasgenoemde insident is aanvanklik feitlik slegs in die Turkse pers gerapporteer (1).

Tweedens, op 27 Junie "onderteken al die Palestynse organisasies (met die uitsondering van die Islamitiese Djihad) 'n teks wat vra om 'n politieke oplossing, gebaseer op die skep van 'n Palestynse staat naas dié van Israel, en wat gewapende weerstands-optredes in besette gebiede bekamp. Hierdie ooreenkoms baan die weg na die saamstel van 'n nasionale eenheidsregering wat met vredesonderhandelinge sal kan begin. Net die volgende dag sou die Israelse weermag na Gaza toe 'terugkeer' onder die voorwendsel dat een van sy soldate ontvoer is, maar in werklikheid om Hamas te 'likwideer'" (2).

Derdens kon Israel nie in die loop van 18 jaar se besetting van Libanon (tussen 1982 en 2000) daarin slaag om Hisbolla, wat ontstaan het in reaksie op Israel se inval van Libanon in 1982, te vernietig nie.

Vierdens is dit absurd om Hisbolla te sien as 'n blote marionet van Iran en Sirië. Soos Alain Gresh, Midde-Oosterse kenner dit stel: "Hisbolla is die grootste party in Libanon, en sterk gevestig in die land se grootste gemeenskap, die Sjiïete, wat baai in die glorie van die bevryding van die suidelike deel van die land in 2000, 12 afgevaardigdes in die parlement het en met sterk politieke magte verbind is, soos dié van generaal Michel Aoun, die Kommunistiese Party, die Siriese Nasionaal-Sosialistiese Party, invloedryke Soennitiese figure soos Osama Saad of Omar Karamé, of Maroniete soos Souleiman Frangié. Om hulle as 'blote pionne van Iran of Sirië' te sien, grens aan wensdenkery (4)."

In die lig hiervan is dit baie duidelik dat ons hier te make het met 'n strydlustige regime – Israel – wat met die ondersteuning van 'n supermoondheid in die greep van 'n klein groepie neokonserwatiewes totaal uit voeling met die werklikheid daarop uit is om homself met mag eerder as met redelikheid te handhaaf. Elders in hierdie uitgawe verduidelik die Israelse historikus, Gadi Algazi, in watter mate Israel homself ondermyn deur koloniaal in die Palestyne gebiede op te tree, desperaat om sy grondgebied vir nuwe aankomelinge te vergroot, en voortgaan om "feite op die grond te skep".

Dit alles getuig van die klassieke moderne verskynsel van die nasiestaat wat sy ideologiese bronne uitgeput het – in hierdie geval Sionisme – en by gebrek aan die vermoë tot ideologiese herverbeelding homself eerder by wyse van brute mag handhaaf.

As dié verskynsel slegs tot Israel en sy onmiddellike bure beperk was, sou die implikasies miskien nie so ernstig wees nie, maar ongelukkig het Israel se selfvernietigende optrede planetêre implikasies weens die betrokkenheid van die VSA by dié katastrofe. Enigiemand wat twyfel aan die erns van die situasie, kan die ontstellende beeld in *Newsweek* van 31 Julie, 2006 lees van 'n George W. Bush wat kennelik nie insig het in wat werklik in die Midde-Ooste in die spel is nie. So verklaar hy dan aan sy getroue bondgenoot, Tony Blair, in 'n nou reeds berugte uitspraak oor wat die G8-leiers te doen staan: "What they need to do is get Syria to get Hizbullah to stop doing this shit, and it's over (4)."

Op die koop toe is die G8 en selfs die Verenigde Nasies vandag ooglopend impotent in die aangesig van hierdie katastrofe. Nadat Israel op 28 Desember 1968 ook in 'n buitensporige teenaanval 13 passasiers-vliegtuie op Beiroet se lughawe vernietig het, het die VN die aanval onmiddellik veroordeel en het Frankryk se president De Gaulle 'n wapenverbod teen Israel ingestel.

Hierdie keer kon die G8 op sy spitsberaad homself nie so ver kry om eers vir 'n skietstilstand te vra nie, en het dit die VN weke geneem om dit te doen. Intussen word die mees gematigde en moderne land in die Midde-Ooste, Libanon, terug tot in die Steentydperk gebombardeer en word die 1,5 miljoen Palestyne in die Palestynse gebiede brutaal deur die "internasionale gemeenskap" aan hulle lot oorgelaat.

Die Staat van Israel, gerig deur Sionisme, het in 1948 tot stand gekom te midde van wêreldwye simpatie en die besetting van die morele hoëgrond. Teen die middel 1970's het sy ideologie uitgedien geraak, het hy die morele hoëgrond afgestaan en sy demokratiese geloofsbriewe begin verbrand op die brandstapel van militêre selfhandhawing. In die vroeë 1990's het die leierskap van Israel 'n proses van demokratiese skikking met die Palestyne begin.

Ongelukig kon die Israeli's hulself nie so ver kon kry om die Palestyne hul eie staat te gun nie. Nadat Israel in die Sesdaagse Oorlog 11 lande verslaan het, kon hy tot dusver nie Hisbolla met sy leër van 6 000 ondersit nie, en daarmee saam is die mite van sy militêre gesag ook aan flarde: as jou militêre oefening tot die bombardering en teistering van Palestynse burgerlikes beperk is, boet jy kennelik behoorlike gevegsvaardigheid in.

Die Staat van Israel behoort hom te hou by die VN-resolusies oor die konflik met die Palestyne, en die Palestyne behoort elke moontlike demokratiese vorm van steun in die verwerwing van hulle staat op grond van volgehoue vrede met Israel te kry. Hoe gefrustreerd die Palestyne ook al is, word hulle saak geensins gedien deur vuurpyle op Israel se burgerlikes te laat reën nie – om die waarheid te sê verswak dit net die posisie van die Palestynse burgery, afgesien van die feit dat dit gewoon immorele taktiek is.

Want uiteindelik word vrede naas die waarheid die slagoffer van hierdie katastrofe.

---

(1) *Mail & Guardian*, 28 Julie, 2006, "Liquidation of the Palestinian Nation".
(2) Lees Alain Gresh se artikel in hierdie uitgawe op p.1
(3) *Ibid*.
(4) "Backstage at the crisis"

LE MONDE *diplomatique*

Palestina, Libanon, Irak …

TIENTALLE BURGERLIKES KOELBLOEDIGLIK AFGEMAAI IN IRAK BLOOT OMDAT HULLE "SOENNIETE" IS. 'N ONGEËWENAARDE MISDAAD IN DIE MIDDE-OOSTE SEDERT DIE LIBANESE BURGEROORLOG VAN 1975-1976, TOE FALANGISTIESE MILITANTES MOSLEMS TEREGGESTEL HET NET OMDAT HULLE MOSLEM WAS.

Deur Alain Gresh[*]

Volgens die Verenigde Nasies is 6 000 Irakese net in Mei en Junie doodgemaak. Sowat 'n honderd ander burgerlikes, dié keer in die suide van Afghanistan, was "onregstreekse slagoffers" van die voortgesette aanslag wat deur die VSA geloods word om die "terugkeer" van die Taliban te verhoed. Self-moordaanvalle, vroeër ongekend in dié land, neem toe.

In Gaza is 1,5 miljoen Palestyne vasgevang tussen die Israeliese weermag se aanvalle en die besluit van die VSA en die Europese Unie om alle direkte hulp te vries. In Libanon, geknel deur die wurggreep van sanksies, dreig die toenemende brande en slagting veroorsaak deur blindelingse bombardemente van sy infrastrukture, stede en dorpe om uit te loop op 'n streekskonflik met Sirië en Iran, terwyl die noorde van Israel lamgelê word deur Hisbolla se vuurpyle. Ten slotte bly die krisis rondom die Iranse kernkwessie hangend, en Teheran dreig om hom uit die Nieproliferasieverdrag te onttrek.

Maar net 'n gewone Juliemaand, drie jaar nadat die president van die VSA, George W. Bush, op 'n vliegdekskip die einde van gevegte in Irak aangekondig het met 'n klinkende militêre "Sending voltooi!". In die somer van 2006 bars die rekord van die towenaar se leerjonge uit al sy nate: nog nooit in onlangse heugenis het die Midde-Ooste soveel brandende en gelyktydige krisisse beleef nie. Hoewel elkeen sy eie redes het, is daar 'n duisend-en-een drade wat hulle verbind, wat gedeeltelike oplossings bemoeilik en die hele streek vinniger die afgrond in stuur.

Wie het begin? Vir baie kommentators is die oorsaak duidelik. Dit is Hisbolla wat nie alleen Israel se ondergang beoog nie, maar "wyer gesien die hele Westerse kamp wil destabiliseer". Die organisasie en sy ondersteuners hoop op niks minder nie as "die daarstel van 'n universele Islamitiese diktatuur". (1) So 'n analise, wat nou alom in die media en politiek aanvaar word, sluit aan by dié van die Amerikaanse neoliberale: 'n nuwe wêreldoorlog het begin.

Michael Leeden, navorser aan die American Enterprise Institute, som dit so op: "Dit is 'n oorlog wat gevoer word van Gaza tot in Israel, deur Libanon en van daar tot in Irak deur Sirië. Die metodes verskil van Hamas in Gaza tot Hisbolla in Sirië in Libanon, en die 'oproer' met sy vele fasette in Irak. Maar daar sit 'n dirigent daaragter: die mollahkrasie, die fascistiese, revolusionêre Iranse staat wat sewe-en-twintig jaar gelede oorlog teen ons verklaar het en wat nou moet rekenskap gee".

"Dit is ons oorlog," verkondig Wiliam Kristol, een van die grootste neokonserwatiewe ideoloë, met trots (3). In die aangesig van wat dan "´n algemene poging om die Westerse wêreld van balans af te gooi" sou wees, is die Israeliese regering van Ehud Olmert in "die regte kamp". Die G8 se verklaring in Sint Petersburg, wat Frankryk (4) onderteken terwyl Libanon onder die bomaanvalle steier, beaam dat Israel "die reg het om hom te verdedig".

Wie het begin? Op 12 Julie veroorsaak 'n militêre operasie deur Hisbolla teen 'n Israeliese patrollie ses sterftes en stel die Libanese organisasie in staat om twee soldate gevange te neem. 'n Weerligstraal in 'n wolklose hemel? 'n Mens moet onthou dat skermutselings alledaags is, veral rondom die betwiste gebied van die Shebaa-plase, wat deur die ganse Libanese regering as 'n besette gebied beskou word; dat Israeliese vliegtuie elke dag die Libanese lugruim skend; dat Israel op 26 Mei in die Land van Seders 'n leier van die Islamitiese Djihad om die lewe gebring het; dat Israel verskeie Libanese militante gevange hou, onder andere Samir Al-Qantar sedert 1978, Nassim Nisr en Yahya Skaf sedert 1982.

Aan die ander kant, as 'n mens Hisbolla se handeling as onwettig beskou, hoe beskryf jy die sistematiese verwoesting van Libanon wat sedertdien van stapel gestuur is, met burgerlike infrastrukture, stede en dorpe as teikens, en meer as 600 000 mense wat uit hulle huise moes vlug? In internasionale reg, waarop die internasionale gemeenskap hom graag berus, het dit 'n naam: "oorlogsmisdaad". Bykomende protokol I van 1977 tot die Geneefse konvensie omskryf duidelik die beginsel van proporsionaliteit. Aanvalle "is ontoelaatbaar as daar verwag kan word dat hulle meegaande verlies aan menselewens in die burgerlike bevolking, beserings van burgerlikes of skade aan burgerlike eiendom tot gevolg mag hê wat buite verhouding is tot die verwagte daadwerklike, direkte menslike voordeel". (5) Kan enigeen vir 'n oomblik glo dat die verklaarde doelwit – die redding van twee soldate – die talle verwoestings en sterftes wat deur Israeliese bombardemente veroorsaak word, regverdig? Is die lewe van 'n Arabier of 'n Libanees

[*] *Senior joernalis en spesialis van die Midde-Ooste,* Le Monde diplomatique. *Uit die Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, sonyavs@yahoo.com*

minder werd as dié van ’n Israeli?

Die gevolge van hierdie Israeliese aanval is nog lank nie verby nie. Hisbolla is die grootste party in Libanon, en sterk gevestig in die land se grootste gemeenskap, die Sjiïete, wat baai in die glorie van die bevryding van die suidelike deel van die land in 2000, 12 afgevaardigdes in die parlement het, en met sterk politieke magte verbind is, soos dié van generaal Michel Aoun, die Kommunistiese Party, die Siriese Nasionaal-Sosialistiese Party, invloedryke Soennitiese figure soos Osama Saad of Omar Karamé, of Maroniete soos Souleiman Frangié. Om hulle as “blote pionne van Iran of Sirië” te sien, grens aan wensdinkery.

Anthony H. Cordesman, een van die invloedrykste navorsers van die Center for Strategic and International Studies in Washington, wat nouliks van pro-Islamitiese sentimente verdink kan word, merk op: “Ontleders en joernaliste moet omsigtig wees en die feite respekteer wanneer hulle van Iran se rol in die huidige krisis praat. Uit talle oorde – insluitend dié van Israeliese amptenare en offisiere – word die Libanese krisis nou gebruik om nuwe verskonings te kry om Iran aan te val (...). Die gevolg is dat vermoedens en halwe waarhede omvorm word in sameswerings teorieë. Die Amerikaanse inligtingsdiens het geen bewys dat Iran Hisbolla beheer nie, maar slegs dat die land ’n belangrike bron van finansiering en bewapening van dié party is”. (6)

Een van die hoofteikens van die Israeliese “selfverdedigings”-operasie is die burgerlike lughawe van Beiroet. Die geskiedenis word herhaal. Einde 1968, terwyl die Midde-Ooste sukkel om van die oorlog in Junie 1967 te herstel, word die Palestynse weerstand georganiseer. Die Palestynse Bevrydingsfront, ’n radikale groep, val op 26 Desember 1968 op die lughawe van Athene ’n vliegtuig van die Israelse redery El-Al aan, en dood in die proses ’n afgetrede offisier. Een van die kommandolede is afkomstig uit Libanon en dié land aanvaar verantwoordelikheid vir die operasie. Twee dae later verwoes ’n Israeliese kommando dertien passasiersvliegtuie op die internasionale lughawe van Beiroet.

Die Veiligheidsraad veroordeel eenstemmig dié optrede en vra dat Israel die skade vergoed, wat nooit gedoen word nie. Frankryk verklaar dat die beginsel van “weerwraak” onaanvaarbaar is. Generaal De Gaulle vaardig ’n embargo uit op wapens na Israel, en weier om 50 Mirages te lewer waarvoor Israel reeds betaal het. (7)

Die Franse kabinetsraad se verklaring op 8 Januarie stel dit so: “Ons het die aanval in Athene op ’n Israelse vliegtuig opgeweeg teen die operasie op die Beiroetse lughawe: dié twee optredes is inderdaad nie vergelykbaar nie. In Athene was dit optrede georganiseer deur lede van ’n geheime organisasie. In Beiroet is die operasie geloods deur ’n staat wat sy militêre toerusting, in die besonder Super-Frelons en Alouettes wat deur Frankryk vervaardig is, teen die burgerlike apparaat van ’n ander staat gebruik het.” Parys huiwer nie om die skuld op “Israeliese invloede [wat] op ’n sekere wyse merkbaar is in noue inligtingskringe” te plaas nie. (8) In daardie dae het die De Gaulle-regering nie doekies omgedraai nie.

Ons is nou in die veertigste jaar van besetting, dié van Gaza, die Wesoewer, Oos-Jerusalem, om nie van die Siriese Golanhoogland te praat nie. Ondanks tallose resolusies deur die VN se Veiligheidsraad, ten spyte van paaiende verklarings – volgens die beplanning wat deur die VSA, Rusland, die Europese Unie en VN aanvaar is, sou ’n Palestynse staat voor die einde van 2005 geskep word! – lyk dinge al slegter in Palestina.

Die jaar 2005 verloop sonder enige blyke van vordering. Hoewel die owerhede in Tel Aviv onophoudelik beduie dat Yasser Arafat ’n “struikelblok vir vrede” is, beweeg sy dood en vervanging deur Mahmoed Abbas (Abou Mazen) Ariel Sharon nie daartoe om sy “unilaterale” politiek te staak nie. Die onttrekking uit Gaza in die somer van 2005, wat deur politieke leiers en die media as “’n moedige daad” geprys word, is ’n doodslag vir wat nog van die Osloverdrag oorgebly het: die beginsel waarvolgens vrede deur bilaterale onderhandeling bewerkstellig sou word. Vir die Palestyne van Gaza bring die ontruiming geen verbetering in hulle situasie nie, inteendeel (lees die getuienis hierna).

Terwyl die kolonialisering voortgaan en verskerp op die Wesoewer (lees bladsye 9 en 10) en die “vredesproses” in een sin opgesom word in die “internasionale gemeenskap” se verklarings, wen Hamas die verkiesing in Januarie 2006. Kan dit ’n mens werklik verbaas? Maar omdat hulle “verkeerd gestem het”, word die Palestyne gestraf, onder meer deur die Europese Unie wat met die steun van Frankryk die Owerheid alle regstreekse hulp ontneem, en so daarmee nog ’n bietjie bydra tot die ineenstorting van die bevolking se materiële toestande en die verkrummeling van Palestynse instellings.

En die vuurpyle wat uit Gaza op Sderot laat reën? Gideon Levy, ’n Israeliese joernalis by *Haaretz,* stel die vraag: “Wat sou gebeur het as die Palestyne nie Qassams afgevuur het nie? Sou Israel die ekonomiese boikot teen Gaza opgehef het? Sou hy gevangenes vrygelaat het? Die verkose Palestynse leiers ontmoet en met onderhandelings begin het? Onsin. As die inwoners van Gaza mooi stilgesit het soos wat Israel gehoop het, sou hulle saak van die agenda verdwyn het – hier en in die res van die wêreld. (...) Niemand sou hom oor die volk van Gaza se lot gekwel het as hulle nie gewelddadig opgetree het nie”. (9)

Op 27 Junie, na vele spanninge, onderteken al die Palestynse organisasies (met die uitsondering van die Islamitiese Djihad) ’n teks wat vra vir ’n politieke oplossing gebaseer op die skep van ’n Palestynse staat naas dié van Israel, en wat gewapende weerstands-optredes in besette gebiede bekamp. Hierdie ooreenkoms baan die weg na die saamstel van ’n nasionale eenheidsregering wat met vredesonder-handelinge sal kan begin. Net die volgende dag sou die Israelse weermag na Gaza toe “terugkeer” onder die voorwendsel dat een van sy soldate ontvoer is, maar in werklikheid om die Hamas te “likwideer”. (9)

Ook hier kom Israel se optrede – die bombardering van kragstasies en ministeries, die

inhegtenisneming van politieke leiers en verwoesting van huise, die gebruik van burgerlikes as menseskild (10) – neer op "oorlogsmisdade". Die Switserse regering, bewaarder van die internasionale menseregtekonvensies, sê op 4 Julie 2006: "daar bestaan geen twyfel nie dat Israel nie die nodige voorsorg getref het wat deur die internasionale reg vereis word om burgerlike bevolkings en infrastrukture te beskerm nie".

Oorlog teen die Palestyne, oorlog teen Libanon – twee aanslae wat deel uitmaak van dieselfde strategie: die afdwing van 'n "oplossing" wat slegs met Israel se belange ooreenstem. Nog nooit die afgelope veertig jaar het die Israeliese beleid soveel Westerse steun geniet nie: bitter min afwysende stemme, behalwe uit die Vatikaan, word gehoor.

Weer eens stel die Arabiese wêreld sy onmag ten toon. Die Arabiese state wat bondgenote van die VSA is, was nog nie in staat om druk op Washington uit te oefen nie. Hulle was maar tevrede – merkwaardig genoeg – om ook van hulle kant af Hisbolla en Hamas te veroordeel, en dus Israel se optrede te regverdig ... Saoed Al-Fayçal, Saoediese Minister van Buitelandse Sake, het nie-Arabiese partye gevra om buite die konflik te bly: hy het duidelik nie na die VSA verwys nie, maar na Iran...

Soos die hoofartikelskrywer van die pan-Arabiese dagblad *Al-Hayat*, Abd-al-Wahab Badrakhan, dit stel: "Elke Arabier, van die Atlantiese kus tot aan die Persiese Golf, weet dat die vrede dood is en dat die Arabiere weer 'n keer, twee keer, duisend kere om die bos gelei is. Hulle weet nie hoe om uit die moeras te kom waarin hulle verdrink nie. Dus, of ons dit nou wil hê of nie, lê die laaste woord by dié wat ons as "ekstremiste" of "waaghalse" bestempel." (11) Hamas het in 1987 in Gaza die lig gesien, ná twintig jaar van Israeliese besetting, gerugsteun deur die eerste Intifada; Hisbolla is geskep tydens die stryd teen die besetting wat gevolg het na Israel die Land van Seders in 1982 binnegeval het. Watter nuwe gewelddadige organisasie sal uit die puin waarin Libanon dié keer gelê word, verrys?

---

(1) Lees Gérard Dupuy, "G8 hors-jeu", *Libération*, 17 Julie 2006.
(2) *National Review Online*,13 Julie 2006.
(3) *Weekly Standard*, 24 Julie, 2006.
(4) Lees "Proche-Orient, la voix brouillée de la France", *Le Monde diplomatique*, Junie 2006.
(5) *Crimes de guerre. Ce que nous devons savoir*, Parys: Autrement, 2002.
(6) http://www.csis.org/media/csis/pubs/060715_Hisbolla.pdf
(7) Lees Xavier Baron, *Les Palestiniens, un peuple*, Parys: Le Sycomore
(8) Aangehaal deur Samy Cohen, *De Gaulle, les gaullistes et Israel*, Parys: Alain Moreau, 1974, p. 134.
(9) *Haaretz*, 9 Julie 2006.
'n Mens moet onthou dat die Hamas die wapenstilstand met Israel van Februarie 2005 tot 10 Junie 2006 gerespekteer het. Hy het dit slegs opgesê nadat moordaanvalle op spesifieke teikens toegeneem het, en 'n Palestynse gesin op 10 Junie op die Gaza-strand uitgemoor is.
(10) Lees die verslag van die Israeliese organisasie B'Tselem, btselem.org/english
(11) *Al-Hayat*, Beiroet, 17 Julie 2006.

Rolmodelle links en regs

"Dis óns woord!" sê treinbouer

Deur ons rondreisende verslaggewer, Kleinjan Schietekat

Uit die Koue Bokkeveld skryf een van ons lesers, 'n deeltydse kleinboer, ietwat gebelgd:

"Geagte meneer, hoekom word u nie kwater nie? Hoekom speel u met storietjies en so? Ons mense verstaan dit nie. Ons is boere en ons praat reguit. Het dit u nie al byvoorbeeld opgeval hoe ons deur rolmodelle oorval word nie? Almal moet een hê: die bruines, die vroue, die bruinvroue, die jong bruinvroue, die middeljarige wittes, die kleuters van alle kleure… Dis waansinnig. Wie is so-en-so se rolmodel? T-opsioniste is hulle eie rolmodelle. Jy kan skaars jou koerant oopmaak of jy word deur rolmodelle oorval. Hulle tuimel uit die TV-kassie. Rolmodelle en dopmodelle, diegene uit die rolhemel verban. Party intellektuele is party koerante se slaansakmodelle: wees gewaarsku, bly weg, trap in jou spoor. 'Waar berg ek my? Waar vlug ek heen?' kreun die arme jong letterdief, oorweldig deur die boegbeelde van die formidabele digters Teeskyf en Hapboud. Selfs die stille Karoonagte is nie meer soos vroeër nie, 'n mens kan skaars God se firmament sien soos die rolmodelle op jou aftuimel…"

Ja, geagte leser, die wêreld is 'n speeltoneel, elk kry sy rol en speel sy deel. *Die Vrypostige Afrikaan* was ook nie links nie (of nie soveel soos gewoonlik nie) en ons het die saak met verskillende rolspelers opgeneem. Eerstens het ons aangedoen by Faffa Schoeman, Springboksenter en rolmodel vir duisende skoolseuns. Hy vertolk ook gereeld die rol van mediaslaansak vir die Springbokspan se vertonings. *Die Vrypostige Afrikaan* wou van Faffa weet wie sy eie rolmodel is. "Die skrummasjien," was sy kort en kragtige antwoord. "Die skrummasjien?" het ons verbaas gevra. "Ja, net weer by vanoggend se Springbokoefening het hy my twee keer gesystap om onder die pale te gaan druk." En Faffa se grootste oomblik tot dusver op die veld? Met 'n veraf kyk in sy oë vertel hy: "Dit was die keer toe ek teen die All Blacks gaan druk het dertig minute na hulle van die veld af is. Dit was 'n beweging vanaf ons doellyn wat die hele span betrek het. Ongelukkig het niemand dit gesien gebeur nie. Daar was 'n doodse stilte op die pawiljoen."

Die Vrypostige Afrikaan het ook gaan kers opsteek by die bekende Suid-Afrikaanse model, Candy van Biljon, wat pas 'n rol in Hollywood gekry het. Op die vraag hoe sy voel daaroor om nou ook 'n rolmodel te wees, was sy effens agterdogtig: "Ek het nie geweet ek is 'n rolmodel nie. Ek weet net daar's 'n hele paar ander modelle uit Suid-Afrika wat baie jaloers op my nuwe rol is. In hierdie besigheid moet 'n mens maar die heeltyd oor jou kaal rug kyk." Candy sê sy beplan wel om Afrikaans te praat as sy die Oscar kry.

Maar die woede van die Koue Bokkeveldse boer is by verre oortref deur dié van mnr. Gerbrand van der Spuy, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Modeltrein-entoesiasvereniging. "Ons mense is woedend oor wat die media met die woord 'rolmodel' aanvang!" sê hy. "Rolmodel is 'n pragtige ou Afrikaanse term geskep deur ons vereniging. Die kern van die woord slaan op hoe goed 'n nuutgeboude modeltrein op sy spore rol. As hy mooi rol, noem ons dit 'n rolmodel. En dis nie sommer enige trein wat 'n rolmodel is nie. Per slot van rekening kan klippe ook rol, en soos Mick Jagger gesê het, 'A rolling stone gathers no moss'. Dit is dan die rol van rolmodelle."

Prof. Ilona Steenkamp, bekende letterkundige, sê mense behoort tog die betekenis van die woord te ken. "My eie rolmodel is Marius Weyers wat in Kafka se *Report to an Academy* die aap deur sy vertolking as rolmodel geneem het. Die aap is inderdaad dié voorbeeld vir alle akademici."

• *Briewe*

Na aanleiding van Desirée van der Walt, DA-LP se brief in verlede maand se uitgawe skryf Vaughn Stoman uit Engeland:

Carel (iv) Boshoff bevraagteken Tony Leon se lojaliteite teenoor Afrikaners en wonder waarom hulle as groep hom ondersteun. As lojale werknemer verdedig Desirée van der Walt haar baas deur te meen dat hy progressief inpas by 'n moderne demokrasie waar sy party die hefbome in die politieke arena manipuleer, soos dit dan ook volgens haar hoort, want wat anders sou die alternatief wees? Die DA lei presies aan dieselfde illusie as De Klerk deur sy beleid van wigte en teenwigte wat die NP toe stadig tot sy einde laat bloei het omdat dit eenvoudig die demografiese werklikheid, en groepsidentiteite- en dinamika geignoreer het. Op die keper beskou, het ons te doen met botsende beskawings en nie net met verkillende belangegroepe wat in 'n oorkoepelende homogene samelewing skouers skuur nie. Dis 'n "ons-en-hulle stryd", en nie net omdat dit 'n apartheidsoorgeblewe beskouing is nie, maar omdat dit 'n eeue-oue bloedig gevestigde realiteit is. Bloed is dikker as water, en hierdie liberale Eurosentriese "eenmensheidsteorie" wat die Desirées en hulle Tony-held tesame met sy NP-voorgangers gebring het om ons gedwonge "reënboognasie" te vergestalt is gedoem tot mislukking soos wat die Franse en Hollanders nou met skok besef toe hulle agterkom hulle immigrantebroers het nooit Hollands of Frans geword nie, maar eerder hulle groepsidentiteite gehandhaaf in hulle nuwe milieu. Suid-Afrika is Europa honderde jare vooruit wat betref hierdie botsing van kulturele belewenis en nou wil Van der Walt die verouderde Europese model voorhou as die oplossing! Nou waarom ondersteun die Afrikaner dan die DA? is die vraag. Om presies dieselfde rede dat hulle FW en sy beloftes van 'n beter nuwe SA geglo het, naamlik 'n blinde geloof in wat vir hulle voorgehou is as die meer menslike opsie van "ons is almal dieselfde betreffende normes en waardestelsels, behoeftes, talente en vermoëns - net ons velkleur verskil". Toe kom die groot toets en ongeveer die helfte van die Afrikaners bokant 20 jaar gaan werk elders in die wêreld, 1800 boere word vermoor - sommige meer gruwelik as ander, alle Afrikaanse Universiteite het tweetalig geword of verengels, met Stellenbosch struikelend op pad om te volg, Afrikaanse skole net 'n fraksie in getal nog oor, Afrikaans wat prakties sy amptelike gebruikstatus verloor het, infrastrukture wat in duie stort en rassekwota-afdankings en diskriminasie, veiligheidswoonbuurtes en.... Nou wil Van der Walt dit hê dat Leon die oplossing het met sy klein fraksieparty? Die DA en trouens geen party behalwe swart Afrikapartye wat hoegenaamd geen Afrikaner-sentiment sal koester nie, kan polities enige wesenlike verskil maak in SA nie. Hiermee ontken ek nie die nuttige bydrae wat individue in die parlement maak met barometerlesings om vroegtydig waarskuwing te gee oor heersende tendense nie, maar sien dit vir wat dit is: 'n hulpmiddel. Wat tans gebeur op grondvlak blyk baie belowender te wees vir Afrikanerbelang as politieke fraksies. Kom ek noem 'n paar betekenisvolle dinge - PRAAG, ATKV, *Die Vrye Afrikaan*, Solidariteit, TLU, Orania, Kleinfontein, Kunstefeeste, buurtwagte en veiligheidsnetwerke, Amajuba-feeste, Radio Pretoria, onafhanklike banke, buitelandse toere en nuusdekking, buitelandse kapitaal en so kan 'n mens aanhou. Uiteindelik sal hieruit weer 'n politieke arm voortvloei, want praat sal 'n mens altyd moet, maar dit sal dan uit 'n nuwe vars mond wees en nie uit 'n oorgeblewe argaiëse mondstuk van die vorige bedeling soos die DA nie. Dus voorspel ek dat die DA soos tans in politieke realisme gesien, asook soos gesien uit ander Afrika-opposisiepartye se geskiedenis, 'n sukkelende fraksieparty sal bly wat weinig aan die Afrikaner se lot kan verander en soos die mens nou maar is, ontnugtering 'n nuwe inslag sal afdwing ter wille van oorlewing. Die geskiedenis sal uiteindelik bewys of Leon die man was, of soos ek vermoed, dinge meer ingewikkeld is en die oplossing op 'n ander vlak lê.

Na aanleiding van Danie Goosen se "Afrikaners: Tyd vir groter samewerking" in die vorige uitgawe skryf 'n student van die Universiteit van Pretoria, Jan van Zyl:

Die gedagte van 'n "forum van forums" is in teorie beslis 'n rein gedagte. Ons moet egter besef dat daar praktiese implikasies is wat nie misgekyk moet word nie. Die skepping van 'n gesamentlike forum sal noodwendig veroorsaak dat 'n verskeidenheid organisasies oor 'n wye front hul trots in hul sakke sal moet steek, van hul eie mishope afklim, en met 'n oop gemoed gesprekke aanknoop. Een van die eerste uitdagings wat voor ons gaan opkom, is om onsself te definieer. Waar die FAK volgens die AKB (Afrikaner Kultuur Bond) 'n te wye definisie aan die Afrikaner koppel, voel die FAK dalk weer dat die AKB en Radio Pretoria groep 'n te eng defenisie aan Afrikanerskap koppel. Ek is egter daarvan oortuig dat die ou strydrosse van die AKB/Radio Pretoria/TLU SA nie sommer meer weggelaat kan word uit so 'n forum nie. Hulle verteenwoordig 'n magdom Afrikaners, en is die algemene opvatting steeds dat hulle die "kern" van die

volk vorm. Maar aan die ander kant, waar sal mens dan die lyn trek? ’n Standpunt wat net te sterk ekstreem is, sal die proses kelder en nie positief ondersteun nie. ’n Standpunt wat weer te los is, en waar persone half skaam oor ons geskiedenis en identiteit is, sal ook nie positief ’n bydrae kan lewer nie. Dat die gevoel van eenwording, of dan ten minste groter samewerking oor ’n wye front besig is om beslag te kry, is inderdaad so. In die begin van 2006 neem die AKB, met heelwat organisasies onder hulle, die besluit om “in gesprek rakende groter samewerking, selfs met die FAK” te tree. Die vereistes wat gestel word, is steeds dat beginsels gehandhaaf word, maar op gemeenskaplike gronde saam ’n positiewe verskil te maak. Die samewerking mag nie onder enige bestaande organisasie se naam of administrasie vestig nie, en dit moet inklusief wees. Hierdie benadering van die AKB is verblydend. Die feit dat ek nou lees dat die FAK ook, onder min of meer dieselfde voorwaardes dieselfde doelwit gestel het, is ook verblydend. Sal ons dalk sien dat die twee hoofstrome in ons volk bymekaar uitkom? Al is dit dan net op sekere gemeenskaplike gronde. Ek doen aan die hand dat die volgende praktiese gedagtes neerslag sal vind in die proses: 1. Ons moet nie haastig wees nie. Niemand moet geforseer word nie. Elkeen moet uit eie wil, en volgens eie behoefte deelneem. Dit moet ’n proses word waar mense wil deelneem, en nie daartoe gedwing voel nie. 2. Kry en omskryf die gemeenskaplike gronde. Maak dit eenvoudig, en los die detail vir later, of vir elkeen se eie onderskeie organisasies. As voorbeeld besluit ons dat ons as Afrikaners saamstem oor die beginsel van Christelikheid. Punt. Nou moet ons nie in die dogma met mekaar begin stry nie, dit versteur net die proses. As iemand streng Calvinistiese beginsels binne sy organisasie wil beoefen, kom ons laat hom dan toe om dit steeds in sy moederorganisasie te doen. Maar gegewe natuurlik dat ons respek vir mekaar se verskille het. 3. Moenie deur eenwording die ontbinding van moederorganisasies soos bv. die FAK probeer bewerkstellig nie. Daardie organisasie gee vir sy lede ’n gevoel van beskerming en is dit die omgewing waarin hy homself kan uitleef. As jy uit ’n gemaklike veilige omgewing praat, sal jy meer bereik as om almal in iets te gooi waar persone kan voel dat hy nie noodwendig met die man langs hom wil saamstem nie. 4. Dit bring ons by respek vir die verskille. Ek verskil van die FAK se algemene benadering, maar gesprekke met bv. prof. Koos Malan wys my die logika agter sekere aspekte. Ek sal bly verskil met sekere FAK-benaderings, maar dit beteken nie dat ek die FAK in die proses wil vernietig nie. Inteendeel, ’n sterker FAK wat saam met my organisasies uit een mond praat is beter as ’n klomp swak organisasies wat mekaar probeer uitwis, en op die kantlyn staan die ANC en lag. Laat ons dan respek ontwikkel vir die verskille, en dan saamwerk op daardie gebied waar ons dieselfde glo. Al is dit vir ´n begin bv. net Afrikaans. 5. Kom ons leer by ons vyand. Die voorbeeld van die UDF in die 1980’s is verstommend. Binne die UDF was daar groot verskille, maar as dit gegaan het om hul stryd, het hulle uit een mond gepraat. En wat ’n kragtige mond was dit nie! Ons kan ook ons verskille hê, maar wat ’n kragtige effek sal dit nie wees as ons uit een mond praat as dit om die minderheidsbelange van die Afrikaner gaan nie? 6. Tereg soos prof. Goosen dit stel, die proses moet inklusief wees, en nie gekoppel word aan enige organisasie of groep nie. En ja, iemand onafhanklik is beslis die voorvereiste. In die woorde van dr. Andries Treurnicht, “Ons moet nie iets wat nog nie ryp is nie probeer ryp druk nie.” Ek glo die tyd is nou reg. So sien ons oor ’n wye front verskeie pogings om groter eenwording, of dan ten minste gesprekvoering onder Afrikaners te bewerkstellig. Met party groepe is die tyd dalk nog nie ryp nie, en ander dalk al lankal. Die tyd sal nog leer dat die FAK vandag die regte besluit neem. Een ding is seker, as ons nie iets op die tafel gaan plaas nie, gaan ons vir altyd by die tafel bly sit. En die nadeel kom ons volk toe.

Onderstaande gedigte, waaronder Breyten Breytenbach se eerste gepubliseerde Afrikaanse gedig in etlike jare, is geneem uit 'n bloemlesing van jong Afrikaanse digters onder redaksie van Charl-Pierre Naudé, *My ousie is 'n blom* (uitgegee deur Snail Press). Die bundel verskyn in Septembermaand

belydenis

Deur Breyten Breytenbach

ek het nog nooit 'n vliegtuig geloods
al vlieg ek gereeld die wêreld vol,
ek het wel vir die skuifstonde van 'n wolk
in die buik van 'n skip oor die ewenaar gedobber
maar was nooit die matroos
wat teen takelwerk uitklouter
om die son aan te sien vir 'n vasteland nie

Sophia Loren het eens 'n bak dampende pasta
vir my gekook
met olie soos deursigtige semen besprinkel
en haar borste was bleek soos swanger ooie sonder wol
maar ek het nie met haar gevry nie

ek het nooit voor die volk gestaan
om die koers deur die woestyn aan te dui
met 'n staf wat bewe van woede en wraak nie
al het ek ook waarskuwings onder my tong gestotter
totdat my kiesvleise flenters was van bitter woorde kou

ek het nooit 'n huis-op-die-see met tien slaapkamers
en 'n swembad vir naakte gaste besit nie
maar wel 'n dakkamer in Parys met muise en motte
en die neersif van jare se fyn swart besoedeling

ek het hoog en laag probeer preek
teen armoede en onreg
maar op die ou einde was ook dit
slegs selfbevlekkende romantisme
en niemand wou aanvaar ek is 'n Afrikaan nie

die olifant vir wie ek in die sirkus gewuif het
het my tien jaar later nie meer herken nie

alhoewel 'n man die vrou se buik in kan gaan
om daar te snoetel en snotter soos 'n vark in 'n trog
sal hy nooit die vrou se verstand kan penetreer nie
en buitenste duisternis sal hom verblind

ek het God nooit geken
die hemelse vaandels nie sien wapper op die wind
nog enige van sy of haar klone
al het ek op my tone op die tafel mog kyk
na die dolosse en die repe vlees van kadawers

my verstand het versand in begrippe van orde
en niks het uiteindelik sin gemaak
en daar was geen verskil tussen bo en onder nie
en die blêrende skaap buite het vir fokol gevrek

ek was ’n soepel singende stryder
om die horison binne te haal:
in die spieël staan en buikpronk ’n lelike mens nou

ek het gedog ek sou die jeugdiges se hart
met sang en vervoering om kon praat
maar my enkele lesers is ou wrakke
wat met week en stywe oog
die losgetorringde voering van my betoog
my toga van klagte
tussen vers en kapittel kwytraak

ek het probeer
ek het hard probeer
om ’n groot gedig te skryf
en soms darem *dit* opgebring
wat in die plek daarvan kon staan

o liewe roubetonende biegleser:
die reisiger van my aard en kondisie
het baie maniere om kak aan te jaag
maar die grootste strontspul van alles
is om op pad huis toe te sterwe

My ousie

Deur Yabadah Shamah

My ousie
OO! sy is PRAGTIG, MOOI!
Daar is ’n duur geskenk van
die Hemel af, ja daar ons
praat van volle liefde
My ousie het ’n goeie verstaan

Luister, haar stem is soet
van ver af dit klank musiek
my oore kry heuning soet kos
as ons gesels, OOI! my ousie maak
my voël soos ’n koning
rêrig my ousie is my blom en
ek sal haar elke môre en naand met
’n haart vol van liefde naat maak

(Dankie vir die liefde
asb. bly net ’n bietjie by my)

LE MONDE diplomatique

Verdeelde Mexiko

Deur Ignacio Ramonet*

'n Massiewe bedrogspul. Onteenseglik. Mnr. José Manuel Barroso, President van die Europese Kommissie het dit erken. Die 25 Ministers van Buitelandse Sake van die Europese Unie het hul "ernstige besorgdheid" verklaar. "Dit is belangrik dat ons die kommer van die Europese Unie en al sy lidlande oor die uitslag van die presidentsverkiesing op die duidelikste moontlike manier oordra," het die Nederlandse Minister van Buitelandse Sake gesê.

Joernaliste Sonder Grense herinner ons daaraan dat "hierdie verkiesing plaasvind na vier jaar van aaneenlopende en ongekende agteruitgang van hierdie land se pers."

In Washington het mense soos mnre. Colin Powell, Henry Kissinger en Zbigniew Brzenski verklaar dat die Verenigde State nie die amptelike uitslae kan erken nie. Die Nasionale Demokratiese Instituut (NDI) onder voorsitterskap van die voormalige Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, me. Madeleine Albright; Freedom House onder leiding van die voormalige CIA-baas, mnr. James Woolsey; die American Enterprise Institute gestig deur oud-president Gerald Ford; asook mnr. George Soros se Open Society Institute het "massiewe manipulasies" afgewys en gevra vir "ekonomiese sanksies". Senator Richard Lugan, voorsitter van die Amerikaanse Senaat se Kommissie vir Buitelandse Sake en afgesant van president George W. Bush, het nie geskroom om openlik te praat van "bedrog" nie: "Dit is duidelik dat daar 'n omvattende, doelgerigte bedrogaksie op die dag van die verkiesing was, óf onder leiding van die owerhede, óf met hulle medepligtigheid."

Kan u nie u oë glo nie? Vra u uself af hoe sulke uitsprake oor die onlangse Mexikaanse presidentsverkiesing u kon ontgaan het? U het rede om dronkgeslaan te wees. Nie een van die persone of instellings hierbo aangehaal het kritiek gelewer op wat pas in Mexiko gebeur het nie. Al die gerapporteerde kommentaar hierbo – alles eg – hou verband met die presidentsverkiesing van 23 November 2004… in Oekraïne (1).

Die "internasionale gemeenskap" en die gebruiklike "organisasies wat vryheid verdedig" wat ons geken het as so aktief in Serwië, Georgië, Oekraïne en weer onlangs in Belo-Rusland, bly stil in die aangesig van die "verkiesingstaatsgreep" wat voor ons oë in Mexiko uitgevoer is (2). 'n Mens kan jou die planetêre verontwaardiging voorstel as hierdie selfde verkiesing, daarenteen, byvoorbeeld plaasgevind het in Venezuela en as die wenner – met 'n verskil van skaars 0,56% van die stemme – president Hugo Chávez was.

Die Mexikaanse verkiesing van 2 Julie het twee hoofkandidate teenoor mekaar gestel: mnr. Felipe Calderon van die Nasionale Aksieparty (PAN, regs-Katoliek, aan bewind) wat (voorlopig) as wenner van die verkiesing verklaar is deur die Federale Verkiesingsinstituut (FVI), en mnr. Andrés Manuel López Obrador, van die Rewolusionêre Demokratiese Party (PRD, gematig links).

Lank voor die verkiesingsveldtog was dit duidelik vir president Vicente Fox (PAN) en die owerhede aan bewind dat mnr. López Obrador met sy program van stryd teen armoede die kandidaat was om te klop. Met alle middele. Vanaf 2004 het 'n maneuver by wyse van klandestiene videobande versprei met die vriendelike medepligtigheid van die TV-kanale Televisa en TV Azteca – simpatiek teenoor die destydse bewind – probeer om mnr. López Obrador te diskrediteer. Verniet.

Die volgende jaar is hy onder die vergesogte voorwendsel van minagting van wetlike norme by die bou van 'n toegangspad na 'n hospitaal veroordeel, opgesluit en gestroop van die reg om hom verkiesbaar te stel. Massiewe betogings het uiteindelik die owerhede gedwing om sy regte te herstel.

Sedertdien het die slopingspoging voortgeduur. En 'n duiselingwekkende graad bereik in die loop van die verkiesingsveldtog (3). Des te meer omdat 'n vlaag van paniek posgevat het onder die Latyns-Amerikaanse oligargieë (en by die Amerikaanse administrasie) sedert die linkervleuel (byna) oral wen: in Venezuela, Brasilië, Uruguay, Argentinië… en die nuwe alliansies Kuba nie langer uitsluit nie (4).

In so 'n konteks sou die oorwinning van mnr. López Obrador (die Verkiesingshof beslis op 6 September) te belangrike geopolitiese gevolge hê. Wat nóg die base nóg die Mexikaanse hoofstroommedia wil hê. Nóg Washington. Ten alle koste. Selfs al moet die demokrasie opgeoffer word. Maar mnr. López Obrador en die Mexikaanse volk het nog nie hul laaste woord gespreek nie.

---

(1) Die idee om die reaksies op die Oekraïnse en Mexikaanse vergelykings te vergelyk kom van James K. Galbraith in "Doing Maths in Mexico", *The Guardian*, Londen, 17 Julie 2006.

(2) Oor die werklike omvang van die bedrog lees byvoorbeeld die verslag van 17 Julie 2006 van die Centro de derechos humanos Fray Bartolomé de Las Casas (www.sipaz.org/documentos/obsddcp/elec0606_s.html).

(3) Lees oor die geweld van die aanvalle John Ross, "All against Lopéz Obrador", *Counterpunch*, 6 April 2006.

(4) Lees Bernard Cassen, "Une nouvelle Amérique latine à Vienne", *Le Monde diplomatique*, Junie 2006.

---

* *Redakteur,* Le Monde diplomatique. *Uit die Frans vertaal deur Johann Rossouw, redakteur@vryeafrikaan.co.za*

• *Die Vrye Afrikaan-Intussen, 4 Augustus*

Die US se toekomstige rektor

Die nuus van prof. Chris Brink, Rektor van die Universiteit Stellenbosch (US), se bedanking was skaars bekend of bespiegelings oor sy moontlike opvolger het ontstaan – 'n volle jaar voor dié waarskynlik by Brink sal oorneem.

Opvallend van die bespiegelinge tot dusver was dat dit onderlê is deur die aanname dat een persoon in (selfs 'n gewigtige pos) aan 'n reuse instelling soos die US so 'n groot verskil sal maak – 'n aanname wat so tipies is van die agterhaalde geloof in die individu eerder as die instelling, of die orde waarbinne die instelling moet funksioneer.

Daar kan geen twyfel daaroor wees nie dat een mens in 'n gewigtige pos groot skade kan aanrig of die skip verkeerd kan stuur. Soos The Church dan ook op *Gold Afternoon Fix* gesing het: "One big man with the big connection takes the whole damn ship in the wrong direction."

Maar daarmee het die gesprek nog glad nie begin oor wat eintlik van belang is vir die volgende rektor van die US nie, naamlik by watter wêreldbeskouing hy of sy gaan aansluit.

Die voorsitter van die FAK, prof. Danie Goosen, is in *Die Burger* van Vrydag 28 Julie, 2006 soos volg hieroor aangehaal: "Die rektor van die US sal die kompleksiteit van die taligheidsituasie aan dié universiteit moet verstaan. Daarby moet die persoon besliste akademiese en bestuursvaardighede hê."

Hierby kan egter nog veel meer gevoeg word om aan te dui dat die eerste oorweging nie soseer die rektor as persoon behoort te wees nie, maar eerder wat die nuwe rektor alles in ag moet neem by die uitvoering van die amp. Minstens drie faktore is hier ter sprake, naamlik die US en sy voedingsgemeenskappe; die universiteit as neoliberale of as gemeenskapsinstelling; en die US se verhouding met die huidige staatsbestel.

Wat die US en sy voedingsgemeenskappe betref: om redes waarop ons nie hier hoef in te gaan nie is dit alombekend dat die US aanvanklik ontstaan het as 'n sleutelinstelling vanuit en vir Afrikaners, en dat dit miskien dié belangrikste instelling vir die beslaglegging en bevordering van Afrikanernasionalisme naas die Nasionale Party was.

Hoe 'n mens nou ook al vandag oor hierdie historiese band tussen Afrikaners en die US wil oordeel, is die feit van die saak dat dit steeds 'n baie sterk tradisie is wat geen rektor van die US kan ignoreer of wegwens nie. Dit is inderdaad ook so dat dit 'n tradisie is wat vir lang tye onverkwiklike staatsonderdanigheid en hovaardigheid gekweek het en dat dit dus, soos enige tradisie, slegs kan voortbestaan as dit deurlopend herdink en vernuwe word. Maar sodanige vernuwing kan nooit geskied deur die tradisie as sodanig te kriminaliseer of histories eenduidig te benader nie. Sou die rektor so 'n benadering volg, sal hy of sy doodgewoon soos die huidige rektor die meerderheid Afrikaners in 'n loopgraaf injaag waar hulle nie regtig wil wees nie en wat ook nie die rektor se taak sal vergemaklik nie.

Juis een van die aspekte van die US-tradisie wat dringend om hersiening gevra het, is die kwessie van die uitsluiting van arm, bruin en swart Afrikaanse studente. Dit bly een van die rampe van die huidige rektor se termyn dat die ideologiesgelade werwing van swart en Engelse studente klaarblyklik die swaarste geweeg het by die diversifisering van die US se studenteprofiel. Aan die ander kant het hierdie kortsigtige strategie 'n onvoorsiene dog gelukkige uitkoms in die hand gewerk, naamlik die sterk konsensus wat dit in die breë Afrikaanse wêreld gebaar het dat arm, bruin en swart Afrikaanse studente nou dié groep is op wie alle beskikbare fondse en energie in studentewerwing bestee moet word.

Net soos wat daar gewis onder Afrikaners minstens twee duidelike kampe in die huidige rektor se termyn was, net so is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid onder leidende bruin en swart Afrikaanse stemme oor die werwing van studente uit hul eie geledere bo swart en Engelse studente bestaan nie. Die verwagting dat daar sodanige eenstemmigheid moet wees, is wêreldvreemd en dit hoef geen toekomstige rektor af te skrik om die bogenoemde koers vreesloos in te slaan nie.

Wat die kwessie van die universiteit as neoliberale of gemeenskapsinstelling betref: *Die Vrye Afrikaan* het al by talle geleenthede die verskille tussen hierdie twee benaderings uiteengesit. Ons som dit net kortliks weer hier op: die neoliberale opvatting sien die universiteit as instelling in diens van die mark wat "bruikbare kennis" aan studente as verbruikers moet oordra. Ook staan die volgehoue groei – veral wat getalle en inkomste betref – soos by 'n tipiese besigheid hierin voorop. Dié opvatting van die universiteit is maar enkele dekades oud en strook met geen vorige siening van die universiteit sedert Plato se skool nie.

Die gemeenskapsopvatting sien die universiteit as instelling waar kennis nie net nuttig moet wees nie, maar dalk selfs van geen onmiddellike nut hoef te wees nie, en wel aangesien studente in die eerste plek gevorm moet word tot volwasse, denkende burgers, nie net van die land nie, maar ook van hul gemeenskap. Volhoubaarheid, kleinskaligheid en voortreflikheid staan hier voorop. Nodeloos om te sê dat hierdie opvatting van die universiteit aansluit by 'n lang historiese tradisie. Soos 'n knap geesteswetenskaplike onlangs van dié benadering opgerig het: "Ook dít lewer uitkomste vir studente: die vraag is watter uitkomste jy wil hê?" toe hy gevra is of sy benadering by "uitkomsgebaseerde onderwys" inskakel.

Die brute poging van die huidige rektor om die

US vanaf ’n gemeenskapsgerigte instelling tot ’n neoliberale markinstelling te verander, het geensins bygedra tot die goeie harmonie in die US nie. Die eintlike uitdaging hier is hoe die nuwe rektor die US as gemeenskapsinstelling in ’n gemeenskapsvyandige nasionale en wêreldklimaat sal stuur. Hoe dit gedoen kan word, is nie ’n vraag met klinkklare antwoorde nie, maar die gesprek hieroor moet begin word.

Laastens: wat van die US se verhouding met die huidige staatsbestel? Die Suid-Afrikaanse staat is gewis ’n sterk instelling, maar dit moet homself handhaaf naas ’n magtige korporatiewe sektor, ’n lewenskragtige burgerlike samelewing en verskeie internasionale magsblokke. Dié staat kan dus nie tans sonder meer as ’n onverwoesbare fort gesien word nie waarvan die guns ten alle koste gesoek moet word – selfs al is dit ten koste van die volhoubaarheid van jou eie instelling én wat dit sterk maak.

In hierdie verband is die keuse vir die US nie tussen onderdanigheid aan of vyandigheid teenoor die staat nie, maar eerder op watter maniere die US as gemeenskapsinstelling kan bydra tot die voortgaande demokratiese eksperiment in Suid-Afrika, wat nog allesbehalwe afgehandel is. Indien die US homself in die eerste plek as gemeenskapsinstelling verstaan, kan dit met reg beweer word dat dit waarskynlik die sterkste universiteit vandag in Suid-Afrika is. Enige Suid-Afrikaanse regering sal moet rekening hou met die koste op die lang termyn om in ’n onverkwiklike geveg met die Afrikaanse wêreld via ’n sentimenteel belangrike instelling soos die US te tree. Dit is dan ook waarom die regering die afgelope jare herhaadelik uit sy pad gegaan het om te beklemtoon dat hy geen oogmerk van verengelsing met die Afrikaanse universiteite het nie (al vertel dit nie die volle verhaal nie).

Kortom: die beste nuwe rektor van die US sal dié persoon wees wat die historiese en toekomstige Afrikaanse voedingsgemeenskappe kan saamneem, wat die gemeenskapsaard van die US vernuwend hanteer en wat bo alles die ou onverkwiklike US-neiging tot staatsonderdanigheid agterlaat vir ’n verhouding van kritiese lojaliteit.

• *FAK-nuus*

Die FAK nou

VERAL JONGER LESERS VAN *DIE VRYE AFRIKAAN* VRA DIKWELS WAT DIE FAK NOU EINTLIK IS EN WAARMEE HY HOM BESIG HOU. IN HIERDIE AFLEWERING VAN FAK-NUUS STAAN ONS KORTLIKS BY HIERDIE VRAE STIL.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, die FAK, is in 1929 in Bloemfontein gestig op 'n kongres wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gereël is. Dit was in die tyd wat Afrikaner-nasionalisme die samebindende ideologie onder Afrikaners was en die FAK was 'n belangrike knooppunt tussen Afrikaner-intellektuele en die breër Afrikaner-gemeenskap. In die eerste sowat twintig jaar van die FAK se bestaan het die FAK dan veral 'n bydrae gelewer tot die nasionalistiese beweging met sporadiese sogenaamde "volkskongresse" oor sake soos onderwys en ekonomiese opheffing.

In die jare na 1948 is die FAK soos tewens die hele breër spektrum van Afrikaner-kultuurorganisasies tot 'n hoë mate ingebind in die staatsbestel, en oor die volgende dekades sou die FAK eerder 'n verlenging van die staat as 'n platform van die gemeenskap word. Die lewenskragtigheid wat die FAK in sy eerste twee dekades gekenmerk het, sou toenemend taan en teen die vroeë 1990's was die FAK grootliks afhanklik van staatsondersteuning om staande te bly.

Dié onwenslike toedrag van sake is veral vanaf die laat 1990's stelselmatig verander. Waar die FAK-direksie in 'n stadium uit bykans 30 lede bestaan het, is die FAK omgeskakel in 'n sogenaamde Artikel 21-maatskappy sonder winsbejag en die direksie verklein tot net meer as 10 lede.

Dié rasionalisasie van die FAK het ook neerslag gevind in die afskaling van eiendomme gebruik deur of in besit of bestuur van die FAK. Terreine soos die Krugermuseum in Switserland en die Trap der Jeugd-sentrum in Vrededorp, Johannesburg is oorhandig aan ander instansies, ofskoon die FAK nie sy betrokkenheid by hierdie historiese terreine volkome opgesê het nie. Ook is die FAK hervestig in 'n historiese kliphuis op die terrein van die Voortrekkermonument.

Benewens die administratiewe hersiening van die FAK, is daar ook begin met 'n proses van inhoudelike en finansiële hersiening. In die geval van simboliese organisasies soos die FAK word die aanname dikwels gemaak dat hersiening eerder finansieel of bestuursmatig moet wees, maar die FAK het vanuit die standpunt vertrek dat inhoudelike hersiening die voorwaarde vir ander vorme van hersiening is, of minstens hand aan hand daarmee gaan.

Dié inhoudelike hersiening het uitgeloop op die besluit dat die FAK se inhoudelike vernuwing sou geskied deur in 'n sekere sin terug te keer na sy oudste wortels as metapolitieke of ideeforum wat 'n brug tussen intellektuele en die breër gemeenskap slaan. Die FAK vertrek vanuit die standpunt dat Afrikaners nie aan hulle eie gemeenskapslewe, aan die breër land of aan hulle vasteland kan deelneem as dit nie kan geskied aan die hand van bepaalde idees wat deel van 'n samehangende visie vorm nie. Hierdie visie is dié van 'n Afrika van selfrespekterende gemeenskappe waarin Afrikaners as demokratiese gemeenskap tussen ander gemeenskappe in goeie buurskap kan leef en werk vir 'n ander wêreld as een oorheers deur die mark en kulturele imperialisme.

Die verwesenliking van hierdie visie impliseer simboliese en materiële kapitaal, asook 'n bepaalde verhouding met ander simboliese organisasies onder Afrikaners, die Afrikaanse wêreld en die breër Suid-Afrikaanse samelewing.

Wat simboliese kapitaal betref, spits die FAK hom veral toe daarop om in gesprek met die voorste Afrikaanse intellektuele aan 'n demokratiese visie vir Afrikaners te help bou. Uiteraard word hierdie visie in voortdurende gesprek met die breër gemeenskap ontwikkel.

Wat materiële kapitaal betref, handhaaf die FAK steeds goeie verhoudinge met groter Afrikaanse ondernemings en 'n verskeidenheid trustfondse. Hierbenewens het die FAK in die onlangse verlede hom begin toespits op klein- en middelslagsakelui wat sake vanuit 'n gemeenskapsetos doen en reeds heelwat sukses behaal.

Wat ander simboliese organisasies betref, vertrek die FAK vanuit die standpunt dat verskillende organisasies elk hulle bepaalde fokusareas en sterkpunte het, en sien die FAK homself in 'n dialogiese verhouding met hierdie organisasies. Organisasies in die breër Suid-Afrikaanse samelewing wat met ander ideologiese benaderings werk, word gereeld in gesprekke betrek, aangesien die FAK nie glo dat 'n eie visie in isolasie gevorm kan word nie.

Dit alles word beliggaam in spesifieke deurlopende projekte. Dié projekte sluit in: die uitgee van *Die Vrye Afrikaan* as ontledings- en meningsblad van gehalte; gereelde gesprekke met leidende Suid-Afrikaanse intellektuele en simboliese organisasies; die FAK-onderwysprojek gemik op die bestendiging en uitbreiding van Afrikaans in die onderwys asook moedertaalonderrig vir alle Suid-Afrikaanse kinders; deelname aan prosesse om groter samewerking onder Afrikaners te versterk; en die skepping van klimaat by wyse van standpunte en studiestukke wat van tyd tot tyd in die media bekendgestel word.

• *Ekonomierubriek*

Regsuitdaging van waterbeleid geloods

"WATER IS LEWE!" DIT IS DIE BOODSKAP VAN GRAFFITIKUNSTENAARS OP DIE MURE NABY DIE PLAASLIKE KANTORE VAN JOHANNESBURG WATER IN DIE HART VAN DIE ARM GEMEENSKAP VAN PHIRI, SOWETO. DIT IS 'N BOODSKAP WAT AANSTONS ONDERWERP GAAN WORD AAN INTENSIEWE OORWEGING DANKSY DIE LOODSING VAN 'N BAANBREKENDE REGSUITDAGING WAT DEUR ETLIKE INWONERS VAN PHIRI GEBRING WORD.

Deur Dale T.McKinley*

Volgens 'n verklaring wat onlangs uitgereik is, is 'n aansoek ingedien by die Johannesburgse Hooggeregshof "wat die Hof vra om te verklaar dat die besluit van Johannesburg Water om gratis basiese watervoorsiening te beperk tot 6 kiloliter per huishouding per maand en eensydig voorafbetaalde meters te installeer ongrondwetlik en onwettig is. Die Hof word gevra om Johannesburg Water (Edms.) Bpk. te beveel om 'n gratis basiese waterrvooraad van 50 liter per persoon per dag te voorsien, en die opsie van 'n krediet-gemete voorraad geïnstalleer op die onkoste van die Stad van Johannesburg vir die inwoners van Phiri, Soweto."

Die aansoek, wat die eerste van sy soort in Suid-Afrika is, word gebring deur vyf werklose inwoners van Phiri "namens hulself, hul huishoudings en alle inwoners van Phiri in 'n soortgelyke posisie, asook almal in openbare belang". Dit word geloods onder die beskerming van die Koalisie teen Waterprivatisering (´n versameling gemeenskapsorganisasies en progressiewe NRO's wat stry teen die negatiewe effekte van huidige waterbeleide op die armes) met die ondersteuning van die Sentrum vir Toegepaste Wetstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand en die Vryheid van Spraak-instituut.

Een van die aansoekers is die 35-jarige Jennifer Makoatsane wat haar hele lewe lank in Phiri woon. Jennifer woon in 'n vierkamerhuis saam met 8 ander familielede. Niemand in die huishouding het werk nie en die enigste ander bron van gereelde inkomste is haar ma se maandelikse pensioentoelaag van R870.

Jennifer sê dat hulle in die afgelope jare in staat was om te oorleef op die 20 000 liter water per maand verskaf deur die munisipaliteit teen 'n bekostigbare eenvormige tarief. Sedert Augustus 2003, sê sy, het haar lewe egter moeiliker geword aangesien haar oorlede pa geteken het vir 'n voorafbetaalde watermeter (wat die 6 000 liter gratis water verskaf voor dit afsny) om in hulle erf geïnstalleer te word. "Die 6 000 liter is nie genoeg vir ons behoeftes nie. In ons huishouding van 9 is ons water na twee weke op."

"Dit het ons soveel geaffekteer… ons moet minder water gebruik omdat ons nie kan bekostig om te betaal nie, en ons gebruik dieselfde water vir verskillende dinge. Jennifer sê dat dit ook konflik oor bestedingsprioriteite in die huishouding veroorsaak het. "Dit is moeilik om te dink oor om water te koop. Jy dink twee keer as jy R5,00 het of jy 'n brood gaan koop of dit gaan spaar om water te koop". Sy vra waarom diegene wat die meeste water gebruik ("die rykes in die voorstede met hulle swembaddens en baie badkamers en toilette") nie gevra word om hulle verbruik deur die gebruik van voorafbetaalde meters te verminder nie. Sy noem die instelling van voorafbetaalde meters "niks anders nie as winsmaking".

Die voorafbetaalde watermeters het duidelik 'n negatiewe maatskaplike en kulturele impak. Jennifer vertel hoe inwoners nou "twee keer dink voor hulle rituele uitvoer omdat baie van ons kulturele praktyke groot hoeveelhede water benodig… begrafnisse en troues word regtig moeilik vir ons omdat ons nie die groot hoeveelhede water wat nodig is, kan bekostig nie." Sy sê dat vroeëre praktyke van kommunale waterdeling vervang is deur 'n uitbuitende 'watermark' in die buurt en dat bure in sommige gevalle mekaar se water steel – "daar is nie meer 'n gees van *ubuntu* nie; die meters het oorlog gebring na ons gemeenskap".

Dit is teen die agtergrond van sodanig geleefde ervarings in arm gemeenskappe soos Phiri en die openlike vyandigheid van waterdiensentiteite soos Johannesburg Water – naas die nasionale en plaaslike regering – teenoor gemeenskapsopposisie teen die voorafbetaalde meters wat die hofsaak gevoer word. Die uitgebreide en oorwoë argumente vervat in die aansoek sal oënskynlik uiteindelik die grondwetlike bepaling dat "almal die reg op toegang tot voldoende water" het, toets.

In die aansoek betoog dr. Peter Gleick, 'n wêreldkenner van waterregte, dat die hoeveelheid gratis basiese water verskaf aan die inwoners van Phiri onvoldoende is om die basiese behoeftes te bevredig, "en nie in die minste nie omdat dit gebaseer is op 'n bedrag per huishouding per maand eerder as per persoon per dag". Gleick sê dat 'n syfer van 50 liter per persoon per dag die minimum "vertrekpunt is om

* *Politieke kommentator, gemeenskapsaktivis en onafhanklike navorser. Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in Africa News Dimension*

mense in die aansoekers se posisie van toegang tot voldoende water te voorsien". In 'n ander deel van die aansoek getuig prof. Desmond Martin, president van die MIV-Klinici-vereniging, van die behoefte vir meer water op 'n daaglikse basis vir mense wat met MIV/Vigs saamleef as vir nie-MIV-geïnfekteerde mense, ten einde hul gesondheid, lewenstandaard en waardigheid te verseker.

Terwyl die Hooggeregshofverhoor nog maande weg is en die uitkoms ver van duidelik, is mense soos Jennifer Makoatsane trots daarop dat dit alreeds nasionale en internasionale aandag op hul stryd gevestig het. "Minstens sal mense kan opstaan en veg vir hulle regte, want water is 'n mensereg… ons sal voortgaan om weerstand te bied teen wat ons weet verkeerd is."

• *Reeks: Die Afrikaanse universiteit van die toekoms*

Afrikaans binne meertalige verband?

DIE HUIDIGE DEBAT OOR DIE POSISIE VAN AFRIKAANS AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE GESKIED UITERAARD BINNE DIE KONTEKS VAN 'N BREËR DEBAT OOR MEERTALIGHEID BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITSWESE.

Deur Theo du Plessis[*]

Universiteite soos die Universiteit van Stellenbosch bly praat oor die handhawing van Afrikaans as taal van hoër onderwys binne "meertalige verband"; KOVSIES ('n benaming waarmee heelwat swart studente terloops nie kan identifiseer nie) se taalprofilering aksentueer multikulturaliteit,'n verwante konsep (maar nie onproblematies nie), ensovoorts. Trouens, die rektore van die voormalig hoofsaaklik wit universiteite waar Afrikaans tot teen die middel van die negentigerjare van die vorige eeu as primêre onderrigtaal aangewend is, het vroeër vanjaar die Minister van Onderwys versoek dat hulle trosbenaming verander na "Meertalige universiteite". ('n Waardige poging om weg te beweeg van die histories onjuiste benoeming "Histories Afrikaanse Universiteite" – dis 'n benoeming wat sekerlik tog net kan geld vir universiteite wat inderdaad histories as Afrikaanse instellings gekonseptualiseer is. Universiteite soos die Universiteit van Pretoria en die Vrystaat is immers histories Engelstalige instellings.) Dit is egter nie net universiteite wat die meertaligheidsnaar tokkel nie – onse regering self doen dit gretig, sonder om noodwendig verder te gaan as tokkel. 'n Mens kom tekens van gewaande meertaligheidsbewustheid selfs in die sakewêreld teë.

Voorlopig is geluide rondom meertaligheid dus nog polities korrek, uiteraard ook in hoëronderwysverband. Maar ons moet onmiddellik toegee dat daar tog ook bepaalde nasionale direktiewe rondom meertaligheid bestaan wat kwalik tot beeldpoetsing beperk is. Taalpolities beskou, is Suid-Afrika besig om te transformeer van 'n tweetalige na 'n meertalige land, wat dit ook al mag beteken. Die Taalklousule vereis byvoorbeeld steeds 'n vorm van tweetalige bediening en funksionering in regeringskringe as minimum vereiste, sonder om dit natuurlik soos in die verlede vas te pen binne 'n spesifieke taalformule. Verder word meertaligheid as oogmerk nie pertinent by die naam genoem nie – vandaar die tendens om vaagweg na die Grondwet se "gees van meertaligheid" te verwys. Die hoër onderwys kan nogtans nie ontsnap aan georkestreerde pogings tot herprofilering op taalgebied nie. Juis daarom behoort kennis geneem te word dat beide die *Language Policy in Education* (1997) en die *Language Policy in Higher Education* (2002) – vir ons doeleindes sentrale beleidsdokumente – meertaligheid pertinent as oogmerk stel. By eersgenoemde gaan dit oor die bevordering van "toevoegende" meertaligheid (as sodanig al 'n reuse opgaaf) en by laasgenoemde oor die bevordering van meertaligheid oor die algemeen en spesifiek die vestiging van meertaligheid in die institusionele beleid en praktyke van hoëronderwysinstellings. Wat natuurlik nou telkens met die betrokke begrip bedoel word, is myns insiens 'n sleutelvraag in die debat oor meertaligheid in hoër onderwys.

In die taalsosiologie word die begrip meertaligheid meestal op minstens twee maniere verstaan. Die begrip kan soms oorkoepelend verwys na die voorkoms van meertaligheid as samelewingsverskynsel, byvoorbeeld waar verwys word na die meertaligheidsprofiel van 'n land soos Suid-Afrika, 'n land waarin letterlik meer as een taal gebruik word. So gesien, verwys die begrip dus na die meertaligheidsprofiel van 'n spesifieke gemeenskap of streek of land ensovoorts. Maar die begrip kan ook verwys na die linguistiese repertoire van 'n individu, byvoorbeeld waar verwys word na 'n individu se beheersing van meer as een taal. Vereenvoudig gestel, kan eersgenoemde gebruik ook genoem word samelewingsmeertaligheid, en laasgenoemde individuele meertaligheid.

Pas ons nou hierdie onderskeiding toe, kom 'n mens onmiddellik agter waarom die populêre (en populistiese) rondstrooi van die begrip meertaligheid binne die Suid-Afrikaanse konteks eintlik mistifiserende afmetings aanneem. Wanneer die *Language Policy in Higher Education* byvoorbeeld die bevordering van meertaligheid beoog, word daarmee samelewingsmeertaligheid of individuele meertaligheid bedoel? Dieselfde vraag het ook betrekking op die wens dat meertaligheid inherent deel van instellings se daaglikse aktiwiteite word. Sekerlik word albei bedoel, maar klaarheid omtrent watter een, wanneer en hoe ontbreek natuurlik (soos in enige ander "goeie" taalbeleidsdokument). Dit is byvoorbeeld moeilik om in vandag se lewe 'n greep te kry op die begrip "eentalige" universiteit (wanneer na meertaligheid as samelewingsverskynsel verwys word) net soos dit in dieselfde asem nogal moeilik is om te verstaan wat met die begrip "meertalige" universiteit bedoel word. (Terloops nog 'n rede waarom die begrip Histories Afrikaanse Universiteit ietwat stom is.) Ons sal dus ons

[*] *Eenheid vir Taalbestuur, Universiteit van die Vrystaat*

terminologie rondom die talige beskrywing van hoëronderwysinstellings 'n bietjie moet verfyn. Ofskoon dit gaaf is dat die Minister van Onderwys nou moet besin oor 'n meer gepaste benaming vir die vyf universiteite waarby Afrikaans vir enkele jare as primêre voertaal gebruik is, vertroebel die voorstel wat sy tans moet oorweeg ongelukkig die debat, eerder as wat dit ons vorentoe neem.

Nou kan ons ook sien dat die begrip "Afrikaans binne meertalige verband", hoe mooiklinkend, goed bedoeld of polities korrek ook al, eintlik 'n konstatering is van 'n normale, eietydse taalekologiese werklikheid. Die betrokke stelling kan ewe goed geld vir 'n taal soos Russies of Japannees, of selfs vir Engels; noem maar op. Suid-Afrikaanse kampusse is by verstek reeds meertalig gewoon omdat daar meer as een taal op hulle kampusse voorkom.

Gegewe die Suid-Afrikaanse meertalige werklikheid, wat uiteraard ook op ons universiteitskampusse neerslag vind – ek stel dit as minimum vertrekpunt – lyk dit my sinvol om te vra met watter belangrike tendense binne hierdie taalekologie universiteite rekening behoort te hou en wat hulle hieromtrent te doen staan. Die debat oor Afrikaans vorm uiteraard deel van so 'n besinning. Natuurlik roep so 'n wending onvermydelik die vraag op of universiteite inderdaad 'n taalopdrag het, ek praat nou van 'n selfopgelegde opdrag en nie van die een wat die staat oplê nie (bv. die een oor meertaligheid waaroor die besinning hier gaan). Uit die geskiedenis leer ons dat Suid-Afrkaanse universiteite hulle nog nooit eintlik vreeslik aan die staat se taalopdrag gesteur het nie, immers een van die redes waarom die beginsel van taaldifferensiasie in hoër onderwys ontstaan het. Die resultaat was juis die ontstaan van "Engelstalige" teenoor "Afrikaanstalige" instellings met enkeles daartussen, die sogenaamde "tweetalige" instellings waar verskillende vorme van tweetalige hoër onderwys gepraktiseer is. Maar kom ons aanvaar vir die wyle dat universiteite inderdaad met die meertalige taalwerklikheid "daar buite" rekening behoort te hou en kyk na 'n ander invalshoek wat dalk ander perspektiewe tot die debat oor Afrikaans kan oplewer.

Dit bring ons dan by die onstuitbare opmars van Engels as sekerlik dié tendens waarmee vandag rekening gehou moet word. Die huidige debat oor die rol van hierdie taal aan Suid-Afrikaanse universiteite (wat nog met Afrikaans as onderrigtaal wil voortbeur) kan grootliks gesitueer word binne die konteks van samelewingsmeertaligheid; dit gaan vir heelwat gespreksgenote oor die taalekologiese impak wat Engels het op die funksionering van Afrikaans binne hoëronderwysverband.

Taalonderwysmodelle waarbinne Afrikaans gekoester of minimaal beskerm word, bly dus 'n belangrike spilpunt binne sulke gesprekke. Ofskoon 'n belangrike debat, word die noodsaak van individuele meertaligheid of eerder individuele tweetaligheid egter soms uit die oog verloor. Die parallelmediummodel wat die Universiteit van die Vrystaat skynbaar met 'n mate van sukses toepas, bied dus taalekologies gesien verskansing vir Afrikaans, 'n aspek van ons samelewingsmeertaligheid word institusioneel verskans, maar watter bydrae lewer die model tot individuele tweetaligheid? Aan die ander kant lyk die kontensieuse T-opsie dalk na 'n beweeg in die ander rigting, maar watter voordeel trek die leerder wat Engels verlang juis omdat Afrikaans ontoeganklik is? Ironies genoeg kan die Afrikaanssprekende leerder na gelang van watter permutasie van die T-opsie toegepas word, op die ou end dalk wel tweetalige voordeel begin trek, maar is dit werklik die bedoeling wat voorop gestel word?

Waaroor miskien nie genoeg besin word nie, is oor universiteite se bydrae tot die uitbou van individuele tweetaligheid wat ons onderwysstelsel al etlike jare in gedagte het, hoe gebrekkig dit ook al mag wees. Ek gee onmiddellik toe, die universiteit is nie die plek om te begin werk aan individuele tweetaligheid nie, maar ons kan ook nie die huidige diskontinuïteit gewoon daar laat nie. Die hele kwessie van tweetalige hoër onderwys, iets wat in die Unietydperk effektief gestigmatiseer geraak het, behoort dus weer ter tafel geneem te word. En met tweetalige hoër onderwys word bedoel individuele onderwys.

Individuele hoër onderwys kan binne 'n dubbeltalige onderwysmodel aangepak word. Die Engelse begrip is "dual medium education". (Let op, ek vermy die begrip dubbelmediumonderwys omdat Suid-Afrikaners die begrip sodanig verwater het dat gemengde medium, met ander woorde twee tale binne dieselfde klassituasie, as dubbelmedium voorgehou word.) Dubbeltalige onderwys verwys na onderwys in twee verskillende tale aan dieselfde leerder, maar nie gelyktydig nie. Kompartementalisering is een van die belangrike beginsels by die toepassing van dubbeltalige onderwys. Op universiteitsvlak beteken dit tipies dat 'n leerder 'n graad in twee tale neem, wat sou impliseer dat 'n bepaalde aantal modules in 'n tweede of alternatiewe onderrigtaal aangebied moet word. Elke instelling kan hierdie verdeling na gelang van omstandighede skik. Vir ons sou dit beteken dat 'n Afrikaanse student dus 'n deel van 'n kwalifikasie in Engels sal neem.

Die probleem met dubbeltalige hoër onderwys is dat 'n vorm van tweetalige vaardigheid as voorvereiste gestel moet word. Binne die Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat Afrikaanssprekende leerders dalk beter mag kwalifiseer as Engelstalige leerders, en dat leerders wat die ander Suid-Afrikaanse tale (die sogenaamde Afrikatale – insgelyks 'n misleidende begrip) praat, dan waarskynlik nog verder benadeel kan word. 'n Mens sou egter ook kon redeneer dat dubbeltaligheid dalk ook die moontlikheid kan open om juis van hierdie tale te begin gebruik as hoëronderwystale na gelang van regstellende aanstellings wat gemaak word. Dubbeltalige onderwys kan dus na drie rigtings toe werk.

Dis jammer dat daar nie meer ondersoek gedoen is rondom dubbeltaligheid aan die eertydse "tweetalige" universiteite soos die ou UPE nie, of dat dokumentering rondom hierdie model nie geredeliker beskikbaar is nie. Vir 'n herbesinning oor die lewensvatbaarheid van hierdie model binne die huidige Suid-Afrikaanse konteks is sulke inligting (en ervaring) van groot belang. Die voorbeelde van buitelandse universiteite waar hierdie model toegepas word, is

uiteraard nuttig, maar ons weet al nie altyd heeltemal redupliseerbaar hier te lande nie.

Ook is dit jammer dat tweetalige hoër onderwys gedurende die Unietydperk 'n stigma ontwikkel het. Dalk is ons historiese geheue hieromtrent ook aan die kort kant en kan dit help om die gesprek te heropen.

Ek voeg dus graag toe tot die huidige debat oor Afrikaans aan universiteite die leuse, "Afrikaans binne individuele tweetalige verband". Hopelik kan daar ook besin word oor dubbeltalige hoër onderwys en die waarde wat dit vir Afrikaanstaliges maar ook vir ons ander Suid-Afrikaners kan inhou, indien natuurlik kreatief ingerig. Ek moet ten besluite dus toegee dat my pleidooi aansluit by die polities "korrekter" wordende "en-en"-model (en nogal populêr in die veranderingsbestuurskader) wat ook al in die Stellenbosche taaldebat geopper is. Hiermee steun ek my slotgedagte, dat ons rondom die posisie van Afrikaans in die hoër onderwys kwalik op eie houtjie moet probeer. Dit mag selfs nodig word dat die vyf universiteite waar Afrikaans nog as onderrigtaal gebruik word, dalk besin oor 'n gesamentlike strategie, en dalk in die proses weer die Gerwel-dokument afstof en die oordadige onderneming van die rektore destyds altemit herroep. Sonder om natuurlik die noodsaak aan individuele tweetaligheid prys te gee!

• *Reeks: Wat is transformasie?*

Partylojaliteit en die buit van "bevryding"

TALLE REGSTELLENDE AKSIE-AANSTELLINGS VERTOON 'N PATROON WAAR MENSE WAT GENERIESE VAARDIGHEDE OP EEN SAMELEWINGSTERREIN VERWERF HET DIT SUKSESVOL NA ANDER TERREINE KAN VERPLAAS.

Deur Jannie Gagiano*

As ons regstellende aksie opneem as sou dit beteken wat liberale in die VSA aanbeveel as metode om 'n meer legitieme maatskaplike orde tot stand te bring in 'n samelewing wat histories geteister is deur die al die ou vorme van gedwonge ongelykheid wat die menslike vlees beërwe het, insluitend apartheid, dan behoort niemand in Suid-Afrika teen hierdie remedie beswaar te maak nie.

Maar ons tuisgemaakte weergawe van regstellende aksie word nie ingegee deur 'n liberale etos soortgelyk aan dié wat hierdie remedie van historiese ongeregtighede so gewild in die VSA gemaak het nie. Dit word onderskryf deur 'n maatskaplike metafisika van 'n gans andere orde. Die kardinale bedoeling onderliggend aan die begrip wat in die huidige Suid-Afrika as regstellende aksie deurgaan, behels "bevryding" van vreemde inbreuk en beheer oor die instellings van mag in die Suid-Afrikaanse samelewing. Bevryding vereis die vervanging van die personeel wat die stelsel bedien het van staatsdominasie opgerig onder die beskerming van kolonialisme, kapitalisme en imperialisme (KKI) met diensperssoneel bestaande uit lede van die outochtone (*aboriginal*) bevolkings. Dit berus op die vertrekpunt dat maatskaplike geregtigheid en demokrasie in Suid-Afrika slegs verwesenlik kan word wanneer die outochtone bevolkings beheer herwin oor dit wat hulle ontneem is deur die optrede van agente van KKI.

"Die mense" (*the people*) as die bron van demokratiese legitimiteit word omskryf in terme van 'n kriterium wat diegene uitsluit wat as die bevoordeeldes van apartheid beskou kan word. "Die mense" as 'n "maatskaplike formasie" word afwisselend omskryf as "die voorheen verdruktes", "diegene wat onder koloniale en imperialistiese verdrukking gely het" of wat nou gemeenplasig in die diskoers geassosieer met regstellende aksie geword het, "lede van die voorheen benadeelde gemeenskappe".

Hierdie *amandla awethu*-logika vind sy grondlegging in die invloed wat Bolsjewisme uitgeoefen het oor bevrydingsideologie tydens die uitgebreide periode wat die ANC en die SAKP saamgespan het in 'n bevrydingsoorlog onder die voogdyskap van die Sowjet-Unie.

Bolsjewisme was 'n vorm van kettery binne die Marxistiese tradisie wat afgewyk het van die klassestrydlogika van die ortodokse Marxisme, en die opvatting omarm het dat oorloë van nasionale bevryding van imperialisme en kolonialisme die klasse-oorlog vervang het as die belangrikste bevrydingsprojek van die "progressiewe" mensdom.

'n Suksesvolle bevrydingsoorlog herstel die selfbeskikking van 'n morele gemeenskap genaamd "die mense" wat moet heers, sodat die politieke bestel (*polity*) die benoeming 'demokrasie' waardig kan wees. In die bevrydingswoordeskat hou demokrasie op om 'n reëling te beskryf waarvolgens die mense besluit hoe en deur wie hulle geregeer sal word. Nasionale onafhanklikheid van buite-oorheersing (nasionale self-beskikking) word die hoofkenmerk van demokrasie. Die sentrale eienskap van so 'n opvatting van demokrasie word goed saamgevat in 'n antwoord deur die Afrikaleier, Sekou Toure, toe dit aan hom uitgewys is dat talle van die nuut onafhanklike Afrikastate deur diktators geregeer word: "Ja, maar hulle is ons diktators!"

Daardie politieke magte wat verkiesings betwis teen die voorhoede van die mense, die ANC, is nie soos hulle in 'n normale demokrasie sou wees slegs in opposisie teenoor die regerende party nie; hulle is in opposisie teenoor demokrasie self. Om die ANC te opponeer, is om bevryding te opponeer. Die demokratiese oomblik vereis die ANC in mag. As die ANC byvoorbeeld nie Stellenbosch-munisipaliteit regeer nie, kan die mense van Stellenbosch nie geag word as demokraties geregeer nie. Onder bv. DA-regering is die alledaagse gebruik om na Stellenbosch as 'n "niebevryde sone" te verwys. Die pogings van die DA om die oorhand oor die ANC in die verkiesingsarena te kry is "eintlik" (diepliggend, subliminaal, onbewustelik, in die versteekte uithoeke van die kollektiewe wit bewussyn, in die oeropwelling van die wit libido *dominandi*) 'n poging om beheer van buite oor die mense te vestig. Om die aanstootlike onderwerping van "die mense" soos dit onder KKI en apartheid gegeld het, te herstel.

Vanuit so 'n vertrekpunt is dit maklik om die afleiding te maak dat om ontslae te raak van die personeel wat nie as "voorheen benadeel" kwalifiseer nie, 'n nodige stap vir die bevordering van demokrasie

* *Afgetrede dosent in politieke wetenskap, Universiteit Stellenbosch en tans DA-raadslid van Stellenbosch-munisipaliteit. Uit die Engels vertaal deur Johann Rossouw, redakteur@vryeafrikaan.co.za*

is, asook sy bloedverwante soos nasionale bevryding, maatskaplike en ekonomiese emansipasie, vryheid, *amandla awethu*, ens. Die morele dwang samehangend met die projek van bevryding is ’n veeleisende baas. Dit vereis onbuigbare lojaliteit en toewyding aan die “breë kerk”. Emplojering is ’n funksie van ontplooiing eerder as ’n onafhanklike vorm van beroepsbetrokkenheid.

Nog ’n sêding wil dit hê dat daar in elke vet man ’n maer man is wat wil uitkom. Die ironie van die grondwetlike bedeling in Suid-Afrika is dat ons hier ’n regering met ’n Bolsjewistiese denkraamwerk dog vasgevang in ’n liberale Grondwet het. Ideoloë in “Ons Beweging” praat van “tweefaserewolusies”, “posisie-oorloë”, “sonsondergangklousules”, ens. in die debatte oor hoe die doelwitte van bevryding bevorder kan word in weerwil van die liberale “dwangbuis” waarin opposisiepartye soos die Demokratiese Alliansie hulle “progressiewe” bevrydingsprojekte wil perk. Die liberale opvatting van die skeiding van magte uitgeoefen deur staatsorgane sodat hulle vir mekaar as wigte en teenwigte kan dien in diens van die beskerming van die individu se vryheid, word voorgehou as ’n hindernis vir bevryding. Bevryding vereis die fusie van mag.

Bevrydingsideologie verkondig die opvatting dat die staat moet dien as motor van bevryding en die bevrydingsprojek (veral die verwesenliking van sy gelykheidsoogmerke) vereis die fusie van die staat se administratiewe, geregtelike en wetgewende organe in die skoot van die “organisatoriese uitdrukking van bevryding”, die African National Congress. Wat in Suid-Afrika bekendstaan as regstellende aksie, beskryf ’n proses van die oprigting van ’n stelselmatige vorm van hegemoniese beheer van die party oor staatsinstellings. Dit het niks te make nie met die logika van verspreidende geregtigheid onderliggend aan die opvatting van regstellende aksie in die Verenigde State. Daar het regstellende aksie ’n liberale afkoms en is dit gerig op die verspreiding van geleenthede en belonings op ’n billike wyse. Die logika van regstellende aksie in Suid-Afrika het ’n Bolsjewistiese afkoms. Dit gaan oor *amandla awethu*. *Amandla awethu* is geregtigheid. Dit is die nodige en doeltreffende voorwaarde wat verwesenlik moet word sodat geregtigheid in Suid-Afrika moontlik kan word.

In die “dwangbuis”-logika van liberale konstitusionalisme word openbare amptenare gelas om hulle politieke oortuigings te onderdruk en te privatiseer. Per slot van rekening bedien hulle ’n korpus van burgers wat allerlei uiteenlopende politieke oortuiginge huldig en wat as ’n saak van reg kan verwag om behandel te word as burgers van gelyke stand, selfs al was hulle in die verlede die kwelgeeste (*tormentors*) van “die mense”. In ’n grondwetlike staat soos ons s’n, wortel politieke legitimiteit in die opvatting van burgerskap van gelyke waarde. Ons mag dalk maatskaplik en ekonomies ongelyk wees, ons mag toevallig lede wees van gemeenskappe wat bevoordeel is onder apartheid, ons mag Afrikaanssprekend en wit wees, ons mag lede wees van “kapitalistiese maatskaplike formasies” of lede van die uitgebuite massas onder internasionaal georganiseerde Westerse imperialisme, maar grondwetlik word ons gelyk geag.

As ’n teenhanger het ons gelyke regte. Die Grondwet maak geen melding nie van “die mense” as die gesalfdes van die geskiedenis met spesiale aansprake op voordele wat in diens van geregtigheid en regverdigheid ontsê kan word van diegene wat nie van die “voorheen benadeeldes” is nie. Per slot van rekening is die ou bevooroordeelde apartheidstaat wat wittes as die enigste opbetaalde lede van die politieke gemeenskap behandel het, nou agter ons. Ons is nou almal Suid-Afrikaans. Die “nasionale vraagstuk” mag dalk nie in die hoogdrawende filosofie van bevrydingsideoloë opgelos word nie, maar vir sover dit die Grondwet aangaan, is dit passé.

In ’n liberale demokrasie is openbare amptenare veronderstel om onderworpe te wees aan die doeltreffende funksionering van die beginsels van gelyke burgerskap en die outonomie van die staat. Ten einde daaraan effek te gee, word dit van openbare indiensnemingspraktyk vereis om te wortel in die norme geassosieer met die professionalisering van loopbane in die staatsdiens, en die gebruik van reëls van werwing en plasing **wat poste in politieke partye en verteenwoordigende instellings doelbewus skei van poste in die staatsapparaat**. Die vereiste dat dít **twee aparte loopbaantrajekte moet uitmaak** is die norm in werkende grondwetlike demokrasieë. Instemming met hierdie norm is wesenlik om die outonomie van openbare instellings te stut tot op ’n vlak waar hulle beskerm word teen ’n terugval na ’n soort partisane staat waar openbaar gegenereerde hulpbronne gewy word aan die voordeel van sommige burgers tot nadeel van ander burgers. Die geskiedenis is besaai met voorbeelde van politieke klasse wat soos roofdiere in die samelewing opgetree het, en die meeste van die institusionele vooruitgang in die vestiging van demokratiese politieke praktyke in die Weste het ontwikkel in reaksie op die noodsaak om politieke roofdierskap teen te werk en die mag van potensiële politieke roofdiere te tem. Ons het geen begeerte nie om terug te keer na ’n situasie waar die logika van maatskaplike geregtigheid ’n waarborg word wat roofdieragtige politieke elites toelaat om die versterkings wat ons Grondwet opgerig het om hulle gierige drange af te weer, te verswak. Ons het genoeg daarvan onder apartheid en in die Mugabe-agtige optrede van ons eerbiedige naburige Afrikastate gesien.

Wat ons van die indiensnemingspraktyke van die regerende party in Suid-Afrika gesien het, ondermyn grootliks sowel die norm van die instandhouding van die outonomie van openbare instellings, as die handhawing van die beginsel van burgerskap van gelyke waarde.

Die oëverblinderstruuk wat die ANC probeer uithaal, werk so: Historiese geregtigheid word gedien deur “regstellende aksie”. Die toepassing van sirkulêre redenering op *amandla awethu*-vertrekpunte bevestig dat regstellende aksie diegene bevoordeel wat onder apartheid die verknegtes was. ’n Ongekende geleentheid duik op vir “die voorheen benadeeldes” in die vorm van ’n bevrydingsdividend. Die reusagtigheid van hierdie dividend is van so ’n aard dat hulle maklik

oorgehaal word deur *amandla awethu*-voordele wat hulle kan toekom, dat die toetredingskwalifikasies van ’n suksesvolle openbare loopbaan geesdriftige instemming met die regerende party vereis. (Baantjiesjag [*careerism*] word gebore.) Elke nikswerd intellektueel met ’n derdeklas B-graad kan nou voordeel trek uit die kategoriefout wat dit wil hê dat die kleur van ’n mens se vel onweerlegbare bewys is van waar ’n mens jou bevind op die groot gaping tussen die bevoordeeldes (wit) en die benadeeldes (swart). En dit in weerwil van groeiende getuienis dat die enigste swartheid wat werklik geld, die swartheid is wat kom daarvan om opgewek te word in die politieke baarmoeder van die regerende party. (Byvoorbeeld, *in utero* bevrugte swartes kan baie ryk word sonder om die voordele te verbeur daarvan om lede van die “histories benadeeldes” te wees. Selfs diegene wat ryk geword het onder apartheid of voordeel getrek het daaruit om gekoöpteer te word tot samewerking met die regime verbeur nie hulle status as “voorheen benadeeld” nie.) In die lig hiervan swerm die veiles en die ambisieuses vinnig na die skoot van die party waarvandaan hulle hul lojaliteit aan die saak proklameer en gevolglik hulle kandidatuur om bevoordeeldes van “bevryding” te word. (Baantjiesjag word haalbaar. Die siniese najaag van persoonlike gewin in die naam van toewyding aan die doelwitte van die Struggle word gemeenplasig, so gemeenplasig dat ons staatspresident dit in die openbaar gediagnoseer het as een van die hoofredes vir die mislukking van plaaslike regering in Suid-Afrika.)

Aangesien historiese geregtigheid (bevryding) slegs teweeg gebring kan word deur diegene wat vertrou kan word met die akkurate implementering van die bevrydingsprogram, word partygetroues uitgesonder vir ’n manjifieke monopolie op poste. (Vanselfsprekend kan slegs die Mense se mense regeer as die Mense regeer. Hierdie riglyn vloei uit die *amandla awethu*-logika waarna hierbo verwys.)

Die selfdienende sirkel word voltooi deur ’n mens se lojale kaders te plaas in die kruin van elke instelling waar mag uitgeoefen word, terwyl jy hulle beloon met netjiese salarisse uit openbare fondse en daarvandaan die instelling se gedrag beheer. Die parlement word ’n voorste ideologiese kwekery om die vaardighede van die politieke priesterdom af te rond en as LP’s na topposte “herontplooi” word, word ruimte vir nuwe rekrute van die kwekery geskep. Dit alles op openbare onkoste.

Soos ’n verowenderende weermag voed die beweging vanaf die land waardeur dit marsjeer.

LE MONDE diplomatique

Israel se koloniale kapitalisme

MODI'IN ILLIT IS 'N GROOT JOODSE KOLONIE OP DIE WESOEWER WAT DIE GRONDGEBIED VAN VYF PALESTYNSE DORPIES BESET: NI'LIN, KHARBATA, SAFFA, BIL'IN EN DIR QADIS. DIT IS OM DIE WAARHEID TE SÊ DIE NEDERSETTING WAT DIE VINNIGSTE ONTWIKKEL; BINNEKORT BEHOORT HY DORPSTATUS TE VERKRY: DIE ISRAELSE MINISTER VAN BEHUISING VOORSIEN DAT SY INWONERTAL VAN 30 000 TOT 150 000 IN 2020 SAL TOENEEM.

Deur ons spesiale verteenwoordiger Gadi Algazi*

Dit vorm deel van daardie "kolonieblokke" wat die een Israelse regering na die ander uitgebrei het en beoog het om in te lyf. Dit illustreer ook die verband tussen die skeidsmuur en die uitbreiding van kolonies: die ontwikkeling van Modi'in Illit het die ondergang beteken van die Palestynse boere van Bil'in, 'n klein dorpie met 1 700 inwoners wat deur die bou van die muur van die helfte van hulle oorblywende grond ontneem is: ongeveer 2 000 doenams (1).

Sedert Februarie 2005 is die inwoners van Bil'in verwikkeld in 'n nie-gewelddadige stryd teen die muur. Naas militante Israeliese kampvegters vir vrede en internasionale vrywilligers, protesteer hulle elke Vrydag, hand aan hand, voor die stootskrapers en soldate. Hulle span saam met ander Palestynse dorpies wat die afgelope vier jaar 'n moeilike weerstandsveldtog voer. Hierdie optredes, waaroor daar haas niks buite Palestina bekend is, en wat dikwels deur Volkskomitees teen die Muur georganiseer word, het tot dusver beskeie dog merkbare resultate bereik: hulle het dit al reggekry om die bou van etlike skeidings wat hulle van hulle grond beroof en hulle verplig om in enklaves te woon, stop te sit of te vertraag. In Budrus en in Deir Ballut het die Komitees selfs daarin geslaag om die ligging van die muur te verander, en so 'n deel van die gekonfiskeerde wingerde, landerye en waterbronne terug te kry.

Die betekenis van hierdie beskeie oorwinnings word duidelik as 'n mens dink aan die onbetwiste militêre oormag van Israel. Danksy sy militêre krag asook die steun van die VSA, en met die vrugte wat hy pluk van mnr. Ariel Sharon se onttrekkingsveldtog, wen die Hebreeuse staat grond teenoor die Palestyne wat al meer geïsoleerd raak en in 'n bose lig gestel word. In die buiteland word Israel se eensydige beleid al hoe meer aanvaar, al is dit dan ook soms teësinnig.

Dit is veral hierdie "Intifada van die muur" se langtermyninvloed wat belangrik is. Die herhaalde nie-gewelddadige massa-optogte, hoewel broos en op klein skaal, wat 'n marginale rol aan die begin van die tweede Intifada gespeel het, lyk of dit ingewortel raak en vrugte begin dra. Namate die kanse op regverdige vrede in Palestina begin wegkwyn en die Palestyne van die Wesoewer daaraan gewoond raak om in enklaves (2) tussen skeidings en mure te leef, baan die vreedsame optogte nuwe weë vir die toekoms. En saai hulle, aan beide kante, die saad vir 'n gedeelde stryd in die toekoms.

'n Totaal van tweehonderd mense is in Bil'in beseer tydens die gewelddadige uiteenjaag van die optogte, en talle ander is gearresteer onder diverse voorwendsels. Die Israeliese weermag, grenswagte, polisie asook private sekuriteitsmaatskappye is teen die ongewapende protesteerders gemobiliseer. Knuppels, traangas, rubberkoeëls en werklike geweervuur het talle slagoffers gelaat (3). Van Israel se kant word erken dat spesiale magte (deel van die Massada-eenheid) lokvinke geplaas het wat hulle as Arabiere voorgedoen het in vreedsame optogte ten einde die deelnemers tot geweld aan te hits (4). Slegs die vasberadenheid van die Volkskomitee het verhoed dat hierdie provokasies tot 'n onbeheersde eskalasie lei. In werklikheid het die muur verskerpte beskerming nodig – teen die vreedsame teenstand van die Palestynse dorpenaars en hulle bondgenote. Want sy einddoel is die skep van 'n groot koloniale projek: Modi'in Illit.

Daar word dikwels aan die Israeliese besetting gedink in terme wat aan interstaatlike konflikte ontleen word (en die skep van die Palestynse owerheid het slegs dié tendens verskerp). Maar in werklikheid gaan dit om 'n koloniale twis. Die simboliese dade, die diplomatieke pogings en openbare verklarings is aan die kwyn op die terrein in die aangesig van die naakte feite: putte en olyfboorde, geboue en paaie, emigrasie en nedersetting. Dit is die landskap self wat radikaal deurmekaar gekrap word, nie net politieke grense nie. Die militêre beheer wat Israel sedert 1967 uitoefen, het 'n gunstige raamwerk geskep vir die versterking van hierdie koloniale meganisme. Nedersettings, skeidingsmure en paaie is die mees opvallende tekens – die kolonies self is die grootste struikelblok vir die skep van 'n waarlik onafhanklike, lewensvatbare Palestynse staat. Van 1967 tot 2006 het die Hebreeuse staat na skatting ongeveer 40 000 wonings teen 'n koste van 4,3 miljard dollar op die Wesoewer gebou. En in Januarie het die getal koloniste wat in die besette gebied gevestig is – buite Jerusalem – onder andere die Golanhoogland, verby die 250 000 getrek. (5)

Hoewel hulle dikwels veroordeel word, word

---

* *Professor in geskiedenis aan die universiteit van Tel Aviv en een van die stigters van die Joods-Arabiese vereniging Taayoush. Uit die Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, sonyavs@yahoo.com*

daar selde van nader na die Israeliese koloniste in die besette gebiede gekyk. Om te weet wie by die koloniale projek baat en waarom gewone mense daarby staan, moet 'n mens hulle samestelling en ekonomie egter van naderby beskou. Modi'in Illit is in verskeie opsigte´n tekenende voorbeeld. Dit is eerstens 'n onderneming wat nie deur die Messiaanse koloniste en hulle politieke verteenwoordigers geloods word nie, maar deur 'n heterogene bondgenootskap van eiendomsagente met hulle oog op grondgebied, kapitalistiese beleggers op die uitkyk na wins, en politici ten gunste van kolonisering. Dit is een van die min nedersettings wat aangehou het om uit te brei tydens die tweede Intifada. Die inwoners is nie nasionalistiese vuurvreters nie, maar hoofsaaklik groot gesinne streng ortodokses wat nie soseer met politieke Sionisme en selfs Israel gemoeid is nie, maar bowenal op soek is na beter lewensomstandighede. Dit is 'n sameloop van maatskaplike ellende, vinnige profyt en genadelose onteiening.

Modi'in Illit, wat voorheen Kiryat Sefer geheet het, het nie soos die meeste kolonies sy ontstaan (in 1996) te danke aan 'n alliansie tussen regeringsowerhede, Sionistiese organisasies en ekstremistiese kolonistebewegings nie: die inisiatief het gekom van privaat ondernemers, ná die Oslo-ooreenkomste in 1993 en op 'n tydstip toe die privatisering van die ekonomie in Israel opgevlam het. Dit is 'n tipiese voorbeeld van 'n nuwe soort koloniale nedersetting, gelei deur private fondse en met die steun van die staat. Die plaaslike raad het – volgens die nasionale ouditburo se verslag – voorkeurbehandeling aan eiendomsontwikkelaars gegee: spesiale voordele, vrystelling van bouregulasies, belastingvermindering, ens. Duisende wonings is gebou in direkte botsing met die wet, met die *post facto* goedkeuring van die plaaslike raad, wat die onwettige bouwerke wettig gemaak het deur terugwerkend die stads- en streeksbeplanning aan te pas (6). In die Israeliese pioniersland gaan politieke dringendheid en kolonisering gepaard met vinnige profyt vir beleggers.

Volgens 'n ondersoek in 1998 is die hele "Brachfeld gebied" op die Bil'in grond byvoorbeeld sonder bougoedkeuring opgerig – tog is geen huise daarna afgebreek nie. 'n Groot gedeelte van die rioolwater word in die Modi'inrivier gestort, wat plaaslike waterbronne besoedel. Dit is nie die gevolg van korrupsie of wanbestuur nie, maar 'n wesenlike aspek van koloniale voorposte: ongereguleerde nedersetting maak die pad oop na groot winste ten koste van die omgewing.

Die Palestynse inwoners van Bil'in het te kampe met 'n magtige alliansie van politieke en ekonomiese belange. Twee woongebiede gaan op die grond wat van hulle weggeneem is, gebou word. Een van hulle, "Green Park", is toegesê aan Dania Cebus, 'n filiaal van die Africa Israel Corporation wat aan een van Israel se invloedrykste sakemanne, Lev Leviev, behoort (7): hierdie kolossale 230 miljoen dollar-projek beoog die bou van 5 800 woonstelle. Africa-Israel se bedryfswinste het in die eerste drie kwartale van 2005 met 129% gestyg (8). Ander groot bouondernemings het by dié van mnr. Leviev aangesluit. Almal beleggings wat berus op die bou van die muur, wat daarop uit is om die dorpenaars van Bil'in van hulle grond af te sny en die "veiligheid" van die nuwe woongebiede te verseker. Hier, soos in vele ander kolonies wat tussen die Groen Lyn en die "veiligheidskeiding" opgerig is, voltooi die muur die inlywingsproses en verhoog die waarde van die eiendomsbeleggings.

Die *Custodian of Absentee Property* (bewaarder van afwesiges se eiendom) en die *Land Redemption Fund* (fonds vir die terugkoop van grond) doen hulle voor as die wettige eienaars van die grond waarop een van hierdie woongebiede gebou word. Die *Custodian*, 'n regeringsliggaam wat die "grond van afwesiges" moet bestuur, dien in werklikheid om Palestynse grond wat aan vlugtelinge in Israel en, meer onlangs, in besette gebiede behoort, in te palm. Israeliese menseregte-organisasies het vasgestel dat dit as skuilnaam vir die kolonistefonds gebruik word tydens "rondgaande transaksies". Die Fonds, wat sowat twintig jaar gelede gestig is, spesialiseer op sy beurt in die terugkoop van grond in die kolonies se uitbreidingsgebiede. Onder die stigterslede tel ene Era Rapaport, een van die organiseerders van die terroristenetwerk wat aan die begin van die 1980's in die besette gebiede werksaam was – hy het etlike jare in die tronk deurgebring vir die moordpoging waartydens die burgemeester van Naploes, Bassam Chakaa, albei sy bene verloor het. (9)

Twee Israeliese joernaliste het 'n haarfyn ondersoek gedoen na die aankoopmetodes van dié fonds, waarvan "die inligtingsnetwerk bestaan uit voormalige [Palestynse] samesweerders wat na hulle dorpe toe teruggekeer het nadat hulle aan die kaak gestel is, afgetrede Israeliese agente van die Algemene Veiligheidsdiens wat inligting teen vergoeding verskaf [...], en voormalige militêre goewerneurs [wat gebruik maak van hulle] konneksies in die dorpe". Arabiese frontmanne tree as tussengangers op: hulle doen hulle voor as kopers, terwyl die grond eintlik aangekoop word met "fondse afkomstig van regsgesinde Joodse miljoenêrs soos Lev Leviev en die Switserse magnaat Nissan Khakshouri" (10). Soortgelyke metodes is ingespan om die grond van Bil'in te bekom (11). So strengel die koloniale plan ekonomie en politiek ineen. Onder die skenkers aan die Fonds kry 'n mens kapitaliste wat betrokke is in bouwerk en eiendomsontwikkeling in ander kolonies. Hulle skenk aansienlike bedrae aan ekstremistiese koloniste, uit politieke oortuiging maar ook met die oog op vet winste.

Die sektore waarop die Fonds besluit om te fokus is ook van belang: sy hoof doelwit is om "die Groen Lyn [die Israelse grens van voor 1967] te vervaag deur die nedersettings [op die Wesoewer] met die gemeenskappe binne die Lyn te verbind en hierdie gemeenskappe na die [besette] gebiede toe uit te brei", ten einde "die feite op die terrein vas te lê". Dit vorm deel van 'n nog omvangryker operasie wat oorspronklik deur Ariel Sharon op die been gebring is, en wat sedert die 1980s besig is om die Groen Lyn te laat verbrokkel deur nedersettings vir nie-ideologiese koloniste naby Israel se ekonomiese sentra te skep.

Tydelik stopgesit deur die tweede Intifada, hervat die projek geleidelik in 2003 met die voltooiing van dele van die muur, wat tot die *de facto* anneksasie van sones tussen die muur en Israel lei. Deur gemeenskappe agter die muur te laat verdwyn, kan beleggers en koloniste van 'n hoër lewenspeil in 'n beveiligde gebied verseker word. Die etniese opruiming is nie noodwendig skouspelagtig nie...

Die Israeliese kolonies teenaan die skeidingsmuur is van strategiese belang. Hulle dien as aanvulling vir die stelsel van skeidings en mure waarmee Israel beoog om sekere dele van die Wesoewer te annekseer. Maar hulle vorm ook 'n strategiese teelaarde waar 'n magtige politieke en ekonomiese alliansie tussen rykdomme, heterogene groepe koloniste en heersende politici besig is om tot stand te kom.

Die "muurkoalisie" wat tans Israel regeer, dateer nie uit die jongste verkiesing nie. Verenig rondom die nalatenskap van Ariel Sharon, bring dit voorstanders van progressiewe inlywing ("Israel moet die kolonieblokke behou") en dié wat ten gunste van "redelike" koloniale uitbreiding is (en wat nie sukkel om goed te vertoon naas die "bose", onstuitbare koloniste nie), saam. Onder die dubbele vaandel van etniese skeiding en ekonomiese privatisering beloof hierdie alliansie nie vrede aan die Israeli's nie, maar 'n eensydige paaiery gekoppel aan 'n gedeeltelike inlywing wat die Wesoewer sal versnipper en die oorblyfsels daarvan in drie ommuurde enklaves sal verdeel.

Hoewel hierdie alliansie onlangs in die politieke arena gevorm is (sy voorstanders behoort nie slegs aan Kadima van Ariel Sharon en Ehud Olmert nie), is sy ekonomiese en maatskaplike fondamente heelwat vroeër teen die heuwels van die Wesoewer gelê. Dit sluit koloniste, staatsorganisasies wat die skeidings finansier, eiendomsmaatskappye en hoë-tegnologiefirmas – die ou en die nuwe ekonomie – in. Die nedersettings wat tans in die skadu van die muur gebou of uitgebrei word, is die toonbeeld daarvan.

Dit is juis omdat hulle nie net op die Messiaanse ywer van die fanatieke koloniste gebou is nie, maar ook in maatskaplike behoeftes voorsien – lewensgehalte vir die middelstand, werksgeleenthede en gesubsidieerde behuising vir die minder bevoorregtes – dat hierdie nedersettings die koloniseringsbeweging se maatskaplike basis vergroot en ander belange daarby betrek: dié wat werklike voordeel uit die muur trek, ondernemers, kapitaliste en koloniste uit die meer gegoede klasse wat op soek is na 'n beter lewenspeil in die nuwe vergulde ghetto's, ver van die armes, en beskut teen die Palestyne. (12)

Joodse kolonies het sonder ophou gegroei tydens die Oslo-jare: hulle inwonertal het meer as verdubbel tussen 1993 en 2000. Maar as 'n mens van nader kyk, was die hoof arena van hierdie groei 'n paar groot nedersettings waar nie-"ideologiese" koloniste woon: immigrante uit Rusland en Etiopië wat die owerhede daar gevestig het, inwoners van arm woonbuurtes wat hoop op 'n beter lewe, en groot gesinne streng-ortodokses op soek na gesubsidieerde behuising. Hierdie mense het eers teen die einde van die 1990s teësinniglik die koloniale projek begin steun, aangespoor deur privatisering en die vinnige ontbinding van die welsynstaat in Israel. Modi'in Illit en Betar Illit alleen bevat meer as 'n kwart van al die koloniste op die Wesoewer, hoofsaaklik streng-ortodokse Jode. Waar die ander kolonies se sosio-ekonomiese peil bo dié van die Israeliese gemiddelde is, is hierdie die twee armste van al die Joodse gemeenskappe. (13)

Soos 'n deskundige dit in September 2003 aan 'n joernalis verduidelik het, is dit die behuisingskrisis in Israel wat hierdie families genoop het om hulle hier te kom vestig: "Hulle situasie was so wanhopig dat hulle bereid was om na enige plek toe te gaan." En die woordvoerder van die koloniste se raad in Modi'in Illit beaam: "Selfs al het hulle nie om ideologiese redes hierheen gekom nie, sal hulle nie sommer maklik van hulle huise afstand doen nie." (14) So word mense in koloniste omskep sonder dat hulle daarvoor gevra het. Die burgemeester van Betar Illit het aan dieselfde joernalis erken dat streng-ortodokses teen hulle sin na die besette gebiede gestuur word "as kanonvoer". Noudat die muur nader beweeg, kan die koloniste van Modi'in Illit en Betar Illit hulle hoop daarin plaas – hulle verwag dat dit vir hulle veiligheid sal bring en vereenselwig hulle derhalwe met die onderneming om die Palestyne te onteien.

Maar waar die uitbreiding van kolonies gevoed word deur die wegkwyning van maatskaplike regte in Israel, het die maatskaplike konflikte binne die Hebreeuse staat ook direkte gevolge vir die toekoms van die besetting: dit beklemtoon naamlik die onderliggende verband tussen die anti-koloniale stryd – teen die roof van Palestynse grond en die oprig van verdere kolonies – en die stryd om maatskaplike geregtigheid binne die grense van Israel self.

_____

(1) 'n Doenam is gelyk aan 'n tiende van 'n hektaar, oftewel 1 000 m².

(2) Amira Hass, "Israeli Restrictions Create Isolated Enclaves in West Bank", en "Four Types of Enclaves in the West Bank", *Haaretz*, 24 Maart 2006.

(3) Meron Rapaport, "Symbol of Struggle", *Haaretz*, 10 September 2005.

(4) Meron Rapaport, "Bil'in Residents: Undercover troops provoked stone-throwing", *Haaretz*, 14 Oktober 2005; David Ratner, "Bil'in Protesters say bean bags are latest riot-control weapon", *Haaretz*, 7 November 2006.

(5) *Haaretz*, 8 Januarie 2006.

(6) Kyk *Israel's State Comptroller's Report*, n° 51a (2000), pp. 201-218.

(7) Leviev het sy fortuin gemaak uit die ontginning van diamante in Suid-Afrika, en deur gebruik te maak van sy lidmaatskap van die streng-ortodokse Loebavitch groep. Sy maatskappy roem daarop dat dit die "pionier in die bou van vergulde ghetto's" in Israel was. Die onderneming bestuur onder meer winkelsentrums en beoog om die eerste privaat tronk in Israel op te rig. *Cf.* Aryeh Dayan, "Leviev Promises to Treat his Prisoners Nicely", *Haaretz*, 28 November 2005.

(8) Onlangse gegewens: www.maariv.bizportal.co.il

(9) Shalom Yerushalmi, "Every Prime Minister who gave away Eretz Israel was hurt" (onderhoud met Era Rapaport), *Ma'ariv*, 5 April 2002.

(10) Shosh Mula en Ofer Petersburg, "The Settler National Fund", *Yedioth Achronoth*, 27 Januarie 2005; (Engelse

vertaling www.peacenow.org/hot.asp?cid=247).
(11) Akiva Eldar, “Documents reveal West Bank settlement Modi'in Illit built illegally”, *Haaretz*, 3 Januarie 2006; “State mulls criminal probe into illegal settlement construction”, *Haaretz*, 8 Januarie 2006.
(12) Oren Yiftachel, “Settlements as Reflex Action”, in *A Civilian Occupation: The Politics of Israeli Architecture*, deur Rafi Segal en Eyal Weizman (Babel, Tel Aviv; Verso, Londen en New York, 2003), pp. 32-38.
(13) The Israel Central Bureau of Statistics, *Characterizing Local Councils and Ranking them according to the Socio-Economic Position of their Population*, Februarie 2004. Die Arabiere in Israel is die heel armste van al die burgers. En onder die land se tien armste gemeenskappe tel agt Bedoeïen dorpe en twee Joodse gemeenskappe: Modi’in Illit en Metar Illit.
(14) Tamar Rotem, “The Price is High”, *Haaretz*, 23 September 2003.

LE MONDE diplomatique

Die “Meganiese Turk” kom weer

VIR LANK IS GEGLO DAT “KUNSMATIGE INTELLIGENSIE” EENDAG DIE REKENAAR IN STAAT SAL STEL OM SONDER DIE MENS OOR DIE WEG TE KOM. VERKEERD. DIE REKENAAR HET TOT DIE SLOTSOM GEKOM DAT DIT LONENDER IS OM ’N MENS TE BETAAL – ’N HONGERLOON – OM ONDERGESKIKTE TAKE TE VERRIG WAARTOE HY NIE SELF IN STAAT IS NIE.

Deur Pierre Lazuly[*]

In 1769 wek die Hongaarse ingenieur, Johann Wolfgang von Kempelen, groot opspraak in Europa toe hy die gesofistikeerdste outomaat van sy tyd bekendstel: ’n marionet wat skaak speel. Die outomaat, alias die “Meganiese Turk”, was ’n lewensgroot marionet met snor en tulband, wat agter ’n groot kas gesit het. Maak ’n mens laasgenoemde oop, sien jy ’n subtiele stelsel van stokkies, stawe en ratte: ’n meganisme wat gereeld met ’n lang sleutel opgewen moet word maar wat, volgens sy uitvinder, aan die outomaat kunsmatige intelligensie gee wat die meeste mense s’n oortref.

Dié “Turk” was glad nie ’n slegte speler nie. Op sy reis deur Europa wen hy die meeste van sy wedstryde: hy klop onder andere Benjamin Franklin in Parys en keiser Napoléon Bonaparte in Schönbrunn, ten tyde van die Wagram-veldtog.

Maar dit was eintlik ’n kullery: agter die ratwerk wat voor sigbaar was, het die kas ’n geheime kompartement gehad waarin ’n regte bobaas-skaak-speler weggekruip het. Met spieëls kon hy die stukke dophou en dan die outomaat se bewegings beheer. Die “Meganiese Turk” het sy uitstekende spel alleen aan die versteekte speler se talent te danke gehad – kunsmatige intelligensie het nog nie die lig gesien nie.

Daar moes nog twee eeue gewag word om in 1997 te sien hoe die skaakkampioen, Gary Kasparov, teen ’n regte outomaat in die stof byt. Dié keer was daar geen kullery nie: die IBM rekenaar *Deep Blue* word die eerste masjien wat dit regkry om ’n huidige wêreldkampioen in skaak te klop binne die tydreëls van ’n tradisionele toernooi. ’n Mens kon dus verwag dat grysstof kort voor lank vir ’n goeie aantal verstandelike take oorbodig sou raak.

En tog, teen alle verwagtinge in, blyk die “Meganiese Turk” nog springlewendig te wees ... met ’n nuwe byderwetse baadjie wat die wêreldleier in elektroniese handel, Amazon, hom aantrek onder die naam “Amazon Mechanical Turk” of MTurk (1). Dié keer gaan dit nie meer om ’n skaakspeler nie, maar ’n algemene koördinering van die gebruik van menslike intelligensie om take te verrig wat rekenaars nie kan, of nie goed kan doen nie. “Die mens oortref die kragtigste masjiene nog ver wanneer dit kom by eenvoudige take soos om voorwerpe op foto’s uit te ken – iets wat ’n kind wat nog nie eens kan praat nie, reeds kan doen,” verduidelik Amazon.

Oorspronklik wou die maatskappy bloot sy kliënte se breinkrag inspan om in sy eie behoeftes te voorsien: keuse van die beste foto vir ’n vensterversiering, skryf van produkbeskrywings, uitken van die sanger van ’n betrokke deuntjie. Take wat moeilik geoutomatiseer kan word, maar wat miljoene kuberreisigers bereid is om teen ’n appel en ’n ei te verrig, of in ruil vir koopbewyse vir die einste elektroniese koopwerf.

Gou het Amazon besef dat sy MTurk kolossale gebruike kan hê. Hulle omskep dit in ’n volwaardige diens, mturk.com, met die status van ’n filiaal. Bo en behalwe sy aanvanklike doel, word MTurk inderdaad ’n algemene diens wat enige intelligente aktiwiteit enige plek in die wêreld kan verskaf: enigeen kan die nuwe “Turk” ’n taak oplê, met vrye teuels om die vergoeding te bepaal, en enigeen “met ’n rekenaar wat aan die Internet gekoppel is en wat ouer as 18 is”, kan aanbied om dit te doen. Amazon kry sy vergoeding uit die 10% kommissie wat hy op transaksies hef.

Van die oomblik dat die diens geskep is, het miljuisende kuberreisigers hulle na die webwerf gehaas in die hoop om vinnig geld te maak... Gou is hulle ontnugter: die “vergoeding” vir ’n “menslike intelligensie-taak” word dikwels in sent uitgedruk. Een sent is om die waarheid te sê die mees gebruiklike vergoeding vir take wat op Amazon aangebied word: “Noem Metallica se drie beste albums”, of “Waar is die drie beste Ierse pubs in Seattle?”. Mens kan hoop op tot 2 sent as jy die beste plek aandui om ’n motor se olie te vervang in New York, of jy nou die stad soos die palm van jou hand ken, en of jy sommer ’n geloofwaardige antwoord van enige plek op aarde deur ’n soekenjin gekry het.

Afgeleide gebruike van die “Meganiese Turk” bring nie veel meer in nie. Die nuwe onderneming,

---

[*] *Skrywer, op die internet, van* Chroniques du menteur *(menteur.com), en werfmeester van die toegangspoort rezo.net. Uit die Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois, sonyavs@yahoo.com*

Casting Words, span byvoorbeeld die Amazon-diens in om ’n “outomatiese transkripsie deur menslike oorskrywers” (sic) aan te bied teen die helfte van die prys wat so ’n diens gewoonlik kos: 42 sent van ’n dollar vir elke minuut wat getranskribeer word (2). Ondanks die ondankbare taak en skamele vergoeding kry die maatskappy oorgenoeg gewillige hande om klanklêers af te laai en – “gewoonlik in minder as 24 uur” – die transkripsie terug te stuur.

Nog verbasender: vir sommige take is dit nie eens nodig om vergoeding aan te bied nie. Dit is onder meer die geval met “Google Answers”, ’n soortgelyke stelsel waar vrywillige webgebruikers vrae beantwoord wat deur ander gestel is, en dit gratis. Net soos die ontwikkelaars van gratis sagteware of skrywers van die aanlyn-ensiklopedie, Wikipedia, ook gratis werk. Finansiële gewin is slegs nodig vir werk waartoe geen vrywilliger sommer sal instem nie.

Wie is dié spookwerkers? Volgens Amazon, mense wat “geld in hulle vrye tyd wil verdien” en op MTurk ekstra werkies kry wat hulle kan doen waar en wanneer hulle wil. Dit lyk na ’n soort juridiese niemandsland waar werk nie heeltemal werk is nie (die “vergoeding” is nie werklik ’n salaris nie) en waar geen kontrak tussen “aanvraers” (wat take voorstel) en “verskaffers” (die webgebruikers wat aanbied om dit uit te voer en wat net betaal sal word indien die aanvraer tevrede is) nodig is nie.

Nietemin, in sy eindelose “Diensvoorwaardes” (20 bladsye wat sonder voorbehoud aanvaar moet word), toon Amazon dat hy volkome bewus is van sy wetlike pligte: agter die newelige beginsel van “kunsmatige kunsmatige intelligensie” (3) (sic), gaan dit duidelik om menslike arbeid. Die maatskappy waarsku “verskaffers” dat hulle arbeidswetgewing moet respekteer, onder meer die registrasieverpligtinge wat onafhanklike werkers moet nakom en die maksimum toegelate hoeveelheid werk. Dit bepaal verder dat die gebruik van die diens geensins ’n werkgewer/werknemer-verhouding impliseer nie, nóg met die “aanvraers”, nóg met Amazon, en dat “verskaffers” onder geen omstandighede op die voordele wat die “aanvraers” of Amazon hulle werknemers gee – betaalde verlof, siekteversekering of ouderdomspensioen – kan aanspraak maak nie.

Vir die rekenaarskrywer David L. Margulius, wat dié nuwe vorm van “stukwerk” beproef het en sy maksimum uurlikse salaris op 3,60 dollar geskat het (die federale minimum salaris in die VSA die afgelope nege jaar, wat die Kongres so pas geweier het om aan te pas, is 5,15 dollar per uur), gaan dit in werklikheid om ’n nuwe vorm van desentralisering wat nie sy ware kleure wys nie. “Wat my fassineer – benewens die kreatiwiteit waarvan hulle blyke gee en die feit dat dit tegnies gesproke gaan om ’n salaris wat laer as die gewaarborgde minimum is – is hoe Amazon ’n manier gekry het om die tendens van ‘offshoring’ tot sy uiterste toe te dryf met wat ’n mens kan noem “Webshoring”. Niemand wonder eens meer in watter land die werker hom of haar bevind nie, solank die werk maar gedoen kom sonder enige bykomende bestuurskoste.” (4)

Aanlyn-videospeletjies is ’n uitstekende voorbeeld van dié verskynsel. In die bekendste een, World of Warcraft (uitgegee deur ’n filiaal van Vivendi, Blizzard Entertainment), evolueer spelers, wat ononderbroke gekonnekteer bly, in ’n virtuele wêreld waar hulle ander spelers ontmoet en onderling op mekaar reageer (gesprekke, handeldryf, gevegte). Ongeveer tien volle dae is nodig om die nodige wapens, geld, ensovoorts bymekaar te maak om jou karakter tot op die mees gevorderde vlakke te bring. Eers dan raak die spel interessant. Maar waarom wag? Danksy elektroniese markte, vergelykbaar met MTurk, kan die meer gegoede kuberreisiger teen enkele tientalle dollars vir hom karakters aanskaf wat reeds goed “gevorder” het. Aan die ander ent verduidelik ’n jong Sjinees: “Twaalf ure ’n dag, sewe dae ’n week, is ek en my kollegas besig om monsters te verslaan. Ek verdien omtrent 250 dollar per maand, wat deksels goed is in vergelyking met my vorige werke. En ek kan heeldag lank speel.” Sommiges skat dat 100 000 Sjinese so voltyds werk om deur die vlakke te kom waar ander nie lus het om te speel nie (5). En die koper weet nooit wie agter in die kas wegkruip nie.

Tog is dit soms nodig om die vermoëns van die geheimsinnige skim agter die skerms te ken: dit mag ’n kampioen wees, ’n Bobby Fischer… of ’n treurige skaakspeler wat die outomaat in die skande steek. Waar die opgelegde take dus meer gekwalifiseerde aktiwiteite behels, word die vereistes strenger. Bekwaamheidstoetse, rekord van werk wat reeds gedoen is ... en steeds die moontlikheid vir die “aanvraer” om die gedane werk van die hand te wys as hy nie tevrede is nie – wat ’n klad laat op die “verskaffer” se “reputasie”, in syfers aangedui.

Maar in ’n bepaalde opsig toon Amazon se MTurk ’n beduidende agterstand op dié gebied. Dit is dalk die ideale plek om ’n meningspeiling te doen, maar vir gekwalifiseerde werk verkies werkgewers om hulle tot gespesialiseerde markte te wend. “Elke bieër se CV en reputasie kan aanlyn bestudeer word, en wanneer jy jou keuse gemaak het, kan jy die dienste van jou deskundige programmeerder in slegs ’n paar klikke bekom!”, verseker byvoorbeeld Rentacoder.com, ’n webwerf waar onder andere Russiese, Indiese en Pakistanse rekenaarkundiges meeding om aan jou projek te mag werk.

Minder in die algemeen bied eLance.com die dienste van grafiese kunstenaars, kopieskrywers, webwerfontwerpers, vertalers of regskenners aan, met reeds 100 000 gebruikers en getekende kontrakte ter waarde van 90 miljoen dollar op sy kerfstok. “Professionele mense ding mee om aan jou projek te werk, wat beteken dat jy die beste moontlike prys kan kry,” verduidelik die webwerf, en gaan kripties voort: “Dikwels spaar jy meer as 60% in vergelyking met plaaslike kontrakte.” Weereens “Webshoring”: nie ’n woord word gerep oor jou geografiese ligging en wat dié “beste moontlike prys” daar mag beteken nie. “Arbeid is ’n handelsartikel en kan as sulks mee handel gedryf word. Wanneer ’n handelsartikel op die mark gesit word, hang dit nie van die verkoper af of die prys opgestoot word nie, maar van die koper,” merk die konserwatiewe Britse filosoof Edmund Burke reeds in 1795 op. “Of dit nou vir die man wat sy arbeid op die

mark sit, onmoontlik is om ’n bestaan daaruit te maak, is vir hierdie benadering totaal irrelevant.” (6)

Op die gebied van vertaling is dit ’n program wat sy merk maak: Trados. Dié werktuig kan uitdrukkings wat reeds vertaal is, uitken en oral dieselfde vertalings daarvoor insit, en beloof om dus “samehang in die taalgebruik te waarborg en die werk vinniger af te handel”. Dit maak dit veral moontlik om vertalers te betaal volgens die aantal woorde wat verskil. Op die TranslationZone-mark word vertalers net toegelaat om aan die “globale ekosisteem” deel te neem as hulle die Trados-program (700 euro) gebruik en ’n sertifiseringseksamen (tussen 50 en 300 euro) geslaag het.

MTurk slaan dieselfde koers in, en hou op sy beurt kwalifiseringsessies vir vertalers. Amazon se “Von Kempelen”-span kondig byvoorbeeld aan dat hy bekwaamheidstoetse gepubliseer het vir vertaling van Engels na Spaans, Frans, Duits en Hebreeus, en moedig “Turkers” wat dié tale vlot magtig is, aan om die toetse af te lê ten einde in die toekoms van “meer omvangryke werk” verseker te wees.

“Ons is besig om ’n elektroniese arbeids- en arbeidersmark te skep,” voorspel Jeff Barr, “evangelis” van Amazon se dienste. “Voortaan kan jy menslike intelligensie op groot skaal in jou bedrywighede inkorporeer.” Per slot van rekening is die mens maar net nog ’n verwerkingseenheid. En anders as wat daar gemeen mag word, is dit dalk nog die goedkoopste van almal…

---

(1) http://www.mturk.com
(2) “Software Out There”, *The New York Times*, 5 April 2006.
(3) *Cf.* “Artificial artificial intelligence”, *The Economist*, Londen, 10 Junie 2006.
(4) “Ogre to Slay? Outsource it to the Chinese”, *The New York Times*, 9 Desember 2005.
(5) David L. Margulius, “Amazon Mechanical Turk kicks off ‘Webshoring’”, *Infoworld*, San Francisco, 18 November 2005.
(6) Edmund Burke, “Thoughts and Details on Scarcity”, aangehaal deur Robert Castel, *Les Métamorphoses de la question sociale*, Parys: Fayard, 1995.

LE MONDE diplomatique

Massamedia vir die individu

DAAR IS VANDAG MEER AS 'N MILJARD INTERNETGEBRUIKERS EN NAASTENBY TWEE MILJOEN SELFOONLYNE. DANKSY SELFONE KAN TWEE-DERDES VAN DIE WÊRELDBEVOLKING MET MEKAAR KOMMUNIKEER, SELFS IN GEBIEDE SONDER ELEKTRISITEIT. TEEN MEI 2006 WAS DAAR 37 MILJOEN BLOGS. GEMIDDELD EEN BLOG WORD PER SEKONDE IN DIE WÊRELD GESKEP, OFTEWEL MEER AS 30 MILJOEN PER JAAR ... HIERDEUR HET 'N NUWE SOSIALE VORM VAN KOMMUNIKASIE ONTSTAAN WAT ONGETWYFELD MASSIEF IS, MAAR INDIVIDUEEL VERVAARDIG, ONTVANG EN ERVAAR WORD.

Deur Manuel Castells*

Inligting en kommunikasie was nog altyd die voertuie van die heersende gesag, linkse politieke magte, weerstandsbewegings en maatskaplike veranderings. Die greep op menslike gedragskodes – wat deur kommunikasie bevorder word – is van fundamentele belang. Slegs deur die slyping van 'n volk se denke en opinies word die gesag in 'n gemeenskap gevestig en sal daardie gemeenskap kan ontwikkel en verander.

Fisieke en geestelike onderdrukking is ongetwyfeld 'n belangrike komponent van die heersende gesag. Waar 'n bevolking egter radikaal van denke verander, waar hy sy uitkyk wysig en dít deur sy eie oë, is daar geen mag wat hom daarteen kan verset nie.

Die marteling van 'n liggaam is baie minder doeltreffend as die vorming van 'n denkwyse. Daarom word kommunikasie as die toetssteen van krag beskou. Kollektiewe denke (wat nie die interaksie tussen individuele denke is nie, maar eerder 'n denkwyse wat alles absorbeer en deur die gemeenskap in sy geheel versprei) ontwikkel op die gebied van kommunikasie. Laasgenoemde is inderdaad die oorsprong van beelde, inligting en opinies. Deur middel van kommunikatiewe meganismes word ervarings oorgedra en op kollektiewe vlak versprei.

Bogenoemde verskynsels is veral toepaslik op ons gemeenskappe, waarbinne kommunikasienetwerke die hele wêreld deurkruis, op beide nasionale en internasionale vlak. Gevolglik word verhoudings met die heersende gesag, die wesenlike komponent van enige gemeenskap wat terselfdertyd sy ontwikkeling bepaal, al hoe meer uitgebrei in die sfeer van kommunikasie.

In die hedendaagse samelewing val die politiek onder die onmiddellike invloedsfeer van die media. Die inhoud van die politieke stelsel en selfs die besluite wat daarin geneem word, voorsien materiaal aan die media in hulle soeke na burgerlike ondersteuning of, waar dit ontbreek, ten minste die versagting van vyandige opinies.

Dit beteken nie noodwendig dat alle gesag onomwonde in die media gesetel is nie, ook nie dat die publieke gedragskode bewerkstellig word deur wat die media ook al mag aanvoer nie. Navorsing in kommunikasie het lankal getoon in watter mate die publiek *aktief* eerder as passief is.

Buitendien het die media interne kontrolestelsels wat hulle vermoë om die publiek te beïnvloed, kontroleer. Hulle is bowenal firmas, maatskappye onderhewig aan voorskrifte van winsgewendheid, wat hulle leserskorps moet vergroot en hul verspreiding moet uitbrei. Oor die algemeen is die media uiteenlopend, mededingend en moet hulle ewe geloofwaardig as hul mededingers voorkom. Hulle stel gereeld nuwe beperkings vas, in terme van professionele of joernalistieke etiek (bemiddelaars, etiese komitees, ensovoorts). Die media spits homself dus nie slegs op die verdraaiing of manipulasie van inligting toe nie.

Ons moet egter aandag gee aan veral twee tendense. Eerstens, aktivistiese en ideologiese joernalistiek, waar die media as 'n belangrike instrument tot die ideologiese slagveld toetree. Vir 'n aansienlike tydperk is dit beskou as 'n agterstand wat die media van sy "objektiewe" kwaliteite beroof en hom so ook van sy kopers vervreem. Daarom het publikasies wat hulleself voordoen as die spreekbuise van 'n politieke party feitlik heeltemal verdwyn, of word hulle weinig versprei. Desondanks skyn dinge aan die verander te wees. Aktivistiese of ideologiese bewegings kan 'n sterk winsgewende model daarstel. Fox News, een van die belangrikste televisienetwerke in die VSA (filiaalmaatskappy van News Corp wat behoort aan mnr. Rupert Murdoch) het 'n aansienlike gedeelte van die konserwatiewe Amerikaanse bevolking omgehaal deur, sonder die geringste oorweging van onpartydigheid, die argumente van

---

* *Professor in kommunikasie, houer van die Wallis Annenberg-leerstoel in kommunikasie, tegnologie en die gemeenskap by die Annenberg-skool vir Kommunikasie, Universiteit van Suid-Kalifornië, Los Angeles, VSA, en direkteur van die Catalunya Internetprojek by die Universiteit van Oberta in Katalonië, Barcelona, Spanje. Skrywer van onder meer* The Network Society. *Hierdie teks, hersien en gekorrigeer deur die outeur, is ontleen aan sy aanbieding by die seminaar "Die media tussen burgers en mag" gereël deur die Politieke Wêreldforum en die provinsie van Venisië in San Servolo (Italië), 23 en 24 Junie 2006. Uit die Frans vertaal deur Martine Steyn, martine.steyn@gmail.com*

neokonserwatiewe lede ten gunste van die Irakse inval van 2003 te ondersteun.

Die tweede en huidige tendens lê in die verlies aan onafhanklikheid van professionele joernaliste ten aansien van hulle werkgewers. Dit is waar 'n groot deel van die komplekse spel van mediamanipulasie afspeel.

Ek het so pas 'n referaat gepubliseer waarin ek aanvoer dat, teen middel 2004, 40% van Amerikaners steeds geglo het dat mnr. Saddam Hussein en Al-Kaida hand-aan-hand gewerk het en dat daar wapens van massavernietiging in Irak was. Dít 'n volle jaar nadat al die bewyse tot die teendeel in besonderhede uitgelê is. Hierdie studie werp lig op die verbintenis tussen die propagandameganismes van die Bush-administrasie en die verskaffing van publisiteit deur die media. Dit laat blyk hoe sekere manipulasies en wanvoorstellings by die sensorproses verbyglip.

Dit alles verteenwoordig slegs die oortjies van die seekoei, want die deurslaggewende invloed wat die media op die politiek uitoefen, is nie die vrug van wat gepubliseer word nie, maar van *dit wat ongepubliseer bly*. Dit wat verduister en doodgeswyg word. Media-aktiwiteit berus op 'n tweeledigheid : niks wat in die volksdenke bestaan, is nie eers deur die media aan hulle oorgedra nie. Die media se fundamentele krag is dus gesetel in sy vermoë om te verdoesel, te verswyg, om iets te verdoem tot publieke niebestaan.

Die noodsaaklikheid van mediabestaan as voorvereiste vir politieke bestaan verleen 'n organiese eienskap aan mediataal, wat ewe duidelik op die televisie as oor die radio, in die pers of op die Internet aangetref word. Die massamedia gebruik 'n spesiale linguistiese kombinasie, beslis nie 'n outonome dialek nie, maar iets soortgelyks.

Die eenvoudigste dog effektiefste boodskap in die media is die beeld. Die eenvoudigste visuele boodskap is die gesig. Daar is 'n inherente verwantskap tussen die vermediatisering van die politiek, die verpersoonliking van die media en die verpersoonliking van die politiek. Sou 'n mens homself begeef in 'n wêreld waar die politiek gegrond is op persoonlike konflik en mediamanipulasie, sou mediapublikasies hul betekenis verloor. Niemand sou dit meer in ag neem nie, en burgers sou belangstelling verloor (waarskynlik met goeie rede).

Die sukses van "verpersoonlikingspolitiek" dui daarop dat die aanval geloods teen 'n persoon, as vergestalting van 'n politieke boodskap, die oortuigendste vorm van ideologiese geveg is. Laster en gerugte word oorheersende politieke kunsvorme: 'n negatiewe boodskap is vyf maal effektiewer as 'n positiewe een. Al die politieke partye beland in hierdie strik, naamlik die manipulasie of selfs fabrikasie van inligting. Dít sonder dat die media enigsins inisiatief hoef te neem. Hulle word eerder tot die rol van tussenganger beperk.

Hieruit vloei 'n direkte verwantskap tussen die vermediatisering van die politiek, sy verpersoonliking en dan laster, of die verskynsel van politieke skandale – waarvan die veralgemening hierdie afgelope vyftien jaar uitgeloop het op die sluipmoorde van verkose parlementslede en krisisse binne die regering asook die staatsbestel.

Hiermee word ons teruggebring na die huidige, diepgaande krisis betreffende wêreldskaalse politieke regmatigheid. Daar is 'n sterk en duidelike verwantskap, al is dit nie 'n eksklusiewe nie, tussen politieke skandale, die oordrewe vermediatisering van openbare aangeleenthede en die burgerlike gebrek aan vertroue in die sisteem. Hierdie agterdog word uitgebeeld deur 'n opname wat gedoen is deur organisasies van die Verenigde Nasies, waarvolgens twee- derdes van die wêreldbevolking hulleself nie as verteenwoordig deur hulle regeerders beskou nie.

Dit gaan dus hier om 'n legitimiteitskrisis. Maar terwyl die wêreld voorgee om nie meer die regerings, politieke beamptes of politieke partye te vertrou nie, volhard die meerderheid van die bevolking nog steeds in hulle oortuiging dat hulle 'n invloed kan uitoefen op dié wat namens hulle optree. Hierdie meerderheid glo ook dat hulle 'n verskil kan maak in die wêreld deur middel van wilskrag en hul eie middele. Hulle is miskien besig om aan die wêreld van kommunikasie die buitengewone verwikkelinge van dit wat ek noem *massaselfkommunikasie* bekend te stel.

Tegnies gesproke word hierdie massaself-kommunikasie moontlik gemaak deur die Internet, asook deur selfoonontwikkeling. Vandag is daar meer as 'n miljard webgebruikers en naastenby 2 miljard selfoonlyne. Danksy selfone kan twee-derdes van die wêreldbevolking met mekaar kommunikeer, selfs in gebiede sonder elektrisiteit of vaste telefoonlyne. In 'n baie kort tydsbestek het 'n oorvloed van nuwe kommunikasievorms op die voorgrond getree. Die mens het sy eie stelsels ontwikkel: SMS, blogs, Skype ... Die Eweknienetwerk (Engels: Peer-to-Peer, aldus P2P) maak die oordrag van enige numeriese data moontlik. In Mei 2006 was daar 37 miljoen blogs (in teenstelling met 26 miljoen in Januarie). Gemiddeld een blog word per sekonde in die wêreld geskep, oftewel meer as 30 miljoen per jaar ... 55% van blogskeppers vul hulle blogs steeds drie maande nadat hulle dit geskep het aan. Die aantal blogskeppers is 60 keer sterker as ses jaar gelede. En verdubbel elke ses maande.

Waar Engels aanvanklik die oorheersende taal van die Internet was, geld dit vandag vir minder as een-derde van alle webwerwe. Sjinees het nou op die voorgrond getree, waarna Japannees, Spaans, Russies, Frans, Portugees en Koreaans. Die menigvuldige blogs is nie so belangrik soos die skakels (*links*) tussen hulle nie; by uitstek daardie wat aangeknoop en in stand gehou word met die geheel van die koppelvlak (*interfaces*) (wat deur RSS tegnologie moontlik gemaak word).

Massaselfkommunikasie verteenwoordig so-doende die samestelling van 'n nuwe vorm van sosiale kommunikasie wat ongetwyfeld massief is, maar tog individueel vervaardig, ontvang en ervaar word. Dwarsdeur die wêreld word dit deur sosiale bewegings benut. Hulle is egter onder geen omstandighede die enigstes wat hierdie nuwe instrument van mobilisasie en organisasie gebruik nie. Die tradisionele media poog nou om by hierdie beweging aan te sluit. Deur hulle kommersiële vermoëns en media-invloed is hulle besig om die maksimum moontlike getal blogs op die

webwerf te skep. Die volgende wat ons sal sien, is hoe sosiale bewegings, nes individuele rebelle, dit gaan regkry om deur massaselfkommunikasie die heersende media te beïnvloed, inligting te beheer – te weerspreek waar nodig – en selfs te vervaardig.

Die uiteenlopende alterglobalistiese beweging teen kapitalistiese globalisering maak 'n aantal jare reeds gebruik van die Internet en al die fasette van massaselfkommunikasie, nie net by wyse van 'n organisatoriese instrument nie, maar ook as 'n forum vir debat en tussentrede. Hierdeur het die beweging ook toenemende invloed in die heersende media geniet nadat hulle stempel eers by Indymedia en 'n reeks ander alternatiewe netwerke afgedruk is

Die daarstelling van onafhanklike kommunikasienetwerke raak ook die oorwegend tradisionele media. Straat- televisie of alternatiewe radio, soos TV Orfeo in Bologna, Zaléa TV in Parys, Occupen las Ondas in Barcelona, TV Piqueteros in Buenos Aires en menigvuldige alternatiewe media wat deur die netwerk met mekaar verbind is, vorm daadwerklik 'n nuwe inligtingstelsel.

Selfs die voormalige visepresident van die VSA, mnr. Albert Gore, tree tot die stryd toe deur van sy eie televisiekanaal uit te saai, waarvan 40% van die inhoud vandag deur TV-kykers aangevul word. Presidensiële veldtogte word ook beïnvloed deur hierdie nuwe mediavorm. So het mnr. Howard Dean se kandidatuur in 2003-2004 groter steun geniet danksy die mobilisasie wat hy by wyse van die Internet bereik het.

Die volgende verskynsel is die "kits- politieke mobilisasie" deur selfone, wat binne twee jaar 'n deurslaggewende fenomeen geword het. Hierdie ingrypende meganisme van mobilisering, wat moontlik gemaak word deur die kommunikasienetwerke tussen selfone, het 'n merkwaardige impak gehad in Suid-Korea, die Filippyne, die Oekraïne, Thailand, Nepal, Ecuador, Frankryk... Soms met onmiddellike effek, soos verlede April in Thailand met die ontslag van die Eerste Minister, Thaksin Shinawatra, deur die koning, Bhumibol Adulyadej. Of soos in Spanje, waar mnr. José Maria Aznar 'n nederlaag gely het by die wetgewende verkiesings van Maart 2004. Waar ETA die gevaar geloop het om verantwoordelik gehou te word vir die sluipaanvalle in Madrid, weens vermoedelik die effek van die owerhede se manipulasie van inligting, het 'n oneindigheid boodskappe per selfoon gesirkuleer om 'n grootskaalse protesopstand te organiseer, op 'n dag toe die nawerking van skok en rou die uiting van enige politiese siening feitlik ondenkbaar gemaak het.

Die afleiding is egter nie dat daar twee tipes media bestaan nie : aan die een kant daardie wat hulle by die heersende gesag skaar, en aan die ander kant die massaselfmedia, wat met maatskaplike bewegings geassosieer word. Beide funksioneer op 'n dubbele tegnologiese platform. Die bestaan en ontwikkeling van die massaselfkommunikasie-netwerke bied egter aan die gemeenskap die moontlikheid van groter beheer en betrokkenheid, en aan linksgesindes 'n wyer bevoegdheid vir politieke organisasie.

Terwyl die hoogdrawende, formele demokrasie 'n fundamentele krisis beleef waarin burgers nie meer glo in hulle eie demokratiese instellings nie, blyk dit dat hierdie ontploffing, reg onder ons neuse, van die massaselfkommunikasies, die rekonstruksie van nuwe politieke vorms verteenwoordig. Dit is egter nog baie moeilik om te sê waarop dit sal uitloop.

Ons kan egter seker wees van een ding : dit is 'n geveg wat op die terrein van kommunikasie sal uitspeel en wat rekening sal moet hou met die nuwe diversiteit van tegnologiese middele. Dit is immers die oudste soort geveg in die menslike geskiedenis – 'n geveg wat gemoeid is met die bevryding van ons denke.

In vandeesmaand se dossier "Staat en infrastruktuur" kyk *Die Vrye Afrikaan* na die verhouding tussen dié twee. Die eerste van ons twee bydraes is deur 'n voormalige direkteur-generaal van Waterwese en Bosbou, Mike Muller, wat wys op die gaping tussen politieke ideale en die werklikhede van infrastruktuur. Tweedens kyk 'n voormalige adjunk-direkteurgeneraal van Vervoer, Malcolm Mitchell, na gebreke in die padstelsel.

Nie 'n swart-en-wit probleem nie

DIE ONLANGSE HERSKOMMELING VAN DIE KABINET EN DIE KRAGONDERBREKINGS IN KAAPSTAD HET VLUGTIG DIE AANDAG GEVESTIG OP DIE UITDAGING WAT DIE BESTUUR VAN SUID-AFRIKA SE OPENBARE INFRASTRUKTUUR INHOU.

Deur Mike Muller[*]

'n Verslag van die Staatsdienskommissie (SDK) het sommige van die gewigtiger aangeleenthede uitgelig wat die bestuur van infrastruktuur kniehalter. "Eerder as om die gewilde ding te doen, moet die Staatsdiens konsekwent en toegewyd werk met dit wat reeds bestaan en daarop voortbou", het die hoof van die SDK, professor Stan Sangweni, gewaarsku.

Het ons 'n belangrike fokus verloor omdat ons slegs op die swart-en-wit kwessies konsentreer?

Dis nie bloot dat dit soos *Business Day* se hoofartikel op 25 Mei dit gestel het, " 'n swak minister die soort beleidskade kan aanrig waarmee ons moet saamleef lank na sy of haar ampstermyn verstryk het nie." Die probleem is dat infrastruktuur 'n langtermyn aangeleentheid is waarvan die bestuursiklus uit pas is met die politieke siklus, net soos die konstruksiebedryf wat dit ondersteun.

Politici wat gesteld is op hul vertoning by die volgende partykongres, wen dikwels weinig aansien deur die aanpak van belangrike kwessies, want die impak daarvan, goed of sleg, word gewoonlik eers sigbaar lank nadat die hoofakteur/aktrise vertrek het. So was die Adjunk-President veilig weg uit Minerale en Energie voordat Kaapstad se kragonderbrekings die stad getref het, hoewel die beleidsblapse wat daartoe gelei het, klaarblyklik tydens haar skof gemaak is – met sterk ondersteuning van die ondergeskikte rolbesetters.

Soortgelyke verhale kan vertel word oor vervoer en water, terwyl die telekommunikasieverhaal te droewig is om hier oor te vertel, hoewel, noudat die aap van die private sektor uit die mou is, die volgende uitdaging is om die operateurs tot orde te roep.

Aangesien infrastruktuurministeries verdraagsaam is jeens onbevoegdheid en frustrerend vir ambisie, kan hulle inderdaad as stortingsterreine gebruik word. Maar kan ons dit bekostig, in die lig daarvan dat infrastruktuur die fondament van 'n moderne ekonomie of ganse samelewing uitmaak? As daar slegs beperkte politieke wins uit die lang infrastruktuursiklus te haal is, laat bestuur dan minstens sy werk doen. Dan sal politieke verandering minder saak maak. 'n Goeie bestuur kan immers 'n swak minister dra.

Om goeie bestuur te verseker, moet ons die absolute noodsaaklikheid erken van hoëgraadse tegniese leierskap en kontinuïteit van visie deur die politieke siklusse heen.

Vanselfsprekend moet ons sorg dat daar meganismes van politieke aanspreeklikheid is ten einde daardie visie in lyn met breër nasionale doelwitte te hou. Maar, moeilikste van alles, ons moet seker maak dat die stem van bestuur op die regte oomblikke op die regte plekke gehoor word. Dit het geen sin om aan Eskom-bestuurders enorme salarisse te betaal en dan hulle waarskuwings te ignoreer nie. En alle bestuursvlakke moet na hul verbruikers luister.

Tot nog toe gebeur dit te laat, eers wanneer die krisis op ons is – kyk maar na Transnet en die elektrisiteitsinvesteringsprogram. En die toestand van ons paaie vertel die verhaal, ryk versier met slaggate. Plaaslike paaie het merkbaar agteruitgegaan op baie plekke, wat die power toestand van plaaslike owerhede se tegniese bestuursvermoë aan die kaak stel. Aan die ander kant het die SA Nasionale Padagentskap nasionale paaie redelik goed in stand gehou onder 'n bevoegde Raad en bestuur wat sedert sy stigting in plek was.

As dit geprioritiseer word, het ons nie afsonderlike agentskappe nodig om kontinuïteit te verseker nie, nog minder sal hulle 'n instansie beskerm as Rade met elke hawerklap deur die minister verander word. Wat belangriker is, is om die kultuur van die

[*] *Geregistreerde professionele ingenieur, Direkteur-generaal van die Departement Waterwese en Bosbou tussen 1997 en 2005. Teenswoordig gas-navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Witwatersrand se Nagraade Skool van Openbare en Ontwikkelingsbestuur. Hierdie artikel is gebaseer op 'n reeks van drie wat vroeër vanjaar in* Business Day *gepubliseer is.*

lang termyn by politieke optrede tuis te bring en daar te laat posvat.

In hierdie sin is die werk van ministers van nasionale infrastruktuur nie om dienste te lewer nie, maar om die eersteklas instansies wat die werk sal doen, te bevorder en te beskerm.

En ons moet ons wel deeglik hieroor bekommer. As die nuwe mantra van ASGISA (Versnelde Gedeeldegroei-inisiatief) werk en die ekonomie op dreef kom, gaan ons die infrastruktuur nodig hê om ons te ondersteun. Maar wat van kritieke belang is, is dat ASGISA ook op investering in die infrastruktuur staatmaak om dit daardie hupstootjie te gee.

Impak op toekomstige groei

Ouer lesers sal hulle herinner dat die Britse ekonoom, John Maynard Keynes, in sy soeke na beleid om die werkloosheidsvraagstuk aan te pak, opgemerk het dat om geld te leen om gate in die grond te grawe en hulle weer toe te gooi, 'n doeltreffende manier is om welvaart en werk te verskaf. (In billikheid: hy het bygevoeg, "it would … be more sensible to build houses and the like but if there are political and practical difficulties in the way of this, the above would be better than nothing".)

Namate ons sy voorskrifte herontdek het, het die meeste Suid-Afrikaners gedink ons het die ekonomiese koekieblik ontdek, al het dit ook so effens na 'n ekonoom se weergawe van 'n masjien van ewig-durende beweging gevoel. Dit werk heel eenvoudig. Die Regering bestee geld aan sinvolle openbare werke. Vir die swart en wit elites (ofskoon nie die gewone middelklasonderwysers en –verpleegsters nie) is dit partytjietyd, met geld wat oorvloedig gespandeer word aan goed soos elektroniese apparaat, moutwhiskey (ingevoer), klere en motors (toenemend, ingevoer) en buitelandse vakansies (waarvoor geld uitgevoer word). Hulle spaar nie juis nie…

Anders as in die slegte ou dae het inflasie en betalingsbalanskrisisse nog nie finansiële bestuurders verplig om noodremme aan te slaan nie, hoewel die waarskuwingstekens daar is. Dit is omdat milddadige buitelanders ons nog geld leen wat help om die sogenaamde Hollandse siekte te bekamp – die siekte wat in lande aangetref word waarvan die welvaart hoofsaaklik afkomstig is uit die verkoop van goed wat uit gate in die grond gegrawe word. Solank ons vryelik geld uitgee aan invoere, lyk dit, kan ons die moeilike ewewig bewaar, die waarde van die valuta binne beheer hou en ons fabrikante gelukkig hou.

Maar hoe lank gaan die partytjie aanhou? Dit bring ons terug na ons vermoë om die infrastruktuur te lewer. Meer as 'n dekade gelede, toe die eerste krakies in die monoliet van die sogenaamde Washington-konsensus verskyn het, het drie beroemde ekonome – Amartya Sen, Nick Stern en Joseph Stiglitz – deelgeneem aan 'n Tafelrondegesprek tydens die Wêreldbank se jaarlikse Ontwikkelingsekonomie-konferensie om die rol van die staat in geslaagde nasionale ontwikkelingstrategieë te bespreek. Na dekades waarin die een of ander strategie voorgeskryf is, het die wyse manne tot die slotstom geraak dat "daar geen enkele weg na vinnge groei is nie".

Maar Stern het die gesprek beëindig deur op te merk dat studies van talle lande oor meer as 100 jaar getoon het dat "die enkele mees insiggewende veranderlike … was die administratiewe bevoegdheid van 'n regering".

Wat hierdeur uitgelig word, is die erns van die prestasieprobleem in dié areas van die openbare sektor wat langtermyn fokus en bevoegdheid verg. Dit sluit in die betroubaarheid van ons kragvoorsiening, die veiligheid van ons water, vervoerbeplanning en die koste en doeltreffendheid van telekommunikasiedienste om ons te bemagtig om nie agter te raak nie by sowel Indië, Sjina en Brazilië as Europa en Noord-Amerika, en in om voeling met hulle te bly.

Hierdie sektore benodig gesonde bestuur gerugsteun deur langtermyn visie, gegrond op goeie tegniese begrip. Dit is in hierdie sektore dat diegene wat nie uit die geskiedenis kan leer nie (omdat hulle dit nóg ervaar, nóg bestudeer het), gedoem is om dit te herhaal. In hierdie sektore moet ons wegkom van beskermheerskap en terugbeweeg na meriete.

Die Nasionale Tesourie kan die voortou neem deur die voorwaardelike toekennings wat dit aan plaaslike en provinsiale regerings maak. Waarom stel dit nie formele voorwaardes vir die bevoegdhede waaroor diegene moet beskik wat die toekennings verlang nie? Munisipaliteite behoort bestuurders aan te stel wat munisipale wetgewing verstaan, munisipale ingenieurs en tesouriers wat professioneel gekwalifiseer is; en net so in die provinsiale en nasionale sfere. En gekwalifiseerde amptenare moet toegelaat word om die fonds professioneel te bestuur, en nie gediskwalifiseer en ontmagtig word deur politieke beskermheerskap nie.

As ons dit nie doen nie, bestaan die gevaar dat ons sal aanhou om gate in die grond te grawe en weer op te vul, op maniere wat ander aktiwiteite in die weg staan – soos die vertraging van die aflewering van sement, staal en bakstene, die opsuiging van skaars vaardighede na onproduktiewe beroepe, die forsering van private maatskappye om openbare investering te dupliseer deur rugsteungenerators te koop en vervoer vir hulle werknemers te verskaf.

Keynes mag reg gehad het toe hy gesê het dat die grawe en weer toegooi van gate ons almal baie ryk kan maak (hy het per slot van rekening van goudmynbedrywighede gepraat). Maar hy het ook nie die konsekwensies ervaar van hoe dit in ons tyd verkeerd gedoen kan word nie.

Reguleer die reguleerders

Deel van die probleem is dat Suid-Afrikaners, soos die pasrykes dwarsoor die wêreld, graag in die jongste modes gesien wil word – al bots dit ook gruwelik. Dus het ons sonderlinge politieke dinamiek toegesien dat die konflik tussen "wil-wese", "wil-hê's" and "wil-doene" die Wes-Kaap letterlik in die duister laat.

Die kommentare oor die kragonderbrekings in die Wes-Kaap het nie werklik ondersoek ingestel na die rol wat neomodiese kragregulering en beleid hierin

gespeel het nie. En dit, tesaam met die breër vraag van die rol wat tegnokrate in 'n ontwikkelingstaat speel, is die sleutel tot begrip van ons teenswoordige dilemmas.

Besluite oor elektrisiteit moes jare gelede geneem gewees het. Transmissiekapasiteit moes vergroot, of meer opwekkingskapasiteit moes opgerig geword het. Die operateurs sou ongetwyfeld graag albei wou gedoen het, maar die besluitneming was nie in hulle hande nie.

Dis maklik om sinies te wees oor regulering, een van die modes van 'n 1990's-wêreld waarin daar hoog opgegee is oor hoe regerings op die agtergrond gaan tree, bedrywe geprivatiseer gaan word, onafhanklike reguleerders die raamwerk gaan bestuur – 'n ware fees vir "wil-hê's" wat na enkele maande van opleiding nou die reëls kan neerlê vir groot en komplekse sektore waarvan die ekonomie afhanklik is.

Intussen moet die arme mense, wat maar net "wil doen", na vyf jaar om ingenieurs te word en nog 10 om uit te vind hoe stelsels regtig werk, die alwetende reguleerders gehoorsaam.

In energieverskaffing was die belangrikste mikpunt van onafhanklike regulering om weg te beweeg van 'n situasie waarin een party (Eskom) aanspreeklik gehou kan word vir die versekering van betroubare massa-kragvoorrade na een waarin niemand aanspreeklik is nie. Hoewel dit nou 'n versoeking is om die reguleerders aan te tree, is hulle alte dikwels ook die slagoffers van beleid, want tensy beleid en mag duidelik onderskeibaar is, is reguleerders tandeloos.

By die aanpak van hierdie beleidsuitdaging vanjaar, kom ons voor 'n besonder Suid-Afrikaanse weergawe van die 1990's te staan. Hier probeer ons nie buitelandse werk vir ons multinasionale maatskappye kry (die oogmerk van die ekonomiese beleide wat so sterk deur die WEF, Wêreldbank en hul base gestoot word nie), maar om binnelandse geleenthede te skep vir ons nuwe ekonomiese elite. Met hul hande naby die hefbome van mag en beleid dikteer die kommersiële belange van hierdie "wil-hê's", eerder as operasionele vereistes, alte dikwels belangrike tegniese besluite.

Bou ontwikkelingstaat

Dit is deel van 'n wyer uitdaging wat Suid-Afrika in die gesig staar terwyl ons probeer om 'n krakende ASGISA te lewer. Die ontwikkelingstaat is per definisie een waarin staatsapparatuur regstreeks ingryp in die bedrywighede van die ekonomie en die samelewing, en nie bloot streef om 'n omgewing te skep waarin ander agente werk nie.

Vir suksesvolle ingryping keer ons terug na die kwessie van tegniese bevoegdhede. Die politieke leierskap moet óf daardie bevoegdhede besit, óf die middele om dit te verkry en te bestuur. 'n Ruwe maatstaf is die aantal wetenskaplikes en ingenieurs in leierskap. In lande soos Sjina, Turkye en Korea het die politieke leierskap in sleutel-tegnologiese sektore met die leer opgeklim, wat in plekke soos Sjina vergemaklik is deur die sterk parallelle toesighouding van die regerende party. In Suid-Afrika bestaan daar nouliks soiets.

Waar die politieke leierskap en die tegnokrate nie van dieselfde skole, universiteite, kerke en klubs af kom nie, is die situasie moeiliker. Gemeenskaplike begrip vir politieke oogmerke en 'n klimaat van vertroue moet op die een of ander wyse tussen die twee gebou word. As die vertroue nie bestaan nie, is dit onwaarskynlik dat die politieke doelwitte effektief bereik gaan word. In plaas daarvan sal:

- Beleide nie toereikend deur tegniese realiteite ingelig word nie
- Beleggings op 'n suboptimale wyse gestuur word
- Bedrywighede ondoeltreffend wees nie en nie verbruikersbehoeftes effektief vervul nie.

Sommige van die uitdagings waarvoor Suid-Afrika staan, word gedeel deur ander ontluikende ekonomieë. Daar is 'n tekort aan sleutelvaardighede in sleutelsektore, 'n goeie rede om nie die instansies wat hulle nodig het, te prolifereer nie. Maar Suid-Afrika se geskiedenis maak dit nog erger, want die vereiste tegnologiese vaardighede is so onegalig versprei. Om ingenieurs as verteenwoordiger van tegniese bevoegdhede te gebruik: slegs 4% van SA se ingenieurs is swart; 91% is wit. En produksie is kritiek laag, met Suid-Afrika wat maar honderde jaarliks produseer, terwyl 'n land soos Sjina miljoene produseer.

Dit het twee implikasies. Eerstens behoort Suid-Afrika soveel jong mense as moontlik van alle rasse aan te moedig om in hierdie en soortgelyke terreine in te beweeg – en om aan hulle geslaagde rolmodelle te toon, is 'n goeie manier om dit te doen. Tweedens sal die vertrouensvlakke tussen die tegnici en die politieke leierskap aktief gevoed moet word.

Die belangrikheid van die vertrouensverhouding moet formeel deur die politieke leierskap erken word as 'n ontwikkelingstruikelblok wat aandag moet geniet. Dit lê 'n verpligting op die minderheid tegnokrate van watter gemeenskap ook al wat in staat is om daardie brûe van vertroue met die politieke leierskap te bou. Hulle sal egter slegs slaag as die behoefte erken en hulle bydrae aanvaar word.

Tot dit gebeur, sal ons bly toekyk hoedat mag sonder kennis uitgeoefen en kennis ongetap bly omdat dit geen toegang tot mag het nie — en ligte sal bly aan en af gaan. Ons kan leer uit ander se foute, of daarop aandring om ons eie te maak. Maar ons kan nie 'n ontwikkelingstaat in die donker bou nie.

Ons moet dus dringend verder kyk as om kwessies as bloot swart en wit te bestempel, en ons meer bekommer oor bevoegdhede as kleur of waar hulle vandaan gaan kom as ons nie die groot infrastruktuuraksie van ASGISA in die modder wil laat vasval voor dit nog begin het nie.

SA paaie:
Redes vir die krisis

DIE SUID-AFRIKAANSE PADNETWERK IS 'N BELANGRIKE FAKTOR IN DIE MAATSKAPLIKE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE LAND, TERWYL DIT DIE INTERSTAD EN STEDELIKE, VRAG- EN PASSASIERSMARKTE DOMINEER.

Deur Malcolm Mitchell*

Die primêre kenmerk van die padnetwerk is die groot variasie in standaarde en diensbaarheid wat binne die netwerk bestaan – meer as in die meeste lande ter wêreld. Inkonsekwentheid in fondstoekenning oor die jare en die veranderlikheid van institusionele vermoë is waarskynlik die hoofredes vir hierdie toedrag van sake. Elemente van die netwerk wissel vanaf hoëstandaard nasionale en metropolitaanse paaie wat meer as 150 000 voertuie per dag dra, na die ander uiteinde van die spektrum: honderde duisende grond- en gruispaaie waarvan sommige daaglikse verkeersvolumes tot so hoog as 2000 voertuie per dag het.

Die koms van "moderne" paaie in Suid-Afrika begin in die vroeë jare na die Tweede Wêreldoorlog en is in 'n hoë mate geskoei op Noord-Amerikaanse praktyk. Vanaf die middel 1960's tot die einde van die 1970's het die land 'n aansienlike paduitbreidingsprogram onderneem. Dit was die "goue jare" van padontwikkeling in die land, en 'n groot deel van die huidige primêre nasionale en provinsiale netwerk is "neergelê" tydens hierdie periode. Die primêre metropolitaanse paaie is ook tydens hierdie periode van 15 tot 20 jaar ontwikkel.

Tot die middel 1980's was die klem in primêre padinfrastruktuurontwikkeling op die hantering van die snelgroeiende verkeersbehoefte tussen die land se belangrikste stede. Onder die invloed van vervoerbeleidstudies tussen 1976 en 1985 is groeiende klem egter ook geplaas op die bevordering van vervoerverwante vragbewegings asook vergrote mobiliteit in metropolitaanse gebiede, terwyl doeltreffende en veilige verbindings tussen die hoofbevolkingsentra in die land ook onderhou is.

Ongelukkig het toereikende padfondsbronne naby die einde van die 1970's begin afneem na gelang die land te staan gekom het voor snelgroeiende kostes in ander samelewingsektore.

Beduidende disinvestering in die padsektor het gekom met uiteindelik rampspoedige gevolge vir die netwerk en sy gebruikers. Dit is ongelukkig gekombineer met snelle groei in padverkeer, wat hoofsaaklik veroorsaak is deur vinnig stygende voertuigeienaarskoerse in die private sektor asook fenomenale groei in padvragvervoer – veral weens die onvermoë van die spoormodus om 'n aanvaarbare diens aan verskepers te lewer, maar ook weens 'n deregulering in vragbeweging wat op die nasionale vervoerbeleidstudies gevolg het.

Die omvang van disinvestering in die padsektor tydens hierdie periode word gedemonstreer deur die feit dat in konstante randwaarde totale besteding op plattelandse paaie in Suid-Afrika in 1990 die helfte was van wat dit in 1975 was. Dit was 'n tydperk toe die land deur buitensporige inflasie in die gesig gestaar is, wat 'n ernstige effek op padboupryse gehad het. Selfs tydens 'n periode van grootliks verminderde inflasie tussen 1997 en 2005 het besteding in reële terme op paaie bykans staties gebly en slegs sowat 10% vir hierdie periode van 8 jaar gegroei.

Deur die koms in die vroeë 1980's van leningsfinansiering wat afgelos is deur padtolheffing, asook padkonsessering aan private konsortiums vanaf die middel 1990's het Nasionale Paaie in 'n hoë mate daarin geslaag om sy netwerk in 'n aanvaarbare toestand te onderhou, ofskoon netwerklengte ernstig verminder is van wat dit in vroeër jare was.

Provinsiale paaie het egter ernstig onder hierdie disinvestering gely en in die aangesig van ernstige finansiële beperkings was die owerhede nie in staat om die gehalte van die provinsiale padstelsel na die middel 1980's te handhaaf nie. Ernstige oorlading deur talle vragvervoerders het die toedrag van sake vererger en gelei tot omvattende strukturele skade aan paaie in sekere vragvervoerkorridors. Die huidige stand van die Suid-Afrikaanse provinsiale padnetwerk is van so 'n aard dat gemeet deur die Visuele Toestandindeks (*Visual Condition Index*) 35% van paaie met blaaie (*surfaced roads*) in 2002 in 'n slegte tot baie slegte toestand was, terwyl dié syfer in 2006 waarskynlik nie beter nie maar eerder slegter is. Om dít in perspektief te plaas was slegs 5% van paaie in 1988 in sodanige toestand. In minstens een provinsie is paaie met blaaie in 'n swak toestand opgegrawe en omgeskakel na gruispaaie omdat dit goedkoper was om hulle in dié toestand te onderhou.

Gebaseer op die laaste opname gedoen deur die Departement van Vervoer het paaie versleg vanaf 'n "goed" in 1988 na "redelik tot sleg" in 1999. Nasionale paaie, wat doeltreffend deur die Nasionale Padagentskap bestuur is, het hulle toestandsgraad behou, soos ook paaie in die Noord-Kaap, waar die verkeer laag en grondtoestande goed was. In Kwazulu-Natal, daarenteen, was die verkeer hoog en grondtoestande sleg, en as gevolg hiervan het paaie dus verswak van "goed" na "sleg".

* *Uitvoerende Direkteur, Suid-Afrikaanse Padfederasie*

Bykomend tot hierdie situasie was 'n paradigmaskuif in provinsiale padbeplanning waar padverskaffing geskuif het vanaf verkeersbehoefte as primêre kriterium vir padbesteding na die voorsiening van plaaslike padtoegang vir afgeleë landelike gemeenskappe.

Padgebruikers word belas met sowat R43 miljard per jaar waarvan slegs R13 miljard teruggevoed word in die padnetwerk. Dit is welbekend dat as paaie nie betyds herstel word nie, herstelkostes sewevoudig kan styg. As ons die padnetwerk wil herstel na sy toestand van 15 jaar gelede sal bykomende befondsing van ongeveer R10 miljard per jaar bo en behalwe bestaande besteding vereis word.

Alle aanwysers dui op die algemene verwaarlosing van instandhouding op talle van die land se paaie, en enige padinstandhouding wat geskied, kom kol-kol en lukraak voor, eerder as volgens plan en stelselmatig.

Slaggate is nou 'n groot probleem en veroorsaak ongelukke en wydverspreide skade aan voertuie. Byvoorbeeld, op die N12 tussen Bloemhof en Christiana moes die spoedbeperking verminder word na 60 km/h weens die hoë voorkoms van slaggate, en op sekere dele van die pad moet motors hul spoed tot 'n slakkepas verminder om groot skade te vermy. 'n Soortgelyke situasie bestaan op te veel ander stukke van die land se paaie.

'n Algemene praktiese reël ten opsigte van die bevoegdheid van enige padowerheid is die spoed waarteen slaggate herstel word. In meer ontwikkelde lande is 72 uur die norm. Op voorste snelweë in die VSA is 24 uur die reël. Ses tot nege maande is skynbaar die norm in Suid-Afrika, en dit kan strek tot twee of selfs drie jaar.

Die dinamiek van die padinfrastruktuur in die land is sy onvermoë, op enkele uitsonderings na, om die huidige en toekomstig verwagte behoefte daaraan te bevredig; kapasiteitsbeperkings wat betref tegniese en professionele kundigheid in die meeste padowerhede; 'n stadig toenemende padongeluk- en doodskoers, geheel onvanpaste padgebruikerskostes as gevolg van die slegte strukturele toestand van padoppervlakke en verkeersopeenhoping in ons belangrikste metropolitaanse gebiede; 'n wanfunksionele institusionele opstelling vir die padleweringsfunksie van die regering; onvoldoende data vir behoorlike beplanning; en 'n gebrek aan toereikende en geïntegreerde padbestuurstelsels. Ander faktore sluit in onvoldoende professionele en tegniese kapasiteit in veral die regering maar ook in swartbemagtigingsmaatskappye; en ontoereikende bestuur van padoperasies met betrekking tot faktore soos veiligheid, oorbelading, toepassing van die Padverkeerswet, ensovoorts.

Die onlangse aankondiging van die regering van aansienlik verhoogde fondse wat vir padinstandhouding en –rehabilitering asook netwerkontwikkeling beskikbaar gestel gaan word, word verwelkom en mag, gegewe dat die kapasiteit vir die doeltreffende aanwending van dié fondse nog bestaan, tot 'n ommekeer in die lot van die padnetwerk in die land lei. Padowerhede se begrotings is onlangs beduidend verhoog, en die Suid-Afrikaanse Padfederasie (SAPF) glo dat die hoofdeel toegeken moet word aan die bewaring van die land se padnetwerk. Om anders te handel, sal roekeloos wees.

Die SAPF is verbind tot die bevordering van verbeterings in hierdie en ander areas. As deel van hierdie onderneming sal dit in samewerking met die Internasionale Padfederasie gedurende September vanjaar in Durban 'n driedaagse konferense hou oor "Paaie vir die Afrika-renaissance" waar hierdie en ander kwessies gedebatteer sal word.

Die konferensie streef daarna om sowel politieke en uitvoerende besluitnemers as navorsers en ander beroepslui in die padveld byeen te bring om die stand van die Afrika-padnetwerk te ondersoek met die oog op wat gedoen kan word in terme van deeglike lewering, bestuur en operasies. Die vermoë van die padbedryf om veilige, doeltreffende vervoer van goedere en mense te lewer sodat die nodige ekonomiese en maatskaplike groei waarna gestreef word in terme van die Millenniumontwikkelingsdoelwitte vir Afrika – en in besonder die verligting van armoede – sal verken word.

Verbeel Afrika Potsdam, Julie 2005

Deur Breyten Breytenbach[*]

1. In hierdie maand van Julie 2005 spook twee beelde by my. Hulle is nie verwant nie en miskien beduie hulle bloot indirek na kwessies wat opdoem in die wêreld waarin ons vandag woon – barbarisme, terrorisme, imperialisme, verarming, plae, die afwesigheid van etiese kodes en 'n hiërargie van waardes, mal materialisme, intellektuele en artistieke narcissisme… Tog illustreer albei hierdie beelde vir my die rou breuklyn waar 'privaat' en 'openbaar' ontmoet.

Die eerste is dié van die sogenaamde 'Klavierman' (oftewel, 'Piano Man', soos hy in veral die Britse media bekend geword het). In die stormagtige nag van 7 April word 'n jong wit man gevind waar hy deur die strate langs die strand van Sheerness in Kent dwaal. Sy elegante, donker pak is papnat, alle naamlintjies is sorgvuldig verwyder, hy het geen persoonsbewys nie. Oënskynlik het hy sy geheue verloor en daarmee saam sy identiteit. As jy vergeet hoe ander jou gesien het, bestaan jy nie meer nie. Die man word na die Medway Maritime Hospital geneem. Die Nasionale Sentrum vir Vermiste Mense word ingelig. Niemand tree na vore om hom te eien nie. In die komende weke sal daar duisende reaksies, bespiegelings, teorieë en valse identifikasies oor die internet gelug word, alles tevergeefs (die Web is 'n reuse eggokamer vir die begogeldes en die komplotversottes), en daarna sal die belangstelling taan. Die man is deur vrees getraumatiseer: as iemand die kamer waar hy gehou word, binnekom, hurk hy in die hoek. Na 'n paar dae teken hy 'n konsertklavier op 'n vel papier. Hy word na 'n vleuelklavier geneem, gaan sit en begin ure lank verruklik speel. Slegs wanneer hy speel, ontspan hy. Die jong, blonde vreemdeling met die melancholiese, vreesbevange oë reageer op geen vraag nie, lyk nie asof hy enige taal ken nie, teken of skryf niks anders nie, maar komponeer musiek; hy is ooglopend 'n knap konsertpianis en moet weggeskeur word van sy instrument. Hy klem die lêer met sy komposies teen sy bors vas.

Die tweede beeld verrys, of eerder, tuimel uit die lug soos een of ander Ikarus. 'n Afgeskeurde mensbeen val op Pam Hearne se dak – sy woon sowat 9 kilometer van John F. Kennedy-lughawe in New York. Wanneer dit land, sal nog ledemate en vergruisde liggaamsdele gevind word in die ruim van die onderstel van 'n SAL-vliegtuig wat onderweg vanaf Johannesburg Dakar aandoen. Weer geen etikette of identiteitsdokumente nie. Pam Hearne sê sy het aanvanklik gedink die geraas is veroorsaak deur 'n buurman wat sy bakkie daar naby laai. "Ek is bly ek woon waar ek woon sodat ek nie vir my lewe hoef te hardloop soos daardie man oënskynlik moes doen nie," verklaar sy. En die owerhede kondig aan: "In geen stadium was daar enige gevaar vir die passasiers aan boord nie."

2. Dit is billik om te sê dat ons 'n verwording in die internasionale omgewing belewe, sowel fisies as moreel. Al langs die helder draad van menslike bewussyn was daar seker sedert aanvang 'n gewaarwording van die verwoestende implikasies vir groepe van die menslike familie wanneer verskille deur konflik besleg word, en gepaardgaande hiermee lyk dit asof daar altyd 'n valorisering van en soeke na vrede was – vir die vermindering van spanninge, vir matiging en tegemoetkomendheid, en die kodifisering van geregtigheid sodat botsende belange op aanvaarde wyses opgelos kan word om die vergeefsheid van bloedlating te voorkom. Maar 'vrede' is slegs die tydelike opskorting van geweld. Sonder om in te gaan op die mens se nimmereindigende neiging tot en voorliefde vir oorlog, en dus sonder enige pretensie om te verstaan waarom hierdie "lewenswyse" noodlottig en onvermydelik lyk (as om jou naaste dood te maak as 'n lewenswyse beskryf kan word), en dus ook sonder om te waag om die haalbaarheid van eeue-oue teenbewegings na pasifikasie te evalueer, dink ek dit is duidelik en redelik om aan te voer dat ons oor die laaste dekade of twee 'n toename in kollektiewe doodslag en 'n groeiende gevoelloosheid vir die implikasies daarvan, gesien het.

Fatalisties aanvaar ons nou – soms lyk dit selfs of ons dit kondoneer – dit wat nie so lank terug nie te afgryslik sou wees om te aanskou. Die wêreld is gewalg deur Nazi-pogings om Jode, Sigeuners en homoseksuele te elimineer in die siedende waansin van 'n "finale oplossing" – selfs al het van die weerstand baie laat gekom en miskien gemotiveer deur eiebelang. En tog lyk dit of die wêreld tans oor die algemeen passief toekyk terwyl die Staat van Israel herhaaldelik dade van staatsterreur teen die Palestyne pleeg – hulle leiers sluipvermoor, hulle strukture verwoes, hulle kinders verdierlik, hulle vroue verneder, hulle grond steel en hulle in effek van 'n toekoms ontneem. Waarom? Is dit onverskilligheid? Tamheid? Sinisme? Instemming?

Die wêreld – ten minste beduidende dele daarvan – het beswaar gemaak teen die doodslag en onderdrukking van swart mense in Suid-Afrika bloot omdat hulle swart was en ons het die stryd om

[*] *Digter. Hierdie opstel het oorspronklik in Engels verskyn in* POETS AGAINST WAR Newsletter (Somer 2006). *Uit die Engels vertaal deur Johann Rossouw en hersien deur Breyten Breytenbach*

geregtigheid gesteun. Kan ons sê dat daar ewe veel verontwaardiging was toe 'n volksmoord in Rwanda tien jaar gelede plaasgevind het? Is ons ewe besorg oor wat gebeur het in Sierra Leone, Liberië en Somalië, oor wat vandag gedoen word aan mense in Darfoer en in Zimbabwe en in die Kongo, of die dreigende massamoorde in die Ivoorkus – en is ons ewe betrokke in die poging om hierdie konflikte te voorkom? Waarom nie? Omdat hierdie verafgeleë plekke is met min impak op die magsbalans in die wêreld en skrapse markwaarde het? Of is dit te ingewikkeld? Is ons bloot moeg daarvan om te probeer verstaan? Het ons ons morele naamlintjies en die herinnering aan wie ons was verwyder terwyl ons eksistensiële deuntjies op die klavier speel?

Martin Luther King het gesê: "Ons lewens begin eindig die dag wat ons stil word oor dinge wat saak maak."

Ons word bekruip deur 'n opwelling in fundamentalisme aan alle kante, 'n wedergeboorte van 'n gedweep met godsdiens, deur die oplegging van wêreldkapitalisme as morele imperatief (eufemisties 'globalisering' genoem), 'n verdieping in armoede en ongelykheid en die terugkeer van rassisme, die verrotting van gesonde verstand en etiek deur politieke korrektheid… Die Verenigde State het 'n skurkentiteit geword, Europa is so toe soos 'n klei-os se gat en in Afrika word die gemoed deur ellendigheid gedryf – ons vryhede weggekerf in die willekeurige dade van veragtelike heersers of deur die onbelemmerde gierigheid van die elites en die leërs wat die mense plunder, en in sommige plekke bestaan daar geen vryheid nie omdat daar geen politieke en ekonomiese middele is om dit te bou nie. Is dit dan nie begryplik dat wanhopige individue sal probeer ontsnap in tingerige, oorlaaide bootjies, of wegkruip in die onderstelle van vliegtuie waar hulle geen kans het om te oorleef nie – omdat hulle óf sal doodvries óf tot pulp vergruis word?

Wat moet ons maak van die herlewing van kannibalisme, van kinders wat gewere gegee word om te gaan moor? Hoe het ons kollektief tot die punt gekom waar ons die opvatting van 'mislukte state', van 'swart gate' aanvaar – minstens tot waar ons oënskynlik daarmee kan saamleef? Wanneer het ons die intieme wete verloor dat wat gedoen word aan, of toegelaat word om gedoen te word aan die weerloses ons almal aangaan, dat die klok vir ons almal lui? En dat die implisiete kondonering van die onaanvaarbare die vesel van ons etiese besorgdheid verrot sodat ons almal meer verdierlik word – inderdaad minder beskaafd?

Dis waar dat heelwat van ons internasionalistiese besorgdheid gebou mog wees op brose ooreenkomste, skynheilig en ingegee deur nasionale of markbelange – maar ten minste het hulle sekere hoogtemerke aangedui en gegewe houdings wat ons optrede in hierdie wêreld definieer, beliggaam. Die feit dat die supermoondheid nou eensydig inmeng waar hy dit ook al geskik ag, en so duidelik en brutaal in eiebelang terwyl hy in die proses die waarde van menslike lewe en die respek vir niewesterse kulture skaad, het die vernietiging van ons brose internasionale ooreenkomste en pogings om in 'n bietjie vrede saam te leef, verhaas. Moet ons dan verras wees deur die bomme wat in Madrid en Londen afgaan?

3. Wat is die waardes van die wêreld? In 'n onlangse onderhoud het James Wolfensohn, voormalige president van die Wêreldbank, uitgewys dat 900 miljard dollar van jaarlikse besteding van regerings wêreldwyd gaan vir verdediging, 300 miljard dollar vir die ondersteuning of eerder subsidering van die wêreld se rykste boere en slegs 56 miljard dollar vir ontwikkelingshulp aan die armes. Dit is 'n kwessie van belegging. Die armes is ooglopend nie so winsgewend soos wapens nie. Insgelyks berig die media dat president Bush se "ruimteskild" 'n geskatte 58 miljard dollar sal kos, terwyl dit ook bereken word dat die aangekondigde Millenniumontwikkelingsdoelwitte (om armoede teen 2015 beduidend te verminder, ens.) slegs teen die jaar 2147 bereik kan word.

Hierdie arrogansie moet gesien word teen die agtergrond van sekere vergelykende syfers:

In 2003 het daar 704 miljoen mense in Afrika gewoon en 307 miljoen in die Euro-gebied; die gemiddelde lewensverwagting in Afrika was 45,6 jaar en 78,9 jaar in Europa; MIV/Vigs het 7,2% van Afrikane affekteer, terwyl die syfer in Europa 0,3% was; 457 kilowatt elektrisiteit per persoon is in Afrika verbruik en in Europa was dit 5912 kilowatt; die gemiddelde inkomste in Afrika was $500 per jaar en in Europa $22810; 13% van die paaie in Afrika was gangbaar en in Europa was dit 95%; in die loop van die jaar was daar 348 000 lugrederyvlugte in Afrika en in Europa was dit 3,5 miljoen. Tussen 1981 en 2003 het die totale aantal mense in Afrika wat op minder as 'n dollar per dag leef gestyg van 40% tot 50% en in Sjina het dit oor dieselfde periode geval van 60% tot 20%. NEPAD (New Economic Partnership for African Development) het 64 miljard dollar per jaar begroot vir die ontwikkeling van Afrika se gedegradeerde en dikwels ontoereikende infrastruktuur, maar oor die afgelope vier jaar is slegs 1% aan infrastruktuurprojekte gewy.

Afrika is inderdaad nou armer as wat dit nog ooit was. Uiterste armoede het die afgelope twee dekades viervoudig toegeneem. Meer as 'n derde van die vasteland se inwoners maak met moeite 'n bestaan op minder as 'n halwe dollar per dag. Meer 'ontwikkelingsgeld' het in Afrika ingegaan as wat die Marshall-plan na oorlogsverwoeste Europa gebring het (ofskoon meeste van die geld weer in die sakke van skenkersagentskappe beland) – en waar is ons nywerhede, universiteite, openbare instellings, hospitale, paaie? Ons burgeroorloë – soos dié in die twee digsbevolkte state, Soedan en die Kongo – het so lank aangegaan dat dit lyk asof hulle endemies, permanent en onoplosbaar is. In weerwil van die oliebonanza is die gemiddelde Nigeriër vandag armer as in 1970; die land word geteister deur etniese en religieuse twiste en is een van die mees korrupte plekke ter wêreld; die regstelsel het feitlik heeltemal in duie gestort, burgerlike wanorde en kapitaalvlug is die norm en die eens trotse universiteite het ingeplof.

Ja, ons leef steeds volgens diepgaande

humanistiese tradisies; en ja, op geen ander vasteland moor mense so maklik en vanaf so 'n jong ouderdom nie. Ja, talle van die afgryse kan gelê word voor die deur van vampieragtige leiers, die roofdiere wat hulle bevolkings verskraal het tot bankrotskap en ruïnering en hongersnood – Idi Amin, Bokassa, Mobuto, Eyadema, Charles Taylor, Arap Moi, Robert Mugabe, Dos Santos… Maar ook ja, moet ons vra, wat het diesulkes wat nie persoonlik gierig was nie, die "Christian gentlemen" soos Kaunda en Nyerere nagelaat buiten gek, verderflike ekonomiese beleide? Oorlede Claude Aké het eens gesê: "Dit is nie soseer dat ontwikkeling misluk het nie as dat dit nooit hoegenaamd op die agenda was nie."

Want in die verbygang wil ek dit beklemtoon dat ek Afrika se armoede nie bloot beskou as gewoon die lot van die onregverdige wêreldstelsel nie. 'n Deel van die oorsaak van ons agterlikheid is sekerlik sistemies – wat kan 'n mens anders in 'n wêreldkapitalistiese opset verwag? – maar of ons gaan bly rondrol in ons armoede, in ons selfbejammerende houding van slagoffers van die geskiedenis wees, hang volledig van onsself af. Afrika is nie arm nie. En selfs al mag die korrumpeerders (die vrotmakers) dit vanaf Londen en Parys en Washington doen, is die medepligtiges en dikwels die bevoordeeldes diegene in Afrika wat hulself vetvreet aan die ellende van die armes. Niemand buiten Afrikane self sal of kan selfs Afrika red en regruk nie. Dit is imperatief noodsaaklik dat ons onsself sal wil help, sal ophou wegkruip agter die verskonings van 'gebruik' en 'kultuur', 'n gedeelde sin van die gemeenskaplike bates en verantwoordelikhede ontwikkel, om nie langer slegs te leef vir vandag se buit of die skrapse middele tot oorlewing nie.

Maar dit is reeds genoeg! Wat sê hierdie syfers vir ons van die wêreld?

4. Dat ons in die hart van wêreldonveiligheid op armoede sal stuit – endemies en knarsend en verergerend. Of gierigheid. Die gierigheid van die onversadigbares. Ek praat ook van die gierigheid van die roofdiere – die wapenvervaardigers en die olieslurpers en die mensesmokkelaars. Dat ons in die hart van ons nuwe barbaarse era, hoe opgedollie ook al met die katoeters van modernisme, die fundamentaliste kry wat mekaar uitwis (en daarmee saam duisende mense as 'kollaterale skade', of as terrorisargumente vir die veg van asimmetriese oorloë) uit wanhoop of vir wat hulle glo 'n religieuse saak in die naam van hulle wrede en jaloerse God is. Dat in die hart van daardie lande wat na bewering bevryd en demokraties is, die siniese spinnekoppe onbeperk heers in hulle drang na mag en wins. Dat in die witgewaste hart van ons sogenaamde verligte wêreld ons steeds dieselfde halsstarrige en geïnstitusionaliseerde diskriminasie teen vroue teëkom. Dat in die hart van hierdie diep woud dit ons steeds aan ware erbarming vir kinders ontbreek.

5. Hoe kan die gees vry gehou word? Want ons moet die gemoed bevry en vry hou as ons dit wil weerhou daarvan om na die donker terug te gaan. Dit is nie genoeg om die donker te sing nie. Om te oorleef, moet ons die verantwoordelikheid aanvaar om die wêreld anders te verbeel – want watter horison het ons om aan te bied aan 'n dertienjarige seun in Monrowië wat nou dink dat sy enigste oorgang tot volwassenheid kan wees deur 'n AK-47 te bekom, homself te bedwelm, sy gesig met goedkoop lipstiffie op te maak, 'n pruik op te sit en een of ander hartseer nagemaakte trourok aan te trek voor hy uitgaan om te moor? Wat is dit wat ons aan die kinders bied? Waarvoor kan hulle leef? Elkeen kan nie 'n Klavierman wees nie.

Ek het die net van my opmerkings doelbewus wyd gegooi. Daar is 'n interverbindheid en Afrika is deel van die vergelyking, selfs al is dit nie waar die frontlinie tussen Wes en Oos brand nie. En Afrika is nog altyd sowel vanuit die vreemde as van binne verbeel, meesal as 'n oefening in ontvlugting. Dit gebeur selfs nou: enersyds het ons die getrommel van steun aan die vasteland deur rock-konserte en G8-vergaderings en die instelling van Kommissies en Doelwitte; andersyds hoor ons die ewe selfdienende mantras van "soewereiniteit", van die wêreld wat Afrika 'n ordentlike bestaan sou *skuld*, gebaseer op die versterking van al die valshede wat ons leer ken het in terme van staatkunde en politieke bedelings, vanaf kolonialisme tot post-onafhanklikheid.

Die Noord-Suid verhouding word gedefinieer deur historiese prosesse, deur persepsies en deur magsbalanse. Twee komponente wat my interesseer is etiek en mag – meer presies, hoe nie-mag (of verbeelding) as transformatiewe agent gebruik kan word.

Onderliggend aan die historiese houdings teenoor Afrika - 'n op-en-af geskiedenis met meer af as op, 'n gee-en-neem storie met veel meer neem as wat daar ooit gee was – onderliggend daaraan is daar die werklike kultuurverskille. Onder hierdie 'verskille' kan 'n mens wys na, dink ek, 'n skakering in benaderings tot die gebeurtenis en betekenis van dood, na opvattings van kontinuïteit van geslag tot geslag en selfs van die vertel van tyd, verskille in die wyses waarop die sinlike lewe oor sou gaan in die onbekende, in die gebruike en sin van die liggaam, verskille in tradisies om die mag van donkerte deur ritme en inkantasie aan die lig te bring. Die 'donkerte' waarna ek verwys, kan as noodlottige gegewe beskou word, die verborge wêreld wat vrees en ontsag vestig, maar ook die bron van magie en skepping. Ons almal vier die lewe om die dood te paai; in talle dele van ons donker wêreld eer ons ook die dood om die lewe draaglik te maak.

6. Hierdie besinnings is geïnspireer deur 'n uitstalling van Afrikakuns wat ek onlangs in Parys gesien het. Dit is Africa ReMix genoem – terloops 'n verskriklike naam, want dit suggereer mos dat mens 'n paar ou uitdrukkings kan neem en hulle in 'n nuwe mengsel saamskommel!

'n Mens sou in daardie uitstalling getref word deur 'n lewenskragtigheid van dikwels direkte en vrypostige uitdrukkings, deur 'n bewustheid van die teksture van materiale en oppervlaktes, en deur die gebruik van spot. Daar was 'n opmerklike vermenging

van wat in die Afrikakonteks as tradisioneel beskou sou word – grond, lap, liggaamskuns, die aansprake op magie – met Westerse vorme en uitdrukkings soos installasies en videokuns. Die installasies het dikwels gewys na 'n narratiewe bedoeling; die videokuns (soos byna oral oor die wêreld) was meesal banaal en lelik en leeg. Hierdie vorme van aanbieding vind hulle regverdiging slegs in die museumomgewing van sogenaamde geglobaliseerde materialisme en beskadigde estetika – teenoor die meer humanistiese interaksie wat 'n mens in 'n tradisionele opset sou vind. Met ander woorde: dié kuns is gemaak vir die Westerse museumbesoeker. Dis seker waar dat daar gepoog is om 'n mate van eietydse Afrika 'eiesoortigheid' te verleen deur te werk met die uitskot van verbruikersamelewings – blik, ou gewere, plastiekhouers, gehersirkuleerde beelde – wat die wrang punt maak dat Afrika leef van die afvalgoed van die ontwikkelde wêreld sowel as dat enigiets, hoe nederig ook al, in kuns getransformeer kan word.

Maar buiten hierdie hibiriditeit – die meeste van die verteenwoordigde Afrika-kunstenaars woon en werk tans in Europa – is ongemaklike vrae gestel. Waarom is hierdie kunstenaars gegroepeer? Wat het kunstenaars van Noord-Afrika en, sê, die Kongo gemeen? Wat deel die geledinge van Afrika onderling wat dit kollektief anders as die res van die wêreld maak? (Ek sou voorstel dat een onderwerp van enige toekomstige samewerking tussen instellings van die Noorde en die Suide die bestudering van die ooreenkomste en verskille tussen kunstenaars op die Afrika-vasteland, en tussen hulle en die res van die wêreld behoort te wees.) En waarom is daar oënskynlik so 'n sterk behoefte van 'buite' om Afrika as 'n geheel te sien? Kan dit wees om stereotipes te bevestig, die opgedateerde manifestasies van eksotisme wat nou kom onder die hofie "om respek aan die vreemde te betoon"? – met die implikasie dat dit gerusstellend is om die vasteland eksoties maar apart in sy "vreemdheid" te hou?

7. Sou dit nie meer trefseker wees om voor te stel dat wat nou werklik "vreemd" of "eienaardig" is, die manier is waarop Europa ontwikkel het? Neem wesenlike goeddoen- en goedvoel lande soos Holland en Denemarke: dit is tog sekerlik geregverdig om op te merk dat die meerderheid Hollanders en Dene in opstand is teen die beleide van verdraagsaamheid en permissiwiteit en internasionale solidariteit wat hulle lande oor die laaste dertig jaar gedefinieer het, en dat ons 'n woedende, xenofobiese en selfs nasionalistiese gelaat afgeteken sien?

Hoe het dit gebeur?

Afgesien van die opsigtelike en meesal ekonomiese inkapasiteit om groot getalle immigrante te absorbeer, moet daar sekerlik ook kulturele teenstrydighede wees: buitensporige verdraagsaamheid van diversiteit tesame met grenslose permissiwiteit het die noodsaak vir 'n sin van nasionale samehangendheid en roeping, selfs identiteit, liederlik onderskat; vermenging bring nie noodwendig 'n groter aanvaarding van diversiteit nie – dit is verkeerdelik aanvaar dat diegene wat in hulle verskille aanvaar word sal resiproseer deur ook jou 'andersheid' te respekteer en dat julle sodoende gedeelde niereligieuse gronde sou kon vind om saam op te bou; 'n oordrewe moralistiese internasionale benadering – en 'n soort fundamentalistiese poging om die arm wêreld sover te kry om te aanvaar wat jy gedink het goed vir hulle sou wees (soos 'demokrasie') – het nie rekening gehou met die geskiedenis en met jou eie skynheiligheide nie, en het as weerslag gelei tot die herlewing van die verregses tuis; om agteroor te buig om polities korrek te wees en in feite multikultureel voorskriftelik, het dit onmoontlik gemaak om gesonde verstand te gebruik en basiese verbintenisse tot menseregte toe te pas. Moet 'n mensereg – soos die onvervreembare reg van 'n vrou om onder watter religieuse juk ook al nie 'n lyfeiene te wees nie – nie altyd swaarder weeg as watter selfdienende en ontvlugtende respek daar ook mag wees vir die "kulturele eiesoortigheid" van die ander nie?

8. Niks van bogenoemde kan die vrae vertroebel wat ons onsself in Afrika moet vra ten einde 'n skeppende en transformatiewe verbeelding vry te stel nie. Ek is bewus van persepsies wat voorgee dat om ons afgryslikhede te erken – ons maaksel, ons verantwoordelikheid – verraad sou beteken omdat dit wel rassistiese vooroordele mag versterk. So verraai jy die stryd, word dikwels beweer. Selfbeoordeling sal ons ook stroop van die gemak daarvan om slagoffers te wees van die geskiedenis, van kolonialisme, van rassisme, van kapitalisme, van sosialisme, van ons eie onskuld en inherente goedheid…

Ons moet begin by die verskriklike en bitter verwyte wat erken dat ons teen hierdie tyd gedaal het van bevrydingseuforie na die hart van die duisternis. Ons moet erken dat die nasiestaat-konsep soos dit tans in Afrika bestaan, en slegs hebsugtige plaaslike elites en korrupte en siniese buitelandse maatskappye bevoordeel, nie lewensvatbaar is nie. Die demokrasie wat oor ons uitgesprei het, selfs waar versoet met die gif van verkiesings, maak ons dood. Dit het nodig geword om te erken dat buitelandse ontwikkelingshulp ons nie help nie. Ons weet dat Afrika herstig moet word op radikaal nuwe vertrekpunte, ingegee deur ware outonomie en onafhanklikheid – en dit is nóg die taak nóg die verantwoordelikheid van die wêreld daarbuite. Ons weet ons benodig 'n rewolusie van etiek, van verbintenis tot die behoeftes van die vasteland, in die terugsnoeiing van ons opgeblase retoriek en ons demagogiese posering.

Wat as ons kunstenaars en intellektuele genoegsame voldoening vind in ironiese kommentaar, soos in Africa ReMix? Wat as hulle bloot hulle eie basse red, rondrol in 'n viktimisasiekultus, die blaam verskuif, ingaan in altyd digter labirinte van die najaag van die vervreemde ego? Wie sal dan opstaan om die openbare klok te lui? Wie sal met die nodige toewyding en disspline toesien dat ons gedeelde bevryde gees vry bly?

Toe ek by die Africa ReMix-uitstalling uitstap, sien ek 'n bejaarde wit man, modieus geklee in 'n donker pak oor 'n swart t-hemp waarop die volgende

woorde in rooi letters uitgebasuin word: “Africa is burning.” En ek het gewonder of ons verskraal moet word tot ’n byderwetse t-hempslagspreuk.

9. Want nee, ek wanhoop nie. Jy kan sê: Vryheid is skuld, want dit bring daarmee saam die kennis van onvryheid. Jy kan ook sê: Vryheid is bewustheid en daarom verantwoordelikheid.

Ek glo dit is moontlik om interaksie tussen Suid en Noord te bewerkstellig waar daar bewustelike pogings sal wees om mekaar te versterk – ingegee deur volle openhartigheid maar ook gebaseer op absolute gelykheid. Wat Europa vir Afrika doen, moet Afrika ook by magte wees om vir Europa te doen. Ek glo sodanige interaksie moet *beweging* begunstig en bevorder, dat dit doelbewus daarop moet mik om *ruimtes* van skeppendheid, betwisting en transformasie (in albei rigtings) tot stand te bring en so die versterking van individue voorop stel. Ek glo dat ons nie-mag moet beoefen (in albei rigtings) deur te weier om die geloofwaardigheid en veronderstelde soewereiniteit van ons korrupte regimes wat van diefstal en onderdrukking en protokol en voorkoms leef, te stut, en deur eweneens te weier om die globalisering van die vryemarkstelsels wat die swakkes doodmaak, te aanvaar.

Die verbeelding waarna ek verwys, moet gevorm word. Van waar ek praat, binne ’n instelling soos die Gorée-instituut, beteken dit dat ons in vennootskap met ander werk – NRO’s, internasionale liggame, skenkers – sodat deur die bou van die nodige navorsingsagtergrond en die versterking van die middele om die oorsake van konflik en die hefbome van ontwikkeling te verstaan, en deur netwerke te vestig, ons kundigheid kan mobiliseer. Dit beteken dat ons deurgaans soek na maniere om werktuie te smee wat ook deur ander gebruik kan word, om modelle te skep wat as voorbeeld kan dien, en dat ons ingepraat sal word deur ’n nougesette beoordeling van die impak van wat ons doen. As ’n klein instelling – gedoem tot die najaag van voortreflikheid, gevoed deur die ewewig tussen besinning en handeling – sal ons altyd innoverend wil wees, om “buite die kassie (en die ‘kraal’) te dink”.

Om dit in ’n breër konteks te stel: Ons weet dat wesenlike bydraes tot die bou van vrede, tot ontwikkeling, tot die her-vorming van Afrika gemaak sal word deur organisasies van vroue en die jeug, deur diegene wat aktief is in kulturele skeppendheid, deur die swerwende bendes te betrek by prosesse van vorming vir burgerskap, deur ons intervensies te motiveer aan die hand van deeglike en eksakte kennis en ’n deurlopende soeke na die verstaan van die redes vir kommunale spanninge en die weg daaruit, deur die herwaardering van die rol gespeel deur tradisionele strukture en inheemse metodes in sake rakende konflikbemiddeling en oorlewing – en al die voorgenoemde geskoei op die verstaan en verkenning van die skakels tussen verbeelding en skepping.

Want ek glo dit is moontlik om die krag van die verbeeldende gees te versterk en taai te maak, en dat hierdie vryheid ’n voorvereiste is en as die nodige sneller kan dien om verdere veranderinge teweeg te bring.

LE MONDE diplomatique

Lank lewe Saint-Camille!

'N DORP IN QUEBEC WAT NIE WOU UITSTERF NIE IS OP INISIATIEF VAN ENKELE VAN SY INWONERS AAN DIE HAND GENEEM; IN 'N POGING OM SY AGTERUITGANG TE STUIT, WORD DAAR STAATGEMAAK OP KOLLEKTIEWE VERNUF EN SOLIDARITEIT.

Deur Bernard Cassen*

Hoewel die rykdom van plaaslike ervaring nie toereikend is om al die globale probleme op te los nie, pas hierdie gemeenskap die beginsels en waardes toe wat op ander vlakke ook aangewend kan word.

Om etensuur op 'n Vrydagmiddag is dit nie nodig om 'n afspraak met 'n inwoner van Saint-Camille te maak nie. As hulle in die dorp is, sal hulle heel waarskynlik aan tafel sit saam met hul gesin of vriende in 'n gesellige saal op die grondvlak van Le P'tit Bonheur ("Kleingeluk"), besig om aan die huispizza te smul. Reeds om vieruur die oggend begin die pasteibakker langsaan die deeg voorberei, en drie vrywilligers daag om sewe-uur op om dit op te sny. Drie ander vrywilligers woel in die kombuis en berei 'n hele aantal kombinasies voor, insluitende 'n vegetariese variëteit. Mense kan op hulle gemak kom opskep – en weer skep – teen slegs $8,25. 'n Uitstekende klein bier, wat 'n paar kilometer daarvandaan gebrou word, is beskikbaar vir die dorstiges, en jy kan die maaltyd afsluit met aarbeie van 'n plaas wat 'n vennoot is van die plaaslike koöperasie, La Clé des Champs, waar mark- en ander bos- en landbouprodukte te koop is.

As jy nie lus voel om op 'n Dinsdagmiddag kos te maak nie, word daar vanuit die kombuis van Le Bonheur P'tit afgelewer. Senior burgers op die dorp berei die maaltye voor, en dit hoef nie eens genoem te word dat ook dié werk vrywillig gedoen word nie. Die maaltye kan afgehaal of afgelewer word, en die leerders van die skool langsaan, Christ-Roi (die naam, "Christus-Koning", herinner aan die Hemelvaartsusters wat die instelling gestig het), is gereelde kliënte.

Die hele maaltyd word verkoop teen onoortreflike pryse: $4,50 vir volwassenes, $2 vir kinders. Buiten Le P'tit Bonheur se gastronomiese dienste is dit ook 'n vrolike vergaderplek waar mense mekaar ontmoet om te klets en 'n koffie of ander "brousel" te geniet in die verbygaan. Le P'tit Bonheur het sy naam gekry ter nagedagtenis aan die sanger Félix Leclerc en is ook 'n gemeenskapsruimte (sonder winsbejag) vir kinders van alle ouderdomme. Byeenkomste, uitstallings, kursusse, konferensies, toneel- en musiekstukke en ander aktiwiteite word alles hier aangebied. Maar Saint-Camille leef en "beef" nie slegs in hierdie lokaal nie. Byvoorbeeld, juis dáárdie spesifieke oggend sou die besoeker kon kies tussen drie byeenkomste wat terselfdertyd op drie verskillende plekke gereël is – waaronder een met 'n afvaardiging uit Mali ...

Dit alles in 'n dorp van slegs 446 inwoners! Wat is hulle geheim?

Soos in 'n teatergeselskap waarvan die akteurs verskillende rolle in dieselfde produksie vertolk, is die inwoners van Saint-Camille nie beperk tot 'n enkele funksie nie: vrywilliger of loontrekker, verbruiker of produsent, kelner of kliënt, onderwyser of leerder, akteur of kyker, ensovoorts. Hy kan die een of die ander wees, afhangende van die oomblik, die dag, die week, die maand. Die een wat egter van teatergeselskap of -stuk praat, kan nie versuim om "regisseur" te sê nie – die een wat sorg vir die groep se samespel en die goeie uitvoering van die teks. Sou daar ook in Saint-Camille 'n ghoeroe wees? Iemand wat die dorp vorm en alleenheerser daaroor is?

Die blote gedagte sou hierdie gemeenskap laat skaterlag, in dié dorp waar almal hul eie onafhanklikheid wil beskerm, in die gees van ene Edward Desrivières, die stigter van Saint-Camille. Die geskiedenis wil dat Desrivières in 1848 Quebecstad verlaat het om self die eerste bome in die woud af te saag op die plek waar die dorp vandag staan. Hy het daar agtergebly en dertig jaar lank as kluisenaar geleef.

Maar die verrassende alchemie van Saint-Camille, wat afvaardigings uit die res van Quebec gereeld van naby kom gadeslaan, is nie die werk van die een of ander "onsigbare hand" nie. Agter die werk staan die persoonlikhede van 'n klompie visioenêre individue, vasberade om die oorlewing van hul gemeenskap te verseker sonder enige persoonlike voordeel. Hulle gryp elke geleentheid aan en besit die vermoë om oplossings te vind buite die grense van gebaande weë. Verder is hulle pedagogies genoeg om hierdie nuwe idees te laat aanneem deur die meerderheid van hul medeburgers en is hulle die heeltyd in harmonie met die res van die wye wêreld – van die dorpie langsaan tot die uithoeke van die vyf vastelande.

As 'n mens hul sterkste idees konseptualiseer, sou jy kon praat van 'n sosiale, territoriale en veral intergenerasie-samehang, langdurige ontwikkeling, 'n ekonomiese heroriëntering, populêre opvoeding en deelnemende demokrasie, 'n blywende vermoë om innoverend en kreatief te wees en internasionalisme waarby kultuur steeds 'n prioriteit is. In Saint-Camille

* *Adjunkredakteur van* Le Monde diplomatique. *Uit die Frans vertaal deur André Crous, cinephile2@yahoo.com*

het ons terselfdertyd te make met ’n plaaslike projek en ’n globale denksisteem. Dit alles met minder as ’n halfduisend protagoniste? Ja! Want maatskaplike eksperimentering vind nie net plaas in metropole soos Porto Alegre of Caracas nie. ’n Kleindorp kan ook ’n wêrelddorp wees ...

Sedert die vorming van sy munisipaliteit in 1860 het Saint-Camille nog altyd in Quebec ’n reputasie van *avant-garde* gehad. Dit was ’n saagmeule hier wat in die 1880’s die eerste elektrisiteit gekry het, terwyl die strate en huise tot 1896 moes wag. Met die vorming van die risikokapitaalfirma Le Groupe du Coin (“Die Plaaslike Groep”) in 1985 het die vier aandeelhouers – met dieselfde pioniersgees – geen voorneme gehad om spekulatiewe operasies te realiseer nie. Deurdat elkeen ’n inspuiting van $1 200 per jaar gee, wou hulle hulself toerus met ’n instrument om die demografiese kwyning stop te sit (1 000 inwoners in 1911; 440 in 2001). Die rede vir die inkrimping was die verdwyning van ondernemings wat landbougoedere verwerk en bemark het, asook maatskappye wat voorheen die bosboubedryf benut het; vervolgens het die ooreenstemmende werksgeleenthede ook verminder of verdwyn.

Hoe gemaak op hierdie pad na uitsterwing? Die vakante persele is teruggekoop en ingerig vir aktiwiteite wat die bevolking se belangstelling sal prikkel en die inwonerstal, deur middel van dié aantrekkingskrag, sal laat styg. Alarm is gemaak toe die poskantoor in 1992 byna sy deure sluit. In ’n dorp wat geen tradisie van betogings gehad het nie, was die reaksie van die inwoners skouspelagtig: “Die mense het die strate ingevaar met hul plakkate,” onthou Jacques Proulx, een van die stigters van die Groupe du Coin. Hierdie afgetrede boer, wat met die Slow Food-beweging saamwerk, is as voorsitter van die organisasie Solidarité rurale de Québec ’n bekende gesig in die hele provinsie. En sy openhartigheid is verstommend...

Die groep het die ou “Algemene Handelaar” (kruideniers- en hardewarewinkel) na sy sluiting ingerig as ’n multifunksionele ruimte en, in 1988, dit aan die P’tit Bonheur-vereniging begin verhuur; laasgenoemde het in toenemende mate die ware basis van die dorp se ontwikkeling geword. Le P’tit Bonheur word sedert daardie tydperk bestuur deur Sylvain Laroche, ’n ander stigterslid van Le Groupe du Coin. ’n Kwarteeu gelede het Laroche – toe nog ’n student aan die Universiteit van Sherbrooke – in ’n oomblik van heimweë besluit om terug te trek na Saint-Camille. Hy het die dorp sedertdien nog nie weer verlaat nie, en ’n mens kan jou skaars die plek sonder hom indink: in só ’n mate is hy ’n gebore bemiddelaar, geïnteresseerd in alles en, danksy sy vermoë om te luister, in staat om konflik te ontlont. Want selfs in ’n dorp so klein soos hierdie is daar nog klein geskille tussen die inwoners!

Na die aankoop van die Algemene Handelaar is dit die beurt van die Presbiteriaanse Kerk, in 1999 omskep in twee afdelings, onder die naam van La Corvée: een gedeelte vir verblyf, met nege woonstelle vir senior burgers, die ander ’n kliniek en gesondheidsentrum waar almal – veral die pensioentrekkers – sorg kan ontvang of medisyne afhaal wat vooraf vanaf die apteke in die streek bestel is. La Corvée speel ’n sleutelrol in die gemeenskapslewe van Saint-Camille en is gebaseer op die interaksie en solidariteit van die generasies: op dae soos “pizzadag”, en by baie ander geleenthede, bevind jong kinders hulleself tussen mense wat hul grootouers kon gewees het. Laasgenoemde neem aktief deel aan allerlei aktiwiteite in die dorp – daar is ongeveer vyf-en-twintig verenigings wat altesaam 200 vrywilligers kan mobiliseer.

Danksy die skool: ’n “leergemeenskap”

’n Motorhuis wat nie meer gebruik word nie is volgende om deur die Groupe du Coin omskep te word – in ’n multimediasentrum. Sy veeldoeligheid neem toe wanneer Saint-Camille aan die einde van 2005 ’n veseloptiese kabelverbinding kry wat breëbandtoegang tot die Internet moontlik maak. Dit skep die potensiaal vir afstandswerk en bring mee dat maatskappye soos Randard Construction, wat brûe bou en herstel, ook in dié dorp betrokke kan raak. Verder kan individue soos Martin Aubé, Professor in Fisika aan die Universiteit van Sherbrooke en wat sy eie konsultasiebesigheid besit, MEMO Environnement, nou ook die besigheid vanuit ’n kantoor op die platteland bedryf.

Dis danksy die gemeenskaplike besinning van die munisipaliteit, die ontwikkelingskorporasie, die skool en Le P’tit Bonheur dat die briljante idee ontwikkel het om die dorp te laat herleef en voordeel te trek uit ’n navorsingsaksie: die inskakeling by die École éloignée en réseau (’n netwerk van skole oor ’n uitgebreide area, EER), in opdrag van Quebec se Minister van Onderwys (oorspronklik net drie streke, waaronder Saint-Camille ; vandag word dit geassosieer met werk in dertien streke) en poog om van Christ-Roi en die verskillende vennote ’n volwaardige en langdurige “leergemeenskap” te maak. Só ’n sinergie, die resultaat van inligtings- en kommunikasietegnologie, rig die werk van al die verantwoordelikes, waaronder die oud-burgemeesters Henri-Paul Bellerose en Claude Larose, wat alles moontlik gedoen het om die veseloptiese kabel uiteindelik dorp toe te bring. ’n Mens kon nie minder verwag van Bellerose nie, lid van die Groupe du Coin; nóg van Larose, oudvoorsitter van die koöperasie La Clé des Champs. Hierdie koöperasie, waarvan die lede meestal taamlik jonk is, verkoop 70% van sy produkte (groente, rooi vrugte) op plaaslike vlak, veral deur middel van die dorp se geriefswinkel (groente-handelaar), of direk aan die inwoners wat ’n kontrak met die koöperasie aangegaan het vir die gereelde plasing van mandjies vol seisoenprodukte en ooreenkomstige resepte.

Eintlik word hierdie benadering nie op prys gestel deur sommige van die om en by twintig “tradisionele” landbouers wat nog voortbestaan en graan, voer en vleis verkoop nie. Hulle kry hout uit die woud, terwyl die koöperateur van La Clé des Champs spesialiseer in alle bosbouprodukte met die uitsondering van hout – veral ginseng. Terloops, naas

pels was ginseng vir ’n lang tyd die grootste uitvoerproduk van Quebec. Die moontlikheid van ’n aankoop van sowat twintig plaashuisies wat vir “nislandbou” bestem is – deur jong paartjies, wie se kinders die Christ-Roi-skool hoop om eendag te onderrig – sal hulle ook nie noodwendig op ’n kulturele vlak met die neolandelikes versoen nie. Die landbou, wat klem lê op produktiwiteit en sy oog op uitvoer het, staan teenoor die plattendse landbou wat mik na plaaslike selfvoorsiening; dis ’n planetêre konflik wat ook dié dorp in Quebec raak.

Só gaan dit in Saint-Camille, waar dit lekker is om te lewe, en waar dit veral saak maak om die kollektiewe kennis in te span vir oorlewing. Onder die grondbeginsels is daar ook kursusse in toegepaste etiek wat Jean-François Malherbe aanbied. Hy is dosent aan die Universiteit van Sherbrooke en het kursusse vir buitemuurse universiteitsopvoeding op die been gebring. Ons het ongelukkig vergeet om hom sy opinie te vra oor ’n gesegde van Winston Churchill wat Sylvain Laroche so dikwels aanhaal: “Dis beter om verandering die hand te gee voor dit óns aan die strot beetkry.”

Geert Mak se *In Europa*

DIE BRILJANTE SKRYWER VAN NIE-FIKSIE, GEERT MAK, WORD VANJAAR SESTIG. HY IS HISTORIKUS, JOERNALIS EN BUITENGEWONE HOOGLERAAR AAN DIE UNIVERSITEIT VAN AMSTERDAM.

Deur Jaap Steyn*

In Suid-Afrika is hy seker die beste bekend vir *De eeuw van mijn vader*. Dis 'n "biografie" van die 20ste-eeuse Nederland met die geskiedenis van sy familie as uitgangspunt. Oor Amsterdam het hy 'n paar boeke geskryf, onder meer *Een kleine geschiedenis van Amsterdam*. Hy is samesteller van 'n versameling waarvan die titel vir sigself spreek: *Ooggetuigen van de vaderlandse geschiedenis in meer dan honderd reportages.*

In Maart 2004 het *In Europa* (1) verskyn, en in 'n jaar is meer as 'n kwartmiljoen eksemplare verkoop. Dit is onderhoudend, informatief, gebalanseerd – so stimulerend as *Die Afrikaners* van Hermann Giliomee en *Modern Times* van Paul Johnson.

Die subtitel is *Reizen door de twintigste eeuw*. Mak het in 1999 'n reeks reise na talle plekke soos Sarajevo, Verdun, Vichy, Auschwitz, Srebrenica onderneem. Hy het museums en biblioteke besoek en gepraat met ooggetuies van historiese gebeurtenisse – versetstryders, offisiere, skrywers, politici, 'n kleinseun van die Duitse keiser Wilhelm II.

Dit sou aanmatigend vir 'n niehistorikus soos ek wees om so 'n groot historiese werk te wil resenseer. Al wat ek kan doen, is om brokkies uit te lig wat vir my interessant is, en 'n paar menings aan te haal.

Treffend van die Eerste Wêreldoorlog is die begrip tussen frontsoldate van albei kante. Hulle kon die loopgraafbestaan volhou danksy stilswyende afsprake met lotgenote aan die ander kant van die linie. In sommige sektore was daar 'n ongeskrewe reël dat die soldate mekaar soveel moontlik met rus sal laat tydens maaltye, wanneer gewondes opgehaal word, of tydens nagpatrollies. Die genietroepe het tonnels van die vyand slegs snags tussen twee- en sesuur opgeblaas, sodat daar in dié tyd nooit aan die tonnels gewerk is nie. Baie lewens is hierdeur gespaar.

Die sinlose bloedvergieting het die pasifistiese beweging laat groei. Duitse en Franse soldate het soms saam die sosialistiese *Internasionale* gesing. Mak vertel van muiterye veral onder die Franse, van soldate wat soos skape geblêr het as hulle na die front – die slagplaas – moes marsjeer, hoe Duitsers teen treine die woorde "Wilhelm en Seuns – Slagvee" geverf het.

Die front het die bakermat geword van massabewegings wat die Europese politiek dekades lank sou oorheers. In die Belgiese leër is die klassestryd verskerp deur die taalverskille tussen Franse offisiere en Vlaamse soldate. Uit dié wrywing het die Frontbeweging ontstaan, wat die Vlaamse emansipasie versnel het.

België het, terloops, nooit die oorlog behoorlik te bowe gekom nie. Voor 1914 was dit die vyfde industriestaat ter wêreld, maar tallose dorpe en stede is uitgewis of erg beskadig, en die Duitsers het 'n groot deel van die nywerhede afgetakel, verwoes of kaalgeplunder. Steenkoolvoorrade is geroof, en België het sy tegniese voorsprong vir goed verloor.

Mak gee 'n breedvoerige beskrywing van Lenin se reis uit Zürich na Moskou ná die Februarie-revolusie in 1917. Die Duitse regering het hom en sy medeballinge verlof vir 'n reis deur Duitsland na Swede gegee. In Stockholm is deur middel van tussengangers afsprake gemaak, en ná die treinreis het miljoene Duitse mark na Lenin-hulle gestroom. Daarmee is die kommunistiese drukperse gefinansier. Die Duitse Departement van Buitelandse Sake het inderwaarheid die Oktober-revolusie gefinansier wat Lenin aan die mag gebring het.

Ná die oorlog het die Weimar-republiek in Duitsland tot stand gekom. Dáár is in 1922 miskien die belangrikste politieke moord van die twintigste eeu gepleeg. Dit was dié op die bekwame Duitse minister van buitelandse sake, Walter Rathenau, 'n Jood.

Mak sê Rathenau was minstens 'n ewe besonderse politieke figuur as Churchill of Charles de Gaulle, minstens net so briljant en charismaties. Hy het soos Hitler 'n towerkrag besit om massas in beweging te bring. Dit blyk uit die honderdduisende wat strate toe gestroom het ná die moord. Maar sy krag was 'n positiewe krag, wat die twintigste eeu vir Duitsland en Europa anders kon laat verloop het.

Een van die dinge waarmee 'n mens die Tweede Wêreldoorlog vereenselwig, is die vervolging van die Jode. Maar oral in Europa, ook in Duitsland, was daar verset daarteen toe dit bekend geraak het wat daar in kampe soos Auschwitz gebeur. Veelseggend is 'n gesprek wat afgeluister is tussen aangeklaagdes in die Neurenbergverhoor. Iemand het gesê: "Ek het ongelooflike dinge in Auschwitz gesien. Sommige SS-bewakers kon dit nie langer uithou nie en moes na 'n senu-inrigting in Giessen gebring word. 'n SS-kompanjie het selfs in opstand gekom en probeer om na die oosfront oorgeplaas te word. Maar hulle is gedwing om hul bevele uit te voer."

In die hele Europa het tienduisende families Jode gehelp wat ondergeduik het, en honderdduisende het hulle van voedsel help voorsien.

Maar vir die versetbewegings was die bevryding van hul lande die vernaamste doelwit. Dit geld ook die

* *Taalsosioloog en skrywer van* Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal

Nederlandse regering in ballingskap. Die bevel tot 'n algemene spoorwegstaking is eers gegee in September 1944, toe die Geallieerdes aan die grense was – nadat die laaste trein met gedeporteerde Jode na Duitsland vertrek het. Daarin was onder andere Anne Frank en haar familie. Die beweegrede van die Nederlandse regering in Londen was militêr-strategies. Het die staking vroeër plaasgevind, kon dit duisende Jode gered het.

Wat het die Jodevervolging veroorsaak? Jodehaat wás daar, sê Mak, maar dikwels ook ander oorsake soos geldelike gewin. Die besittings van gedeporteerde Jode is versprei en goedkoop op veilings verkoop.

Die meeste Jode in Amsterdam en Parys is gedeporteer deur polisiemanne wat nie anti-Semities of Nazigesind was nie. Honderdduisende Europeërs het die orde en reëlmaat van hul kantoor, diens of bedryf hoër gestel as hul individuele gewete.

Die verskriklike gebeurtenisse is veral veroorsaak deur 'n diepgaande kollektiewe morele ontsporing. Dis geen populêre verklaring nie, want dit impliseer dat 'n massale vervolging te eniger tyd in enige land teen 'n ander minderheidsgroep kan plaasvind. Die huidige tegniek, burokrasieë, onderdrukkings- en manipuleringsinstrumente maak dit moontlik, sê Mak.

Dit stem naastenby ooreen met wat Paul Johnson in *Modern Times* betoog, naamlik dat 'n mens die 20ste-eeuse rampe, soos dié in Nazi-Duitsland en die Sowjet-Unie, kan terugvoer tot die twee groot euwels van morele relativisme en maatskaplike ingenieurswese.

Stalin se gedwonge kollektivisasie in die Sowjet-Unie het sewe miljoen menselewens gekos – vyf miljoen in die Oekraïne, twee miljoen elders. Toe hy in 1932 die helfte van die graanoes in die Oekraïne opeis, was dit 'n doodvonnis vir honderdduisende. Boere moes honde, katte, rotte, gras, en sop van leerware eet, soms selfs mensvlees. Dit was streng verbode om oor hongersnood te praat. 'n Dokter wat gekla het dat sy suster van honger omgekom het, is gevonnis tot tien jaar tronkstraf, sonder die reg op korrespondensie.

Met "suiwering" van die land van sogenaamde "vyande van die volk" het Stalin die land van tienduisende ingenieurs, bestuurders, handelaars, boere en leëroffisiere beroof. Tussen 1929 en 1953 het sowat 29 miljoen Sowjetburgers 'n deel van hulle lewe in die kampe deurgebring.

Mak beskryf hoe die Duitse burgers teen die einde van die oorlog onder die aanvalle van die Sowjet-Unie en die Geallieerdes gely het.

Die nadering van die Russe het 'n enorme paniekreaksie veroorsaak. Miljoene Duitsers het uit Oos-Pruise, Pommere en Silesië gevlug. Teen Februarie was agt miljoen Duitsers op weg na die weste. Die nag van 30 Januarie 1945 het 'n Sowjet-torpedo 'n skip met tussen agt- en tienduisend vlugtelinge in die Oossee getref. Net 1 300 mense is gered. Dié ramp is 'n halfeeu later deur die Duitse skrywer Günther Grass aan die vergetelheid ontruk in 'n roman wat ook in Afrikaans vertaal is: *Kreeftegang*, uitgegee deur PRAAG.

Uit die weste het 'n ander bedreiging gekom – die bombardemente deur die Amerikaners en Britte. Die doel van hul "strategiese bombardement" was die uitwissing van Duitse burgers om die moreel aan die tuisfront gouer te laat ineenstort.

Baie mense sien die bombardement van die kultuurstad Dresden in die nag van 13 op 14 Februarie 1945 as 'n Geallieerde oorlogsmisdaad. Dresden het geen oorlogsindustrie gehad nie, maar was vol oorlogsvlugtelinge.

Binne 'n halfuur nadat die eerste bomme geval het, het 'n vuurstorm deur die stad geloei. Die Geallieerdes het geweet dat mure van 'n skuilkelder in 'n brandende stad ná drie uur so warm word dat die mense noodgedwonge moes uitkom. Dus het hulle gesorg dat daar 'n tweede aanval kom drie uur ná die eerste. Die burgers kon dus eintlik kies tussen die vuursee buite en die kokende skuilkelders binne. Minstens 32 000 is dood, waarskynlik meer.

Selfs die Brits-patriotiese Paul Johnson suggereer dat die strategiese bombardemente van morele relativisme getuig.

Een van die plekke wat Mak besoek het, is Tsjernobil, 'n onopvallende stad naby Kief in die Oekraïene.

Kenmerkend van die Tsjernobil-geskiedenis is hoe die Sowjet-media die ramp van 26 April 1986 dae lank vir die bevolking verswyg het. Op 2 Mei het daar paniek in Kief uitgebreek. Dit het gelyk of almal wou wegkom, soos in 'n oorlog. Eers op 5 Mei was daar 'n amptelike verklaring, en dan nog misleidend: "Daar is enkele probleme, maar daar is geen enkele risiko nie."

Wat gebeur het, was dat daar twee ontploffings in een van die vier reaktors van die kernsentrale was. Enorme radioaktiewe wolke het oor die helfte van Europa getrek. Twintig lande is besmet. In die jare daarop het duisende mense gesterf aan die radioaktiewe besmetting en kwale wat daaruit voortgekom het.

Die ramp by Tsjernobil was saam met ander gebeurtenisse soos die oorlog in Afghanistan die begin van die ondergang van die Sowjet-Unie. Soos die groot hongersnood van 1891 aangetoon het dat die tsarisme in Rusland gefaal het, het die ramp by Tsjernobil duidelik getoon hoe verdeeld, verstar en vermolm die regime geword het.

Nietemin het die komende omwenteling onverwags gekom. Vir die CIA was dit 'n volstrekte verrassing. Kenners het uit dieselfde gegewe verskillende gevolgtrekkings gemaak. Toe dit blyk dat die Sowjet-Unie twee, miskien vier maal meer aan verdediging bestee as wat die CIA gedink het, het een deskundige dit gesien as aanduiding dat die Sowjet-ekonomie op ineenstorting afstuur. Maar die CIA-topstruktuur het gereken dit toon dat die Sowjet-Unie steeds die wêreld wil verower.

Mak noem 1989 'n annus mirabilis, 'n jaar van wondere. In dié jaar het die ontbinding van die Kommunistiese ryk begin. Nege diktature het in twee jaar ineengestort, beginnend met Pole in Januarie 1989. Die mees dramatiese gebeurtenis was dié van 9 November, die val van die Berlynse Muur.

Twee voetnote: Die eerste is dat daar naas die oorloë en politieke ontwikkelings ook wetenskaplike prestasies was. Die 20ste-eeuse Europa het ook kunswerke geskep, siektes oorwin, maatskaplike hervormings deurgevoer. Tot die twintigste eeu behoort ook Thomas Mann, Rainer-Maria Rilke, J.C. Bloem, Hendrik Marsman, J. Huizinga, Ferdinand de Saussure, Roman Jakobson, T.S. Eliot, W.B. Yeats, honderde ander.

My tweede voetnoot, wat ook 'n eindnoot is, is dat 'n boek getitel *In Asië* of *In Afrika* nie minder waansin, wreedhede en onmenslikheid sou bevat nie. Waar die geskiedenis getuienis lewer van die bose aard van mense, is hierdie boosheid nie alleen te vinde in Europa of by wit mense nie, maar oor die hele wêreld en by mense van alle soorte.

---

(1) Geert Mak, *In Europa. Reizen door de twintigste eeuw*. Amsterdam / Antwerpen: Uitgeverij Atlas. 2004.

• *Hoor en sien*

Blade Runner:
Stryd om die oog

"FIERY THE ANGELS FELL, DEEP THUNDER ROLLED AROUND THEIR SHORES, BURNING WITH THE FIRES OF ORC."

Deur Stefan Louw[*]

Los Angeles, November 2019. Stad van engele. Kokonne van vuur skiet uit oor 'n nagomhulde stad, rammelend soos donderweer. Saam met die elektroniese klanke van Vangelis sweef ons, soos engele, hoog oor die vlammende pilare van industria, ongejaagd, hipnoties aangetrek soos in 'n droom, na die twee piramiedes op die gesigseinder.

Dan is ons terug by die vlammende torings. Dié slag egter, sien ons die toneel afspeel soos dit weerkaats word in die ronding van 'n oog. Ons eie oë van 'n oomblik tevore? Iemand anders s'n?

Die vensters van die hart

Oë speel 'n belangrike rol in die verhaal. Ons leer dit ken as registers van die emosie, vensters op die hart, dit waarin, ten diepste, ons die mens herken as méns, as gevoelswese, en uiteindelik die lakmoestoets waardeur mense onderskei word van replikante.

Ons swewe stadig nader aan die reusagtige piramiedes. Dis die Tyrell Korporasie, vervaardigers van geneties ontwerpde "humanoid replicants". Replikante is in alle opsigte mens, geneties selfs die mens se meerdere, ontwerp vir allerlei menslike gebruike – werkers, bediendes, soldate, vermaak.

In 'n venster staan 'n persoon en uitkyk oor die industriële landskap. Is dit die oog van die korporasie wat uitkyk oor sy uitgestrekte domein? Die onmenslike oog van produksie?

Die oog as onmenslike produk?

Ons spring vorentoe in die rolprent…

"I designed your eyes", sê die bedremmelde genetiese oogingenieur vir Roy Batty, sy ondervrager en voorvlugtende Nexus 6 replikant.

Roy glimlag met die selfvertroue van sy bomenslike talent. "If only you could see what I've seen with your eyes."

Hierin lê die magstryd in die rolprent: Deur wie se oë word daar uiteindelik na die wêreld gekyk? Jou eie, of dié van iemand anders? Dis die stryd om die besitreg van jou oë. Vandaar ook die morele dilemma van die verhaal: Roy se oë is die produk van die Tyrell Korporasie, maar terselftertyd is dit oneindig meer as net 'n produk. Dis 'n register van lewenservaring, 'n venster op 'n lewensverhaal, sensors van lewens-bepalende oomblikke wat as beelde in die geheue bewaar word.

Roy en vyf ander replikante het 'n ruimteskip, bedoel om passasiers te neem na die nuwe wêreld van die "off-world colonies", geskaak, almal daarop doodgemaak en teruggekeer aarde toe met een doel voor oë – om geneties verander te word sodat hulle vir ewig kan lewe. Replikante skiet in een aspek tekort: Hulle is ontwerp om vir net vier jaar lank te lewe.

"Questions." Roy praat stadig, afgerond, met 'n onthutsende selfvertroue in sy stem, in sy liggaamstaal.

"I have no answers. I just do eyes", prewel die ingenieur.

"Who does?"

"Mr Tyrell. He knows everything. He designed your mind."

"Smart… Not an easy man to… see, is he?"

Doktor Elden Tyrell, hoof van die Tyrell Korporasie hou uiteindelik die sleutel vir Roy en sy medereplikante. Hierdie is 'n hervertelling van 'n antieke menslike motief: die skepsel op die spoor van sy skepper – maar nie om te gaan aanbid nie. Die motief is opstand teen hul toestand, uiteindelik godsmoord. Dis die verhaal van Lucifer hierdie, die engel van die lig wat opstaan om die kroon van sy Skepper te eis; maar ook van die paradys, die versoeking om nie te sterf nie, om soos God te wees." Roy en sy makkers is die engele van die menslike spesie, die mens geneties vervolmaak. Die leuse van die Tyrell Korporasie is nie om dowe neute "more human than human" nie.

Hier vind ons egter 'n ironiese ommekering: Replikante bevind hul nie in die paradys nie. Inteendeel, hulle is die slawe van die menslike spesie. Geskep om meer te wees as hul meerdere, maar gebruik om minder te wees as hul mindere.

Die morele dryfkrag agter Roy en sy makkers se soeke is dus dubbelsinnig. Hierdie is nie bloot 'n versugting om vergoddeliking nie. Dis eerstens bloot die versugting om vermensliking, om mens te wees, en nie bloot produkte, objekte vir gebruik nie. Dit kom veral na vore in die replikante se diep verlange om vry te wees, veral vry van vrees. "Quite an experience to live in fear, isn't it? That's what it is to be a slave", sal Roy later in die rolprent opmerk teenoor Deckard, die polisieman wat hulle moet opspoor en "retire" (lid van 'n spesiale eenheid genaamd "blade runners").

Aan die hart van die styd om vermensliking lê egter die stryd om die oë. As Roy uiteindelik vir Tyrell

[*] *Leraar, NG-gemeente Melville*

ontmoet dan is dit deurslaggewend dat Roy hom vermoor deur sy vingers in sy oë in te druk.

Ons is terug by ons openingstoneel. Dit eindig waar ons ingeneem word binne die piramiede. 'n Aankondiging klink deur die lug: "New subject, Kowalski, Leon." Daar's 'n klop aan die deur. Leon Kowalski word ingenooi om te kom sit. Hy moet een of ander toets doen. 'n Eienaardige apparaat word opgestel met 'n lens waarin die oog van die ondervraagde gemonitor en op 'n skerm vergroot word. Dis die sogenaamde VOID COMP toets, ontwerp om emosionele respons af te lees uit fluktuasies in die iris aan die hand van emosioneel uitlokkende vrae wat gestel word aan die ondervraagde. Die toets het een doel voor oë: om replikante uit te ken.

Behalwe replikante se verkorte lewensduur skiet hulle tekort in 'n tweede beslissende aspek: menslike emosies. Omdat replikante net vier jaar het om te leef, het hulle bitter min tyd om 'n subjektiewe ervaringswerklikheid op te gaar en laat dit hulle emosioneel onervare. Om die impak van hierdie gebrek aan emosionele ervaring te versag, word replikante voorsien van 'n ingeplante wêreld van herinneringe, 'n fiktiewe geheue van 'n fiktiewe verlede. Hierdie subjektiewe herinneringswêreld van gebeure uit die verlede bied 'n fiktiewe kussing van emosionele sekuriteit vir die replikante.

Nieteenstaande hierdie feit bly die effektiefste manier van uitkenning om hulle gevoelskapasiteit af te lees uit die oog. In sy laaste en mees gevorderde model, die Nexus 6, slaag doktor Elden Tyrell daarin om die emosionele sofistikasie van die replikant tot op so 'n vlak te ontwikkel dat die VOID COMP toets vier keer langer duur as gewoonlik om 'n replikant uit te ken.

Herinnering as gemoedsbeelde

Die mens in hierdie verhaal is mens omdat hul diep emosie kan beleef. Deel van die aangrypende in die rolprent lê juis in die fyn manier waarop die replikante in die verhaal as ontluikende gevoelswesens, en dus as ontluikende mense voorgestel word.

Daar is die treffende toneel waar die replikant Zhora, wanneer sy deur Deckard uitgesnuffel word, met intense vrees hom aanval en dan vlug, om minute later dramaties te sterf as sy deur ruit na ruit van winkelsvensters vol winkelpoppe bars met Deckard se koeël in haar rug. Haar angs om te bly leef, om nie te sterf nie, om méns te wees, misluk. Sy slaag nie daarin om uit die glashoktronk van haar bloot instrumentele bestaan te ontsnap nie, om bloot net 'n pop, 'n verbruiksartikel te wees nie. As sy dood op die sypaadjie bly lê, is sy bloot 'n winkelpop.

Tog is dit juis hierdie intense doodsangs wat haar diep, eg menslik maak in haar laaste oomblikke, en wat maak dat ons as kykers ons eie menslikheid in haar erken en met haar begeerte om volledig mens te wees, identifiseer. Wat is die diepste verlange in die mens anders as die verlange om volledig mens te wees?

Dan is daar die toneel waar Rachael, replikant wat persoonlik vir doktor Tyrell self werk, en self nie weet dat sy 'n replikant is nie. Sy word deur Deckard ingelig dat haar intieme en persoonlike herinneringe uit die verlede bloot inplantings is as hy dit in detail vir haar oorvertel. Die foto van haar en haar ma toe sy klein was, is herinneringe wat behoort aan iemand anders: Tyrell se niggie.

Die skok, ontnugtering en teleurstelling word treffend deur die stilswye van haar trane verwoord. Met hierdie emosionele ontluiking begin Rachael egter om as egte mens te ontwaak. As sy later Deckard se lewe red wanneer die replikant Leon op die punt is om hom dood te maak, en sy hom doodskiet, demonstreer sy op dié wyse haar opstand teen haar eie soort en haar verlange om méér te wees, mens te wees.

Na hierdie moord op haar eie staan sy bewend van die skok in Deckard se woonstel. Sy voel!

"Shakes? Me too. I get them bad. Its part of the business."

"I'm not in the business… I am the business."

Deckard, die een wie se besigheid dit is om replikante te "retire", is besig om te ontwaak tot die feit dat hy nie meer aan Rachael kan dink as besigheid, as 'n wegdoenbare objek nie. In sy woorde vroeër aan Rachael: "Replicants are like any other machine. They are either a benefit or a hazard. If they're a benefit its not my problem." In Rachael word 'n replikant egter mens. As iemand vir wie hy gevoelens koester. Die aard van hul verhouding is besig om te verander soos albei se karakters ontwikkel. Beide is besig om te ontdek hoe die liefde instrumentele rasionaliteit kortsluit.

Soos wat hul gevoelens vir mekaar verdiep, verdiep Rachael se menslikheid. Daar is die pragtige toneel waar sy voor Deckard se klavier gaan sit en haar styfgespande hare losmaak en so, terwyl sy na die foto's voor haar kyk van Deckard se familie, sy letterlik transformeer vanaf 'n gestileerde replikant van die Tyrell Korporasie na 'n beeldskone vrou met krullende hare wat oor haar skouers val. 'n Klassieke skoonheid. Sy begin klavier speel en Deckard kom sit by haar.

"I didn't know if I could play. I remember lessons, but I don't know if its mine or Tyrell's niece's."

"You play beautifully."

Hy begin haar soen. Sy wil vlug, maar Deckard keer haar voor.

"Say 'Kiss me.'"

I can't. I'm a…"

"Say 'Kiss me.'"

"Kiss me."

"I want you."

"I want you… Put your hands on me."

Soos wat haar ontluikende aangetrokkenheid vir Deckard op dié wyse begelei word tot die oorgawe van die liefdesdaad, word sy volkome mens, met ander woorde, ken sy die volheid van die diepste menslike emosie – liefde. Op dieselfde wyse word haar herinneringe ook eg, met ander woorde, word hierdie 'n herinnering wat sy werklik self besit.

Mense: Speelgoed en werkgoed

Deel van die krag van die verhaal lê daarin dat dit in karakters wat suiwer funksionele waarde het, met ander

woorde produkte, die diep behoefte plant om eg menslik te wees. So lewer die rolprent 'n vlymskerp kritiek op die intrumentele rasionaliteit van die moderne marklogika waar mense waarde het bloot tot die mate waarin hulle nuttig is. Die verbruikte mens se versugting om werklik mens te wees maak hul meer mens as die mens wie se versugting dit is om bloot met hul werklikheid om te gaan as middel tot 'n doel. Die sleutel tot menswees lê juis in die ryk nieliniêre kompleksiteit van die menslike gemoedswêreld wat die liniêre benuttingslogika kortsluit, en 'n gemeenskapstigtende krag is omdat dit mense aan mekaar bind deur die intuïtiewe selfherkenning en identifisering en empatie.

In die verband is daar 'n pragtige dubbele ommekering in die verhaal. Roy stuur sy vroulike replikant Pris uit om die vertroue te gaan wen van die een persoon wat hulle kan uitbring by doktor Tyrell, naamlik ene J.F. Sebastian. Hy is 'n genetiese ontwerper, en woon alleen in 'n verlate woonstelblok. J.F. Sebastian het 'n intieme verbintenis met die replikante op 'n paar vlakke. Alhoewel hy alleen bly, is hy nie alleen nie. Hy het vir hom tientalle "vriende" gemaak – genetiese poppe en speelgoed wat sy huis vol lewe en ryk aan karakters maak. Verder is 'n deel van die Nexus 6 replikante se ontwerp deur hom gedoen, en sit sy vingerafdrukke as't ware op hulle. Maar daar is veral 'n derde aspek wat hom bykans een met die replikante maak: methusalag sindroom, oftewel oumenssiekte. Alhoewel hy maar vyf-en-twintig is, is sy biologiese ritme uitgelewer aan 'n versnelde verouderingsproses, en lyk hy heelwat ouer.

Die ironie hier is dat Pris en Roy vir J.F. bloot sien as 'n middel tot 'n doel, terwyl J.F. met egte weerloosheid en gasvryheid en bewondering optree teenoor sy gaste. Een van die mees menslike oomblikke in die verhaal is waar Pris, wat haarself as 'n straatloper voordoen, vir J.F. inwag onder die rommel voor sy ingang. Op dié stadium weet die kyker nog nie dat Pris 'n agenda het nie.

As hy in 'n taxi opdaag, maak Pris asof sy skrik, laat haar sak doelbewus val en wend 'n harfhartige weghardlooppoging aan.

"Hey!" Sy draai om.

"You forgot your bag." J.F. se stem is gerusstellend. Sy loop versigtig terug, gryp dit en staan terug. Daar is 'n oomblik van stilte.

"I'm lost."

"Don't worry. I won't hurt you." J.F. vroetel selfbewus rond. "What's your name?"

"Pris." Die antwoord kom gretig, te vinnig.

"I'm J.F. Sebastian."

"Hi."

"Hi." Weer 'n ongemaklike stilte wat hang tussen aangetrokkenheid en skaamte.

"Oh, where were you going? Home?"

"I don't have one." Sy lyk bedremmeld, nat, hulpeloos.

Sebastian knik simpatiek. Na nog 'n stilte maak hy met 'n verskonende gebaar aanstaltes om in te gaan. Pris reageer vinnig.

"We sure scared each other pretty good, didn't we?" Sy giggel.

"We sure did." Weer die ongemaklike stilte.

"I'm hungry, J.F." Dis 'n duidelike pleitdooi.

"I got stuff inside. Do you wanna come in?"

"I was hoping you would say that." Sy glimlag verleë maar dankbaar.

J.F. glimlag breed. Hy's oorrompel. As hy wegdraai, is haar glimlag egter weg.

Wanneer Pris in J.F se woonstel inbeweeg, tranformeer sy in voorkoms vanaf 'n weerlose mens na 'n speelpop. Haal vel word kalkwit en leweloos, haar oë, daardie registers van egte menslikheid, verf sy rondom swart.

Die dubbele ommekering hier is dat Roy en Pris se soeke na menslikheid eintlik 'n dieper skans is in hul soeke na bomenslikheid. In dié sin oorspring hulle die belofte van ware bevryding, opgeluit in 'n nie-instrumentele verhouding met die egte mens J.F., en beland hulle op dieselfde morele speelveld as Tyrell, wat aan die wêreld rondom hom dink as bloot manipuleerbare middele. Roy se veragting van die mens en sy tekortkominge is ten diepste 'n weerspieëling van Tyrell se sentiment as hy homself uitspreek oor Rachael: "She's an experiment, nothing more." Roy kyk neer op die mens en koester 'n diep wrok teenoor sy maker as sy meerdere mindere, as die een wat hom die Achilles-hiel gegee het van sy sterflikheid, maar tog in alle ander opsigte sy mindere is. Tyrell kyk neer op sy produkte as verlengings van sy eie ego. So speel die ou profesie homself uit, dat die onderdrukte uiteindelik sy onderdrukker naboots en self die onderdrukker word.

Supermens en die dood

Die konfrontasie tussen Tyrell en Roy is uiteindelik die konfrontasie, nie om menslikheid nie, maar om goddelikheid. Op 'n manier is Roy Tyrell se alterego wat hom uiteindelik inhaal: Sy eie bes ontwikkelde instrument eis uiteindelik van hom om instrument te word, om vir Roy 'n finale middel tot 'n doel te wees, naamlik om Roy van ewige lewe te voorsien. In die konfrontasie tussen skepsel en skepper word die masker van goddelikheid van albei afgeruk. Roy ontdek dat sy soektog futiel was. Hy moet sterf soos alle ander replikante. Tyrell ontdek dat sy rol as skepper, as gewer en nemer van lewe, self 'n illusie was. Hy sterf onder die hande van sy eie skepsel. Die dood ontmasker albei. Albei misluk uiteindelik as mense.

In die laaste ure van Roy se lewe vind hy egter wel gedeeltelike verlossing. In sy konfrontasie met Deckard in die laaste tonele van die rolprent sien ons hom worstelend vrede maak met sy eie dood. Hy draai wel die rolle om – Deckard word die gejagde en hy die jagter, maar nou nie meer die jagter as supermens nie, maar as onmens, as dier, as kreet. Sy laaste woorde aan Deckard is 'n oorgawe aan sy menslikheid, en ons sien egte menslike emosie as hy sy mooiste herinneringe oproep:

"I've seen things you people wouldn't believe. Attack ships on fire off the shoulder of Orion. I watched C-beams glitter in the dark near the

Tannhauser Gates. All those moments will be lost in time, like tears in rain. Time to die."

"Fiery the angels fell, deep thunder rolled around their shores, burning with the fires of Orc." Roy haal hierdie woorde van Blake vroeër in die verhaal aan, met 'n effense aanpassing: die oorspronklike teks sê: "Fiery the angels *rose*…"

Blade Runner is ten diepste 'n ondersoek na dit wat ons menslik maak in die lig van die verabsolutering van mense as blote produkte, blote instrumente (of replikante) in die hande van die mark en die industrie (the fires of Orc). Die verhale van Rachael en Roy is uiteindelik twee antwoorde op hierdie ekstreme funksionalisering van die mens: Dié van vergoddeliking deur opstand (the angels – Roy en sy makkers), en dié van vermensliking deur terugeiening van 'n eie subjektiewe herinnerings- en gemoedswerklikheid (Rachael).

Net waar ons diep geraak word, in ons kosbaarste herinneringe, geaksentueer deur die vervlietendheid en broosheid van die lewe, net daar is ons eg mens.

• *Hoor en sien*

Musiekrubriek

Deur Herman van Niekerk*

Die hoofdoel van hierdie musiekrubriek is om musiekinligting te kommunikeer wat nie noodwendig algemeen en gereeld ons (oor-) drempels bereik nie – of waaraan mens nie aldag blootgestel word nie. Die doel van die inhoud is *hoofsaaklik* inligtinggewend, soms aanbevelend en partykeer vertolkend. Ons wil veral fokus op nuwe en moontlik *minder toeganklike* musiekinligting.

U word genooi om inligting oor musiek aan ons te verskaf (of sommer bloot te laat weet van musikale aksies waarvan ons kan kennis neem), en ons sal poog om blootstelling daaraan te verleen met inagneming van ons rubriekdoel en die beskikbaarheid van bladruimte vir 'n spesifieke uitgawe. Stuur mediaverklaring en inligting aan: *Die Vrye Afrikaan: Musiek,* Posbus 1010, AUCKLANDPARK 2006, of stuur 'n vonkpos aan mccosa@ibi.co.za. Kommunikasie is enige tyd welkom, maar indien dit vir publikasie oorweeg moet word, moet inligting ons asseblief *minstens ses (6) weke* voor die publikasiedatum van 'n spesifieke uitgawe bereik. – byvoorbeeld: indien inligting vir Desember 2006 oorweeg moet word, moet dit ons teen 15 Oktober 2006 bereik.
Ons hoor graag van u!

Eietyds

Niel Immelman speel klaviermusiek van Josef Suk
Die pianis, **Niel Immelman** is in Bloemfontein gebore en sy eerste klavieronderrig was van sy ma - en bekende klavierpedagoog- Nettie Immelman. Hy fokus op klavierkomposisies van die Tjeggiese komponis, Josef Suk (1874-1934 - Dvořák was vir 'n tyd lank Suk se komposisie-leermeester, en lateraan vir 'n báie lang ruk ook sy skoonpa!) in nie minder nie as vier omvattende CD's wat die afgelope paar jaar uitgereik is deur die Britse platemaatskappy, Meridian.
Na matriek in Bloemfontein, vertrek Niel Immelman na die Royal School of Music in Londen en studeer onder Cyril Smith, Ilona Kabos en Maria Curcio. Bernard Haitink het Niel as student 'raak geluister' en hom genooi om Rachmaninov se *Rapsodie op 'n tema van Paganini* saam met die Londense Filharmoniese orkes uit te voer. Hierdie voortreflike debuut is gevolg met uitnodigings vir verdere uitvoerings saam met dieselfde orkes en ander orkeste in die Royal Festival-saal, die Royal Albert-saal en ook in die Amsterdamse Concertgebouw – en so het Niel Immelman en sy klavierspel hom oor die wêreld bekend gemaak en geneem… Sy repertorium is omvattend en hy gee veral ook aandag daaraan om minder bekende werke bekend te stel van komponiste soos Bloch, Dale, Eisler, Roslavets en dan natuurlik Suk.

(***SUK Piano Works Volume 1* Meridian CDE 84269; *SUK Piano Works Volume 2*; *Summer Impressions*, Meridian CDE 84317; *SUK Piano Works Volume 3*, Meridian CDE 84382; *SUK Piano Works Volume 4*, Meridian CDE 84442.**)

Jazz in ons voorkamer…

Die jaarlikse **Joy of Jazz** van Standard Bank vind vanjaar vanaf 24 tot 26 Augustus in Johannesburg plaas. Die fees vorm deel van Standard Bank se jaarlikse Joy of Jazz-projek wat landswyd dwarsdeur die jaar plaasvind, en is ook telkens een van Johannesburg se voorste jazzgebeure. Hoe kan dit dan ook anders as daar name soos Jonathan Butler, Jamie Cullum, Jimmy Dludlu, Brandford Marsalis en Ramsey Lewis op die spyskaart is?
Die volledige program is soos volg:

- **Standard Bank Arena**:

Bespreekte sitplekke
Dag 1 Donderdag 24 Augustus / 19.00-23.00: Standard Bank Arena: Jonathan Butler en Jamie Cullum;

- **Jazz Dome**

Beperkte sit en -staanplek
Dag 2 Vrydag 25 Augustus / 19.30-01.00
Themba Mkhize, Brenda Russell en Jonathan Butler
Dag 3 Saterdag 26 Augustus / 19.30-01.00
Jimmy Dludlu, Brenda Russell en Jamie Cullum;

- **Bassline**

Onbespreekte sit- en staanplek
Dag 2 Vrydag 25 Augustus / 20.00-24.00
NYJB, Avishai Cohen en Branford Marsalis
Dag 3 Saterdag 26 Augustus / 20.00-01.00:
NYJB, Edith Klug met VOICE, Avishai Cohen en Branford Marsalis

- **Markteaterkompleks se Hoofteater**

Bespreekte sitplekke
Dag 2 Vrydag 25 Augustus / 19.30-23.30
Ramsey Lewis, Nonkukhanya Dlamini en Nnenna Freelon
Dag 3 Saterdag 26 Augustus / 19.00-23.30
Ramsey Lewis, Phinda en Nnenna Freelon

- **Mbira Verhoog**

Onbespreekte sit-en staanplek
Dag 2 Vrydag 25 Augustus / 20.30-00.30

* *Inligting vir hierdie rubriek word onder andere voorsien deur die Musiekkommunikasiesentrum van Suider-Afrika (MCCOSA) en die Internasionale Assosiasie vir Musiekinformasiesentrums (IAMIC). Die samesteller is Herman van Niekerk – mccosa@ibi.co.za en Posbus 1010, AUCKLANDPARK, 2006 Suid-Afrika.*

Johnny Clegg, Tucan Tucan, die African Guitar Summit met Jimmy Dludlu, Alvin Dyers, Kunle en Louis Mhlanga
Dag 3 Saterdag 26 Augustus / 20.30-00.30
Lgbaja (van Nigerië), Concord Nkabinde en die African Soul Sisters met Nkykhanya Dlamini, Thembisile, Nombulelo Magethuka, Wanda Baloyi en Corlea Botha.

Besprekings is by Computicket (computicket.com) en verdere inligting by www.joyofjazz.co.za.

Van alles en nog wat…

- **Musikale Seereis**

Al ooit daaraan gedink om 'n musikale uitstappie ter see te onderneem? Nou is die geleentheid om te bespreek vir 'n 13-nag toer op die luukse passasiersboot, *Die MV Deutschland* vanaf 21 April tot 4 Mei 2007. Die gashere vir die toer is Richard Cock (bekende musikus van Johannesburg) en sy vrou Sue. Die boot vertrek vanaf Venesië en die vaart eindig op 4 Mei in Bordeaux – met haltes in onder meer Spanje en Portugal. Die toer kos ongeveer £1662. Vir meer besonderhede kontak Development Promotions (011-339-4865) en e-pos na res@dpgsa.co.za.

- **Karin Hougaard CD *Hartstukke***

(Uitgereik deur Next Music 011-880-7634 en info@nextmusic.co.za. www.karinhougaard.co.za.)
Die album met 24 snitte is onlangs uitgereik en kan gerus aangeskaf word. Karin het hoofsaaklik die teks geskryf en musiek gekomponeer. Ander medewerkers is onder andere Herman van Veen, Edith Leerkes, Henk van der Schalk, Charl du Plessis, Anne van Veen, Jonathan Crossley, Jacqueline Finley en Lulu van der Walt.

- **Denise Jannah**, wêreldbekende jazzsangeres en haar kitaarbegeleier, Wolf Martini, was onlangs op besoek in Suid-Afrika en het in Pretoria en Bloemfontein opgetree voor geesdriftige gehore. Sy het haar jongse CD, *Gedicht Gezongen* saamgebring waar sy – buiten gedigtetoonsetting uit Nederland en Suriname (haar geboorteland), ook onder andere 'n toonsetting van C. Louis Leipoldt sing. Daar is ook gerugte dat sy verdere verwerkings uit Afrikaans vir komende CD's gaan doen…

Hierdie CD van haar is uitgereik deur Plattèl Musiek en meer inligting is beskikbaar by www.denisejannah.com en info@denisejannah.com.

- **BBC Proms** in die Royal Albert-saal in Londen – nog aan tot en met 9 September: www.bbc.co.uk/proms.
- **Internasionale Gaudeamus Musiekweek** vind van 3-10 September 2006 in Amsterdam plaas. Dis hoofsaaklik 'n week vir nuwe musiek en vanjaar was onder andere 'n Suid-Afrikaanse komponis, Jürgen Bräuninger, lid van die jurie. Vir meer inligting oor die Musiekweek, gaan na www.gaudeamus.nl.
- Nog 'n kompetisie wat deur die Gaudeamus Stigting in Amsterdam aangebied word, is die **Internasionale Gaudeamus Interpreteerderskompetisie** wat van 15-22 April 2007 plaasvind. Meer inligting is beskikbaar per e-pos na interpreters@gaudeamus.nl
- Die **Berlynse Festspiele** vind plaas vanaf 1-17 September 2006. Meer inligting by esse@berlinerfestspiele.de asook www.musikfest-berlin.de.
- In Pole vind die jaarlikse **kontemporêre fees *Warsaw Autumn*** van 22-30 September 2006 plaas. Meer inligting beskikbaar op www.warsaw-autumn.art.pl en festival@warsaw-autumn.art.pl.

Gemeenskappe binne en buite swaar deure:
The White Countess

KAN 'N MENS JOUSELF VERSKANS TEEN DIE POLITIEKE SKOMMELINGE EN CHAOS WAT BUITE JOU HUIS SE SWAAR DEURE DREIG? IS DIT IN ELK GEVAL RAADSAAM OM SELFS TE PROBEER OM JOUSELF TE BEVEILIG TEEN DIE WÊRELD DAARBUITE? OF IS DIT BETER OM DIE DEURE OOP TE GOOI EN DIE WÊRELD MET DURF AAN TE PAK VOORDAT DIE DEURE VAN JOU VESTING AFGEBREEK WORD? HIERDIE GRONDVRAE OOR ONS BETROKKENHEID BY DIE GEMEENSKAP DAARBUITE, ASOOK HIERBINNE DIE SOGENAAMD VEILIGE VESTING, WORD IN DIE FILM *THE WHITE COUNTESS* (JAMES IVORY, 2005) BELIG.

Deur Amanda du Preez*

Dit is maklik om te verstaan waarom die hoofkarakter, Todd Jackson (Ralph Fiennes), ontnugterde Amerikaanse diplomaat in Sjanghai van 1936 teen die agtergrond van die Sjinese Ryk se val, homself van die politieke wêreld onttrek het. Hy het immers sy sig verloor op tragiese wyse, asook sy vrou en later sy dogtertjie. 'n Mens kan redeneer dat dit juis as gevolg van sy oordrewe betrokkenheid by die politieke wêreld daarbuite was dat hy die duur prys van sy sig moes betaal. Todd Jackson maak ook 'n belofte aan sy dogtertjie wat onmoontlik is om na te kom, naamlik om altyd by haar te bly. Hy moes geweet het dat hierdie belofte hom duur te staan sou kom en daarom het hy sedertdien besluit om geen beloftes te maak of verpligtinge na te kom nie. Todd besluit om liewer van een nagklub tot die volgende te beweeg op soek na 'n veiliger tuiste buite die gegons van die diplomatieke kringe. Hy word 'n buitestaander in Shanghai wat slegs op soek is na 'n bietjie skoonheid in 'n andersins malende stroom van chaos.

In die Japannese diplomaat, mnr. Matsuda (Hiroyuki Sanada), vind Jackson 'n waardige teenspeler en gedugte kameraad in sy sug na skoonheid. Mnr. Matsuda is ook skynbaar op soek na dieselfde stukkie volmaaktheid tussen die brokstukke. Saam besoek hulle verskillende nagklubs en vergelyk elkeen se potensiaal om 'n hemel op aarde te word. Opsigselfstaande vorm die nagklubs waarin prostitute, mimiek- en kabaretkunstenaars optree skynbaar eilande van vertroosting vir die twee mans en die ander besoekers. Tog is die nagklubs gebou op die pyn en vernedering van andere, soos byvoorbeeld die Russiese aristokrasie, wat voor Lenin se Kommunistiese revolusie na Sjanghai moes vlug met die hoop op beter geleenthede. Gravin Sofia Belinsky (Natasha Richardson) is so 'n aristokratiese vlugteling wat nou haar liggaam en geselskap moet verkoop in een van die nagklubs ten einde haar familie te onderhou. Alhoewel sy deur haar familie moreel veroordeel word oor haar sogenaamd immorele optrede as gesellin, ontvang hulle altyd weer die geld wat sy inbring met gretige hande. Haar familie probeer hulleself steeds handhaaf as aristokrasie in hul nuwe ellendige omstandighede, deur hulself byvoorbeeld as meerderwaardig te bestempel teenoor die Joodse familie wat onder hulle bly, asook die ander Sjinese families waartussen hulle woon. Hulle trek dus 'n duidelike grens tussen die binne- en buitekant van hulle gemeenskap.

Die Gravin, nieteenstaande hulle veroordeling, word egter haar familie se middel tot oorlewing. Deur die gevaarlike buitekant van haar gemeenskap en die familie te betree, maak sy inderdaad die "binnekant" van haar familie enigsins moontlik. Deur politieke skommelinge en chaos het Gravin Sofia Belinsky geleer dat sy die veilige hawe van haar tuiste moet verlaat en alles moet prysgee ter wille van oorlewing. Sy moes die skoonheid van veiligheid prysgee (wat agter swaar deure gegrendel was) as gevolg van die sublieme chaos waarin haar stand gedompel is. Sy is gedwing om die politiek van geslagtelikheid te betree en sodoende te oorleef. Sy vind geen veilige tuiskoms nie, en het nie eers 'n bed waarin sy haar self kan tuismaak na 'n nag se harde werk nie. Sy word 'n politieke gesant wat leer hoe om behendig met moeilike kliënte te onderhandel, selfs voornemende boewe te identifiseer om te kan oorleef. So red sy Todd Jackson dan ook van 'n potensieel gevaarlike situasie waarin hy beroof kon word. Op sy beurt weer vind Jackson in haar stem die vertroosting dat hy wél die ideale bron van sy hemel op aarde gevind het. Hy vra die Gravin om as sentrale vertoonstuk in sy nuwe salon, *The White Countess,* op te tree. Ware skoonheid kan volgens Jackson gevind word in 'n kombinasie van die tragiese en die grasieuse. Gravin Sofia Belinsky is ongetwyfeld stylvol en haar omstandighede beslis

* *Senior lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van* South African Visual Culture*, Pretoria: Van Schaik, 2005*

tragies, en as sulks vertolk sy die rol van die "Wit Gravin" in die klub perfek. Sy is meestal in wit geklee as 'n suiwer bron van volmaaktheid, met geen verlede of toekoms buite die huidige skone bestaan in die klub nie.

Wat egter werklike tragies is, is dat Todd Jackson afsydig en onbetrokke teenoor haar pyn en agteruitgang staan. Hy verkies byvoorbeeld om glad nie met haar te praat oor haar lewe buite *The White Countess* nie. Al waarin hy belangstel, is haar tydlose bestaan binne die mure van sy klub. Die onmenslikheid van hierdie uitsluiting van haar lewe buite die klub word algaande duidelik -- ook aan Todd Jackson. Dit is wanneer hy die Gravin se dogtertjie eendag buite die veilige skanse van sy klub ontmoet dat sy siening begin verander. Die wêreld wat hy so graag buite sy salon wou hou, is besig om sy veilige hawe te infiltreer op meer as een wyse.

Dit is nie net sy private gevoelens vir die Gravin wat sy skanse laat verkrummel nie, maar ook mnr. Matsuda se aktiewe inlok en uitnooi van die buitewêreld met sy politieke spanninge wat Todd Jackson se vesting ondergrawe. In hulle gesprekke word dit duidelik dat Jackson 'n aanhanger is van die beheerbare en omgrenste skone, terwyl mnr. Matsuda hunker na die groter doek van die lewe met sy sublieme ondertone. Mnr. Matsuda is meer geïnteresseerd in die chaotiese wêreld daarbuite waar sublieme politieke kragte regeer. Tydens die inval van Sjanghai deur die Japannese, wat klaarblyklik deur mnr. Matsuda georkestreer is, staan hy dan ook soos die spreekwoordelike oog van die storm en toekyk vanuit die hoogte terwyl die stad in chaos en rook verval. Onwillig om sy verlies te erken, sit Todd tydens die val van die stad steeds in sy klub en wag dat die groter chaos daarbuite die skoonheid van sy vesting moet verdring. Kan daar nog selfs sprake wees van 'n skerp onderskeid tussen "binne" en "buite"? Hy het geen antwoord en geen verweer meer teen die aanval van buite nie. Eers toe hy besluit om die "veiligheid" van sy vesting te verlaat en die Gravin te gaan soek, kan hy die kortsigtigheid van sy eie standpunt "deursien". Hy verklaar immers aan die Gravin voordat sy en haar familie vlug, dat hy nooit geweet het hoe mooi sy werklik is nie, want hy is eintlik maar 'n blinde man. Sy blindheid strek op vele vlakke.

Weerloos, met slegs sy wit stok gewapen, durf hy die chaos van Sjanghai aan, loop homself in verskeie uiters gevaarlike situasies vas, maar vind gelukkig die Gravin en haar dogter. Hulle vlug uit die brandende stad, en alhoewel hulle toekoms skynbaar uitsigloos is, is daar die insig dat die skone wel in die sublieme chaos gevind kan word. Geen swaar deure of mure kan die skone binne of die sublieme buite hou nie. Die gemeenskap of tuiste wat liefde bied, tussen die skone en sublieme, vind altyd 'n kortpad na binne of na buite toe.

Die Vrye Afrikaan (www.vryeafrikaan.co.za) word uitgegee deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK). Dit verskyn elke derde Vrydag van die maand, met inbegrip van die Afrikaanse mini-uitgawe van *Le Monde diplomatique*. Intekening kos R30 per maand vir die papieruitgawe, en R20 per maand vir die elektroniese uitgawe. Rig korrespondensie aan *Die Vrye Afrikaan*, Posbus 675, DURBANVILLE, 7551 of aan redakteur@vryeafrikaan.co.za.

Redakteur: Johann Rossouw, skrywer en spesialis in die filosofie van die tegniek, navorsings- en kommunikasiebeampte van die FAK.

Redaksionele raad:
Carel (iv) Boshoff, gemeenskapsaktivis van Orania en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Pieter Duvenage, besoekende professor in filosofie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth en skrywer van onder meer *Habermas and Aesthetics*
Hermann Giliomee, buitengewone professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en skrywer van onder meer *Die Afrikaners*
Danie Goosen, mede-professor in godsdienswetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, voorsitter van die FAK en skrywer van tientalle akademiese en koerantartikels
Roland Henwood, lektor in politieke wetenskap aan die Universiteit van Pretoria, ondervoorsitter van die FAK en mederedakteur van *Hydropolitics in the Developing World: A Southern African Perspective*
Kallie Kriel, verantwoordelik vir Solidariteit se Gemeenskapsalliansie en mederedakteur van *Struggle Rugby*
Lawrence Schlemmer, direkteur van die Helen Suzman-stigting asook Markdata en mederedakteur van onder meer *Kruispad*
Marinus Schoeman, medeprofessor in filosofie aan die Universiteit van Pretoria en skrywer van *Generositeit en Lewenskuns: Grondtrekke van 'n post-Nietzscheaanse etiek*

Redaksie:
Elirea Bornman, mede-professor in kommunikasiewetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, spesialis in kwessies van etniese en maatskaplike identiteit
Francois Bredenkamp, navorsingsdirekteur van die Garankua-kampus van die Tshwane University of Technology, spesialis in Middeleeuse Bisantynse politiek en vertaler van Markus Aurelius se *Bepeinsinge*
Ampie Coetzee, emeritus-professor in Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en skrywer van onder meer 'n *Hele os vir 'n ou broodmes*
Heilna du Plooy, professor in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-universiteit en skrywer van onder meer die digbundel *In die landskap ingelyf*
Amanda du Preez, senior-lektor in beeldende kunste aan die Universiteit van Pretoria en mederedakteur van *South African Visual Culture*
Deon Geldenhuys, professor in politieke studies aan die Universiteit van Johannesburg en skrywer van onder meer *Internasionale Isolasie: Suid-Afrika in vergelykende perspektief*
Koos Malan, mede-professor in regte aan die Universiteit van Pretoria en spesialis in regsfilosofie, staatsreg en minderheidsvraagstukke
John Miles, skrywer van *Die Buiteveld* en etlike ander romans
Desmond Painter, lektor in sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en spesialis in maatskaplike en kulturele sielkunde
Hans Pienaar, digter, dramaturg en joernalis verbonde aan die Independent-groep
Dioné Prinsloo, senior-lektor in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika en spesialis in die geskiedenis van vroue in Suid-Afrika in die 20ste eeu, asook Afrikaanse kultuur

Redaksiesekretaresse: Sarie Marais, 012-326-8646, <faklede@mweb.co.za>
Taalversorger: Susan Roets <sroets@polka.co.za>
Uitlegredakteur: Hermien Brits <kbrits@mweb.co.za>
Kunstenaar: Elsabe Milandri <elsabe27@gmail.com>